Palimpses – Johann de Lange

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

Palimpses

Trees write against the blue
uncreased sky things
nobody understands.
Lodgers arrive with axes
and fell the trees.
Mills saw and grind
and pulp and press the wood.
The trees are quiet;

silent, only until the clattering
with typewriter
from even the finest grain
lets the whole gamma of word
and pain, circle upon circle,
ring through this morning.

(Translated by the poet)

TEMA PALIMSES

Vernietiging en herskepping.

Die papier waarop ons skryf, was eens ’n boom. Bome word afgekap om papier te maak (vernietiging van natuur) en dan word iets nuuts weer geskep op die papier bv. die skryf van stories, gedigte, ens.

Het jy al ooit gewonder wat bome aan ons sou wou sê as hulle kon praat? Dink jy dat iemand namens bome moet praat? Hier dalk die digter? Kan die afkap van bome geregverdig word?

TITEL

“Palimpses” is ’n antieke perkamentrol (parchment scroll) en kan meer as een keer gebruik word. Vir monnike was dit baie kosbaar. Die perkament kan hergebruik word deur dit wat jy nie meer wil hê nie (die oorspronklike skrif) uit te vee/af te krap en daaroor te skryf. Dit kan dus ten minste twee keer gebruik word. Te danke aan moderne tegnologie vandag kan die eerste boodskap ook gelees word.

“Palimpsestos” is ’n Griekse woord en die letterlike betekenis is: iets wat skoon gevryf is.

Die titel is geslaagd want in die gedig gaan dit om vernietiging en hergebruik.

BOU (TIPOGRAFIE)

Uiterlik is die gedig ’n moderne weergawe van ’n sonnet (14 Versreëls). Strofe 1 = agt versreëls (oktaaf) en die tweede strofe = ses versreëls (sestet). Die sestet word saamgebind deur die eindrym wat in versreëls 11 en 14 voorkom.

Omdat daar nie regdeur die gedig eindrym is nie, lyk dit nie soos die tradisionele sonnet nie. Dit is egter ’n sonnet, want in die oktaaf kry ons ’n beeld en in die sestet die toepassing = Italiaanse sonnet.

(Innerlike bou) In die eerste strofe word ’n beeld geskep van die houtkappers wat die bome afkap en papier daarvan maak. In die tweede strofe kry ons die toepassing van die beeld wanneer iets geskep word deur op die papier te skryf.

<u>Strofe 1</u>

Beeld = Bome word afgekap en papier word daarvan gemaak.

In die eerste strofe kry ons die vernietigingsproses van die natuur ter wille van menslike behoeftes.

1	Bome skryf teen die blou
2	kreukellose lug dinge
3	wat niemand verstaan nie.

Versreël 1 = beeldspraak = personifikasie = menslike eienskappe word aan ’n nie-menslike voorwerp gegee.

- Bome kan nie regtig skryf nie.

Versreël 1 = Die bome groei in die lug en dit lyk soos iemand wat besig is om in die hemelruim te skryf.

- Blou = die lug/hemel

Versreël 2 = figuurlike taalgebruik (konnotatief)

- Daar is nie ’n wolk in die lug te sien nie = kreukelloos

Versreël 3 = Ons verstaan egter nie wat daar geskryf is nie.

- Die bome se boodskap is vir ons mense onverstaanbaar. (Ons verstaan nie hulle seer nie.)
- Die bome skryf waarskynlik deur die waai van hulle boomtakke teen die blou lug, maar ons kan nie uitmaak wat daar geskryf is nie.

Die palimpses-idee skakel met die eerste 3 versreëls.

- Net soos die eerste geskrewe teks op die palimpses afgekrap is en onsigbaar is vir die oog, so kan ons ook nie sien wat die bome geskryf het nie.

4	Houtkappers kom met byle
5	en vel die bome.

- Nou kom die houtkappers en kap die bome af (vel die bome) met hulle gereedskap = die byle.
  - ’n Pynlike proses.
  - Kort sinne = Dit is amper asof ’n mens die kap van die byl kan hoor.

6	Meulens saag en maal
7	en pulp en plet die hout.

meulens = mills = die plek waarheen die afgekapte bome geneem word om fyngemaal te word.
pulp= fyngemaakte hout waarvan die papier gemaak word.
plet = platslaan/die boomstompe word platgedruk en planke word gevorm.

- Die hout (boomstompe) word gesaag en fyngemaal tot papierpulp (houtpap) en dan platgemaak.
  - Daar is geen omdraaikans nie – dit is finaal.
  - Verpulp = boeke wat nie verkoop word nie of skrywers wie se gedigte of boeke deur niemand gelees of verstaan word nie, word verpulp sodat daar weer papier daarvan gemaak kan word.
    - Op die “palimpses” word daar dan weer geskryf. (Die papier word hergebruik.)

Versreël 6=assonansie = herhaling van die aa-klank.

Versreël 7= alliterasie = herhaling van die p-klank.

- Funksie = beklemtoning.

Polisindeton = herhaling van die verbindingswoord “en”.

- ❖ Die een proses lei tot die volgende proses.

8	Stil is die bome;

- In die eerste drie versreëls lewe die bome (“skryf”) en nou is die bome stil.

- Die strofe begin met die woord “bome” en eindig met die woord “bome” wat die strofe tot ’n eenheid bind.
  - Herhaling van “bome” = beklemtoning.

Die kommapunt (;) dui daarop dat die volgende strofe deel vorm van dié sin, maar dit is die begin van ’n nuwe idee.

Inversie (omgekeerde woordorde) = beklemtoon die stilte van die bome = daar is niks oor nie.

- Die bome wat dood is, dui op die vernietigingsproses.

Eufemisme = die bome is **dood** maar word op ’n sagte manier gesê dit is **stil**.

<u>Strofe 2</u>

Toepassing = die digter sê wat die bome wou sê.

Die stilte word beklemtoon deur die tipografiese wit skeiding tussen die twee strofes.

9	stil, net tot hy kletterend
10	met sy tikmasjien

- Die herhaling van “stil” beklemtoon dat die afgekapte bome nie meer kan skryf nie.

- Die rol van die digter/spreker(“hy”) in strofe 2 is om op die “palimpses” te skryf.
  - Omdat niemand verstaan wat die bome skryf nie, kom die digter/spreker tussenbeide en tree as tolk op; hy skryf nou opnuut op die “palimpses”.
  - Die bome bly dood totdat die digter kom.

- Eers is die digter stil en dan skielik hoor mens die lawaai/geluid van die tikmasjien.
  - Tikmasjien was die voorganger van die rekenaar/skootrekenaar.

- In strofe 2 verskuif die fokus na die digter/spreker se herskeppingsproses met papier en tikmasjien.
  - Die digter/spreker herskep die woorde van die bome deur sy gedig op papier te sit.
    - Papier = produk van die bome.
    - Dit wat die bome nie kon sê nie, skryf die digter/spreker neer.

- Die digter laat die stem van die stil bome herleef met sy tikmasjien.
  - Oudmodies en nie op ’n moderne manier nie.

Klanknabootsing/ onomatopee = kletterend = geluid van iets wat val.
Antitese/teenstelling = “kletterend met sy tikmasjien” teenoor “stil is die bome”.

- ❖ Die stilte van die eerste strofe kontrasteer met die kletterende geluid van die tikmasjien in strofe 2.

11	uit selfs die fynste grein
12	die hele gamma van woord
13	en pyn ring op ring
14	deur hierdie oggend laat dein.

* grein = die draad van die hout/dit verwys na die gehalte van die papier waarop gewerk word.
* gamma = die derde letter van die Griekse alfabet (alpha beta gamma) of ’n toonleer in musiek. (hier verwys dit na al die letters van die alfabet)
* ring = die jaarringe op bome (growth rings)
* dein = wiegeling (swell) / op en af beweging van golwe

Versreël 12 = “gamma” verwys na die alfabet waarmee woorde geskep word.

- “gamma” = sinekdogee = iets word opgeroep maar slegs ’n gedeelte daarvan word gegee.
  - ➢ Alhoewel dit die derde letter van die Griekse alfabet is, verteenwoordig dit hier die hele alfabet.
- ❖ Pyn word ook deur die woord uitgedruk.
- “gamma” kan ook verwys word na ’n tipe enkodering (encoding) waarmee helderheid (luminance- byvoorbeeld in ’n foto) verander kan word.
  - Die digter/spreker maak dinge helder vir ons sodat ons dit kan verstaan.
  - Bome moet transformeer in papier wat die spreker/digter kan gebruik om op te skryf.
    - Dit vat 17 bome om een ton papier te vervaardig.
  - Dit wat die bome wou sê, word nou deur die digter gesê.

Versreël 13 = Goeie woordkeuse “ring op ring”.

- Alle bome het ringe waarvolgens die ouderdom van ’n boom bepaal kan word.
  - Dit verwys ook na die mens se tyd op aarde en die “pyn” wat die mens deur die tye/eeue ervaar.
  - Die skepping van die digter vind plaas met pyn, want hy lê sy emosies bloot as hy dig.
  - Die papier wat van die hout gemaak is, kan dus uiteindelik al die pyn van die mens simboliseer.
- Die jaarringe dui ook op die uitkringende effek van die bome, nl. die papier waardeur gekommunikeer word.

Versreël 14 = Die teks/boodskap (dit wat die spreker/digter/skrywer op hierdie papier skryf) “dein” en gaan voort tot in volgende geslagte, in almal wat dit lees.

- ❖ Die skrywer/digter skryf dus die palimpses vol sodat jý dit kan lees en verstaan.
  - ➢ Die bome word hergebruik in die vorm van papier wat kommunikasie bewerkstellig wat vir ewig sal voortbestaan.
- ❖ Die digter werk hier in die oggend.
- ❖ Die digter laat die bome simbolies weer herleef met sy gedigte op papier.
  - Die verganklike vs die onverganklike.

Assonansie = versreël 11= herhaling van die y/ei-klank.

Binnerym = dit is wanneer ŉ woord aan die einde van ŉ versreël met ŉ woord in die middel van die reël rym.

- ❖ Bv. versreëls 13-14 = "pyn" en "dein".

Eindrym = Die rymwoorde staan aan die einde van die versreëls.

- ❖ Bv. versreël 11 = "grein" en versreël 14 = "dein".
  - Dieherhaling van die ei-klank, die binnerym en eindrym bind die gedig tot ŉ eenheid saam.

ENJAMBEMENT = een versreël loop oor na die volgende sonder die gebruik van ŉ ruspunt.

- ❖ Funksie = laat die gedig vloei.
- ❖ Versreël 8 is deel van die sin in strofe 2 = bind die twee strofes saam.

STEMMING in die gedig = hartseer/somber = afkap van bome/vernietiging van die natuur.

VRYE VERS = geen vaste rymskema nie.

Die gedig is **UNIVERSEEL** want dit is op alle mense van toepassing.

VRAE:

1 Verduidelik wat die woord "palimpses" in die titel beteken? (1)

2 Benoem die beeldspraak in versreëls 1-2. (1)

3 "kreukellose lug" (Versreël 2)

3.1 Word die woorde denotatief of konnotatief gebruik? (1)

3.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 3.1. (1)

4 Waarna verwys die woord "blou" in versreël 1? (1)

5 Wat word met die woorde "kreukellose lug" geïmpliseer? (1)

6 Wat is gewoonlik gekreukel? (1)

7 Haal TWEE WOORDE aan om die lug te beskryf. (2)

8	Verduidelik hoe dit vir die bome moontlik is om te skryf?	(1)
9	Watter tegniek word gebruik om die wreedheid van die vernietiging van bome te beklemtoon?	(1)
10	Wat is die werk van die houtkappers?	(1)
11	Benoem die stylfiguur in versreël 6.	(1)
12	Haal ’n voorbeeld van alliterasie aan uit die gedig en onderstreep die allitererende klanke.	(1)
13	Watter funksie vervul die meulens in die gedig?	(1)
14	Haal die woord aan wat dieselfde beteken as **platpers**.	(1)
15	Verduidelik wat die woord “pulp” beteken?	(1)
16	Hoekom is die bome nou stil in versreël 8?	(1)
17	Wat dink jy skryf die bome in strofe 1? Gee EEN SIN.	(1)
18	Hoe skakel die “palimpses-idee” met versreëls 1-3?	(2)
19	Deur wie word die perkamentrollegewoonlik gebruik?	(1)
20	Hoe word die woord “bome” in die gedig beklemtoon?	(1)
21	Watter tegnieke word gebruik om die stilte te beklemtoon?	(2)
22	Wat is die funksie van die kommapunt aan die einde van versreël 8?	(1)
23	Watter frase in strofe 2 vorm ’n teenstelling/antitese met versreël 8?	(1)
24	Verduidelik op wie of wat in elke strofe gefokus word?	(2)
25	Gee ’n voorbeeld van onomatopee in strofe 2.	(1)
26	Wat word die stylfiguur in versreël 9 genoem?	(1)
27	Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing aan.	(1)
28	Waaruit kan jy aflei dat hierdie gedig nie ’n moderne gedig is nie?	(1)
29	Wat is volgens strofe 2 die digter se rol?	(1)
30	Haal die woord aan wat dui op die derde letter in die Griekse alfabet.	(1)
31	Verduidelik versreël 12 in jou eie woorde.	(1)

32 Wat word die rymsoort in versreël 13 en 14 genoem? Sê ook hoekom jy so sê. (2)

33 Watter WOORD dui daarop dat geslagte verder ook die boodskap sal verstaan? (1)

34 Verduidelik die woordkeuse van “ring op ring” in versreël 13. (2)

35 Watter ander betekenis kan “ring op ring” hê? Dink aan water. (1)

36 Wanneer skryf die digter? (1)

37 Hoe sluit die titel by die inhoud van die gedig aan? (2)

38 Stem jy saam dat die gedig ’n moderne Engelse sonnet is? Motiveer jou antwoord. (1)

39 Wat is die stemming van die gedig? Hoekom sê jy so? (2)

40 Wat is die tema van die gedig? (1)

41 Wat is die funksie van die enjambement in die gedig? (1)

42 Watter nadeel hou dit vir ons as mense in as ons die natuur so vernietig met die afkap van die bome? (1)

43 Hoe kan die afkap van bome geregverdig word? (1)

44 Wat kan deur mense gedoen word om die natuur te beskerm? (1)

45 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die korrekte vraagnommer en letter neer, bv. 45 E.

Agt versreëls word ’n .... genoem.

A kwatryn
B sestet
C oktaaf
D tersine (1)

MEMORANDUM

1	Dit is ’n antieke perkamentrol wat meer as een keer gebruik kan word.	(1)
2	Personifikasie	(1)
3.1	Konnotatief	(1)
3.2	Daar is nie ’n wolk sigbaar nie.	(1)
4	Lug/hemel	(1)
5	Daar is nie ’n wolk sigbaar nie.	(1)
6	klere/papier	(1)
7	“kreukellose” en “blou” (Net 2 woorde)	(2)
8	Die bome skryf waarskynlik met die takke wat in die wind waai.	(1)
9	herhaling	(1)
10	Kap die bome af	(1)
11	assonansie	(1)
12	“pulp en plet die hout”	(1)
13	Maal en saag die hout tot papierpulp.	(1)
14	“plet”	(1)
15	fyngemaakte hout waarvan die papier gemaak word.	(1)
16	Die bome is afgekap – hulle is nou weg – daar is niks oor nie.	(1)
17	“Moenie ons doodmaak nie!” / “Iemand red ons” (Eie antwoord)	(1)
18	Die bome skryf ’n boodskap in die lug en net soos die eerste geskrewe teks op die palimpses afgekrap is en ons dit nie kan lees nie, so is hierdie boodskap van die bome ook vir ons onsigbaar.	(2)
19	Die monnike	(1)
20	Herhaling/ Die strofe begin met die woord “bome” en en eindig met die woord “bome”.	(1)

21 Herhaling
Inversie (omgekeerde woordorde) deur die woord “stil” aan die begin van die versreël te plaas.
Die wit spasie tussen strofe 1 en 2. (2)

22 Dit dui daarop dat die volgende strofe deel is van dié sin, alhoewel dit ook die begin van ’n nuwe idee is. (1)

23 “tot hy kletterend” (frase) (1)

24 Strofe 1 = Vernietiging van die bome
Strofe 2 = Die digter se skeppingsproses met papier en tikmasjien. (2)

25 kletterend (1)

26 onomatopee/klanknabootsing (1)

27 “kletterend” (1 woord) (1)

28 Die spreker gebruik ’n tikmasjien wat nie deel uitmaak van moderne tegnologie nie. (1)

29 Om die woorde van die bome op papier te sit/om met woorde te herskep. (1)

30 “gamma” (1 woord) (1)

31 “gamma” verwys na die derde letter in die griekse alfabet en woorde word geskep met die alfabet. (1)

32 binnerym = wanneer ’n woord in die middel van die versreël rym met ’n woord aan die einde van die versreël. (2)

33 dein (1 woord) (1)

34 Die ouderdom van bome word aangedui deur jaarringe en
Dit verwys ook na die mens se tye op aarde. (2)

35 Wanneer mens ’n klippie in die water gooi of ’nvis/padda uit die water spring, maak dit ringe/sirkels in die water. (1)

36 In die oggend. (1)

37 Net soos daar op ’n perkamentrol (palimpses) ’n tweede keer geskryf kan word, skryf die digter nou die bome se woorde. Dit verwys na die herskeppingsproses. (2)

38 Ja. Die gedig bestaan uit 14 reëls = strofe 1 het ’n oktaaf en die tweede strofe het ’n sestet. Daar is egter nie eindrym nie. (1)

39 Hartseer want die bome word vernietig ter wille van mense se selfsugtige behoeftes. (1)

40 Vernietiging en herskepping. (1)

41 Dit laat die gedig vloei. (1)

42 Suurstof word minder/
Diere sterf uit want hulle kan nie meer voortbestaan in hulle natuurlike habitat nie/eie relevante antwoord (1)

43 Ons het papier nodig om op te werk/te herskep. (1)

44 Om papier te herwin sodat minder bome afgekap word vir die maak van papier. (1)

45 C (oktaaf) (1)

Huiskat – Elizabeth Eybers

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar “kat” want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar, soos ñ blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar “reggemaak” –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

House cat

1 The cat stretches high on four taut legs, bend
2 easily to lick her leopard flanks,
3 rolls over and lies velvety splayed
4 so that throat and breast and belly can absorb the sun.

5 We call her “cat” because she is without soul
6 and anonymous. Narrow splinters of agate
7 stare coldly from the triangular face.
8 Crafty, liquid as a shiny reptile

9 loose and supple to the point of satiation: she
10 will never – the vet “fixed” her –
11 taste ecstasy and anxiety from bringing forth life,
12 will always be reserved, without tenderness.
13 I cup my hand carefully, scornfully (she) closes
14 her eyes, wriggles past my grasp.

TEMA

’n Huiskat se gedrag word beskryf.

- Die kat is arrogant.

Figuurlike betekenis (konnotatief) = op ’n dieper vlak beeld dit die mens uit wat net in homself belangstel (egoïsties) is.

AGTERGROND

Deur al Elizabeth Eybers se gedigte loop ’n lyn van die vrou, haar psige en emosies -
- ❖ daarom word die kat in hierdie gedig met die vroulike geassosieer.
- ❖ Sy identifiseer met die vroulike psige van lewe voortbring, vrouwees en dan die teerheid daarmee saam.

Mens en dier woon hier op aarde en is afhanklik van wat die aarde hulle kan bied.
- ❖ Mens en dier is dus afhanklik van mekaar.

Katte fassineer mense al vir eeue.
- ❖ Daar is prehistoriese grottekeninge van katte.
- ❖ Die ou Egiptenare het die kat as ’n heilige dier/as ’n god, gesien.
    - As hulle huise sou afbrand, sou hulle eerder die kat red as hulle familielede.
    - Hulle het selfs katte gebalsem om hulle te vereer.
        - ☺ Is dit dalk die rede hoekom katte altyd verby ’n mens stap met hulle koppe in die lug – so al asof hulle ver verhewe bo die mens is??

Katte is gewoonlik liefdevolle troeteldiere, maar kanonafhanklik funksioneer.
- ❖ Hulle is nie so afhanklik van die mens vir sy versorging soos ’n hond nie.
- ❖ Katte steur hulle dikwels nie aan hulle eienaars nie – soos ons in hierdie gedig kan sien.
- ❖ In die gedig is daar ’n kontras tussen die mens wat aanraking soek en die kilheid van die kat.

TITEL

Die titel sê presies waaroor die gedig gaan, nl. ’n huiskat/’n troeteldier.
- ❖ Daar is geen “die” voor huiskat nie.
    - Dit is universeel – kan enige kat wees.
        - ○ Die kat in hierdie gedig tree op soos vele ander katte.

BOU

Uiterlik is die gedig in die vorm van ’n Italiaanse sonnet.
- agt versreëls (oktaaf)
    - In die gedig het ons twee strofes van vier versreëls (kwatryne).
    - Dan volg ses versreëls, nl. die sestet/sekstet.

Innerlike bou: In die eerste twee kwatryne word die kat beskryf.
- In die sestet kry ons die toepassing van die beeld.
    - Die kat se interaksie met die mens word hier beskryf.

RYMSKEMA

abba / cddc /eff / gge

Strofe 1 en 2 = omarmde rym

In die sestet van dié gedig het ons ’n afwyking in die rympatroon.

- Gewoonlik is die rymskema van die Italiaanse sonnet : eff / ege maar in dié gedig is dit eff / gge.

ENJAMBEMENT

Die digter se doel met enjambement is dat ons die versreëls aaneenlopend moet lees.

- As leser kan jy die lui bewegings van die huiskat visualiseer/jy kan **sien** hoe die kat homself uitstrek en hoe hy sy kop buig om sy lies te lek, ens.

Funksie van die enjambement is om die streng rym in die sonnet te verdoesel.

- Dit ondersteun die ritme (laat ons vinniger lees)/laat die gedig vloei.
    - Rymverdoeseling = ’n Mens kan skaars die rymwoord hoor want jou aandag word van die rym af weggelei.
- Die enjambement in die gedig mimiek (naboots) die vloeiende beweging van die kat.

<u>Strofe 1</u>

Vier versreëls = kwatryn.

1	Die kat <u>s</u>trek hoog op vier <u>s</u>trak bene, <u>b</u>uig

Die kat strek haarself uit amper/byna ongevoelig/hard (strak-grim).

Alliterasie = herhaling van die s-klank.

2	<u>b</u>ehaaglik om haar luiperdlies te lek,

Alliterasie = herhaling van b-klank in versreël 1 en 2.

Die kat is besig met haar skoonheidsroetine.

buig behaaglik = Die kat se bewegings is soepel en grasieus wanneer sy haar lies (flank) lek.

- Lies = bo by haar bobeen (tussen haar maag en agterpoot)
- Die kat het nie die kolle van ’n luiperd nie maar wel die ongetemde persoonlikheid van die luiperd wat ’n wilde dier is.
- Die kat is lenig soos ’n luiperd.
    - Die kat word met ’n luiperd vergelyk (metafoor - luiperdlies).
        - Die kat se persoonlikheid kom hier na vore.
            - Die kat is nie getem nie – sy het haar eie wil soos ons in die laaste twee versreëls (13 en 14) kan sien.

3	rol om en lê fluwelig oopgevlek
4	dat keel en bors en buik die son kan suig

Die kat het ’n sagte pels (fluwelig).

Sy lê lui en uitgestrek (oopgevlek) met haar pens (buik) in die lug en geniet/bak in die son.

- ❖ Sy lê op haar rug.
- ❖ suig: figuurlike betekenis – ’n mens kan nie letterlik die son insuig nie.
- ❖ Personifikasie : Versreël 4.
- ❖ Visuele sintuig (sig) baie belangrik.
    - ’n Mens kan sien hoe sy in die son lê en haarself geniet.
    - Die herhaling van “en” (polisindeton) versterk hierdie beeld.

Strofe 2

Vier versreëls = kwatryn.

Die persoonlikheid van die kat word hier verder beskryf.

5	Ons noem haar “kat” want sy is sonder siel
6	en anoniem.

Ons = Die eienaar en huismense.

Die kat het nie ’n naam nie – anoniem (naamloos).

Die kat is sonder siel = gevoelloos/emosieloos.

Die feit dat die kat nie ’n naam het nie, wys daarop dat die spreker nie geheg is aan die kat nie.

- ❖ Spreker is afsydig teenoor kat.

Alliterasie = herhaling van s-klank.

6	Smal skerwe van agaat
7	staar koud uit die driehoekige gelaat.
8	Arglistig, vloeibaar, soos ’n blink reptiel.

Voorkoms van die kat word nou beskryf.

Versreël 6 = metafoor.

- ❖ Agaat is harde, halfedelsteen (small slivers of agate).
- ❖ Die vorm van die iris en die kleur van die kat se oë.
- ❖ Die kat se oë is “agaat” = hard en koud.

Versreël 7 = Die oë wat koud en kil is word hier beklemtoon met die woord “koud”.

- ❖ Gelaat = gesig is driehoekig.

Versreël 8 = Vergelyking.

- ❖ Die kat beweeg skelm (arglistig) soos ’n blink reptiel (slang).
    - Reptiele is koud en glibberig.
- ❖ Vloeibaar (fluid) = beweging van kat is aaneenlopend (sonder ophou).

Strofe 3

Ses versreëls = sestet.

Die gedig vloei sonder onderbreking vanaf die tweede strofe na die derde strofe deur die gebruik van enjambement.

9	van los en lenig wees versadig: sy

lenig = supple versadig = satiated

Sy is tevrede met haarself/het genoeg gehad.

- ❖ Beeld van luiheid word weer hier geskep.
- ❖ Sy is nie meer honger nie.

Alliterasie = herhaling van l-klank.

Funksie van dubbelpunt = Nog inligting oor die kat volg.

- ❖ Ons wag in afwagting – spanning wat opbou – wat gaan nou gebeur.

10	sal nooit – die veearts het haar “reggemaak” –

Parentese (- ... -) = ekstra inligting.

“reggemaak” = eufemisme (die woord is gebruik om dit wat gesê wil word, te versag.)

- ❖ Sy is gesteriliseer – sy is onvrugbaar.
- ❖ Die mens is daarvoor verantwoordelik dat sy nie kan voortplant nie.
    - Die mens manipuleer die natuur vir eie gewin.
    - MAAR
        - As diere nie reggemaak word nie, sal dit aanleiding gee tot rondloperhonde en –katte wat onversorg is omdat niemand hulle wil hê nie.
        - DBV kan alreeds nie die aantal ongewenste diere hanteer nie en is afhanklik van mense se liefdadigheid om ’n bestaan te maak.

11	ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
12	sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.

As gevolg van die sterilisering sal die kat nooit die ekstase (opwinding) van kinders baar (geboorte gee) smaak nie.

- ❖ Sy sal nooit die emosie van angs (bekommerd wees/vrees) wat saam met die geboorteproses en grootmaak van kinders gaan, ervaar nie.

eenselwig = die kat sal teruggetrokke/afsydig na binne gekeer bly (altyd presies dieselfde)

teerheid = die spreker voel dat die kat se gebrek aan teerheid is weens die sterilisering.

- ❖ Die sterilisering het die kat gestop (gestuit) om enige emosie te wys/toon.
- ❖ Sy hou nie van aandag nie.

Assonansie = die herhaling van die ee-klank.

13	Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
14	sy haar oë, kronkel by my greep verby.

Die spreker maak haar hand versigtig (behoedsaam) gereed (hol my hand) om die kat te streel – wil uitreik na die kat, maar die kat sluit haar oë (maak haar oë toe) smalend (minagtend) en kronkel weg.

- ❖ Sy ignoreer die spreker.
    - Behoedsaam = die spreker het geweet die kat gaan haar nie toelaat om haar te vryf nie.
- ❖ Die gewenste kommunikasie wat die spreker met die kat wou hê, vind nie plaas nie/die spreker het dit nie reggekry om die kat te streel nie.

greep = Die spreker wou die kat vasgryp om haar magsposisie te bewys, maar soos ’n reptiel kronkel die kat weg.

- ❖ Skakel hier met die oë van die kat wat ook met ’n reptiel vergelyk is (versreël 8).
    - Hier kry ons weer die idee van ’n reptiel. (’n slang kronkel)

Dit is amper asof die spreker weet die kat gaan nie reageer nie want die kat word as “eenselwig” (teruggetrokke) beskryf.

- ❖ Die kat is altyd dieselfde.

Ons sien dat hier geen hegte verhouding is tussen die spreker en die kat nie.

Dit is moontlik dat die kat ’n metafoor word van ’n mislukte verhouding.

- ❖ Die spreker projekteer haar gevoel van afstand en kilheid op die dier.

Die kat wat hier vir ons geskilder word, laat ons dink aan die uitdrukking : Sy is ’n regte kat (’n snipperige meisie).

Watter geluid sal jy maak as jy ’n kat wil roep?

- ❖ s-klanke baie effektief in hierdie strofe gebruik.

STEMMING = amusant/ironies/beskrywend

BOODSKAP

- ❖ Soms kan huisdiere nie getem word nie.
- ❖ Die kat is eiesinnig.
- ❖ Soms kan toestande/ervarings ’n mens se lewe verander = bitter/gevoelloos/emosieloos.
- ❖ Elke huisdier het sy/haar eie persoonlikheid.

VRAE:

1 Hoe voel jy oor katte? Motiveer jou antwoord. (2)

2 Hoekom is daar nie ’n lidwoord voor die titel “Huiskat” nie? (1)

3 Noem VIER bewegings van die kat wat in strofe 1 beskryfword? (4)

4 Watter tegniek gebruik die digter om die soepele bewegings van die kat om haar lies te lek, te beskryf? (1)

5 Hoekom, dink jy, word die kat in strofe 1 met ’n luiperd vergelyk? Gee TWEE redes. (2)

6.1 Wat word die herhaling van “en” in versreël 4genoem? (1)

6.2 Wat is die funksie van die stylfiguur in VRAAG 6.1? (1)

7 “....die son kan suig.” Versreël 4.

7.1 Word “suig” konnotatief of denotatief gebruik? (1)

7.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 7.1. (1)

8.1 Die kat word in strofe 1 met ’n luiperd vergelyk as gevolg van die kolle op sy lies.

Stem jy saam met die stelling? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

8.2 Watter ENKELE WOORD impliseer dat hierdie kat moontlik kolle op sy lyf gehad het? (1)

9 Haal ’nWOORD in strofe 1 aan wat die kat se pelsbeskryf? (1)

10 Haal ’n ENEKELE WOORD uit strofe 1 aan wat min of meer dieselfde betekenis het as “ongevoelig”. (1)

11 Haal ’n versreël uit strofe 1 aan waarin alliterasie voorkom en onderstreep die klanke wat herhaal word. (1)

12 Watter sintuig kom sterk na vore in strofe 1? (1)

13 Hoekom is die gebruik van die enjambement so funksioneel in strofe 1? (1)

14 Haal die WOORD uit strofe 2 aan wat die kat se persoonlikheid beskryf. (1)

15 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 1 aan wat die kat se voorkoms beskryf. (1)

16 Waarmee is die kat besig as sy haar lies lek? (1)

17 Hoe bad ’n kat hom-/haarself? (1)

18 Gee TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 1 wat die soepelheid van die kat beskryf. (1)

19 Watter deel van die kat se liggaam is die “buik”? (1)

20 Die kat lê op haar maag in die son.

Haal ’n versreël uit strofe 1 aan om die stelling verkeerd te bewys. (1)

21 Die kat lê opgekrul in die son.

Stem jy saam met die stelling? Gee EEN WOORD om jou antwoord te motiveer. (1)

22 Benoem die beeldspraak in versreël 2? (1)

23 Noem die twee dinge wat in versreël 2 met mekaar vergelyk word. (2)

24 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan om die kat se persoonlikheid te beskryf. (1)

25 Wat is die naam van die kat? (1)

26 Wat word met die woord “anoniem” geïmpliseer? (1)

27 Waaruit kan jy aflei dat daar geen hegte verhouding tussen die kat en haar eienaar is nie? (1)

28 Haal die metafoor uit strofe 2 aan. (1)

29.1 Waarmee word die oë van die kat in strofe 2 vergelyk? (1)

29.2 Watter afleiding kan ’n mens maak uit jou antwoord in VRAAG 29.1? (1)

30 Watter WOORD uit strofe 2 beskryf die skelm bewegings van die kat? (1)

31.1 Waarmee word die kat in strofe 2 vergelyk? (1)

31.2 Hoekom is die vergelyking effektief? (1)

32 Watter DRIE aparte woorde uit strofe 2 kan met ’n reptiel geassosieer word? (3)

33.1 Benoem die beeldspraak in versreël 8. (1)

33.2 Met watter koue dier word die kat vergelyk? (1)

34 Watter kleur sou jy sê is die kat se oë? (1)

35 Hoe weet ons dat die kat nie ’n naam het nie? Gee TWEE bewyse uit strofe 2. (2)

36 Volgens die spreker is die kat kil en gevoelloos. (Strofe 2)

36.1 Stem jy saam met die stelling? Verduidelik jou antwoord na aanleiding van die woorde wat in strofe 2 gebruik is. (1)

36.2 Stem jy saam met die stelling? Verduidelik jou antwoord na aanleiding van die beeldspraak wat in strofe 2 gebruik is. (1)

37 Wat word met die woord “vloeibaar” gesuggereer? (1)

38 Die woord “lenig” in strofe 3 vorm ’n skakel met watter beeld wat in strofe 1 genoem word? (1)

39.1 Wat word met die woord “versadig” bedoel? (1)

39.2 Watter ander betekenis kan die woord “versadig” ook hê? (1)

40 Watter onreg is die kat aangedoen? (1)

41 Dink jy dit is aanvaarbaar dat huisdiere gesteriliseer moet word? Verduidelik jou antwoord. (1)

42 Watter emosies sal die kat nooit kan ervaar as gevolg van die sterilisering? Noem die DRIE emosies. (3)

43 Wat is die funksie van die parentese in strofe 3? (1)

44 Wat word die gedeelte tussen die aandagstrepe in versreël 10, genoem? (1)

45.1 Hoekom is die woord “reggemaak” in aanhalingstekens? (1)

45.2 Wat word die stylfiguur genoem? (1)

46 Wie het die kat gesteriliseer? (1)

47 Wie moet indirek blameer word dat die kat nooit enige teerheid sal toon nie? (1)

48 Waarom sal die kat nooit enige teerheid kan wys nie? (1)

49 Gee ’n voorbeeld van ’n paradoks uit strofe 3. Haal slegs TWEE APARTE WOORDE aan. (2)

50 Wat beteken die woord “eenselwig” in versreël 12? (1)

51 Hoe reageer die kat wanneer die spreker haar wil vryf? (2)

52 Watter afleiding kan gemaak word wanneer die kat “**smalend** haar oë sluit”? (1)

53 Watter WOORD in strofe 3 skakel met die beeld van ’n reptiel? (1)

54 Verduidelik wat met die woord “greep” gesuggereer word. (2)

55 Haal die WOORD uit strofe 3 aan wat daarop dui dat die kat nie van teerheid hou nie. (1)

56 Watter WOORD in versreël 9 kan moontlik die rede wees waarom die kat haar nie in versreël 14wil laat streel nie? (1)

57 Die kat in die gedig vertrou nie sy eienaar nie.

Dink jy die kat het rede om nie sy eienaar te vertrou nie? Verduidelik jou antwoord. (1)

58 Verduidelik waarom hierdie gedig as ’n Italiaanse sonnet beskryfword? (2)

59 Watter nasie het die kat as ’n god beskou? (1)

60 Watter soort diere kan as **gevaarlike** troeteldiere gesien word. Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

61 Dink jy katte is slimmer as honde? Hoekom sê jy so? (1)

62 Waarom word daar soms na vrouens/meisies as “katterig” verwys? (1)

MEMORANDUM

1 Ek is mal oor katte want hulle is liefdevol/
Ek hou nie van katte nie want hulle hare gee my hooikoors. (eie antwoord) (1)

2	Dit is universeel/verwys na enige kat.	(1)
3	Die kat strek haar uit. Lek haar luiperdlies. Sy rol om. Lê op haar rug.	(4)
4	Enjambement.	(1)
5	Sy het die ongetemde persoonlikheid van die luiperd. Sy is lenig/soepel soos ’n luiperd.	(2)
6.1	Polisindeton.	(1)
6.2	’n Mens kan amper self aanvoel hoe sy die son geniet.	(1)
7.1	Konnotatief	(1)
7.2	Sy geniet die son baie.	(1)
8.1	Nee – Sy het die ongetemde persoonlikheid van die luiperd.	(1)
8.2	luiperdlies (een woord)	(1)
9	“fluwelig” (een woord)	(1)
10	“strak”	(1)
11	“Die kat strek hoog op ver strak bene, buig” (versreël)	(1)
12	sig	(1)
13	’n Mens kan die beeld sien van die kat wat haarself uitstrek, lek en die son geniet.	(1)
14	“arglistig” (een woord)	(1)
15	“strak bene” (2 opeenvolgende woorde)	(1)
16	was haarself/skoonheidsroetine	(1)
17	Sy lek haarself.	(1)
18	buig behaaglik (2 opeenvolgende woorde)	(1)
19	maag	(1)
20	“dat keel en bors en buik die son kan suig” (versreël)	(1)
21	Nee. Oopgevlek (een woord)	(1)

22	Metafoor	(1)
23	luiperd en lies van die kat	(2)
24	“sonder siel” (2 opeenvolgende woorde)	(1)
25	Kat/die kat het nie ’n naam nie	(1)
26	Die kat het nie ’n naam nie.	(1)
27	Die eienaar het nie vir haar kat ’n naam gegee nie.	(1)
28	“smal skerwe van agaat” (metafoor)	(1)
29.1	halfedelstene	(1)
29.2	Die kat se oë is hard en koud.	(1)
30	“arglistig” (een woord)	(1)
31.1	’n Reptiel, bv. ’n slang.	(1)
31.2	Reptiele is koud en glibberig.	(1)
32	“arglistig” “koud” “blink” (3 aparte woorde)	(3)
33.1	Vergelyking	(1)
33.2	slang	(1)
34	swart	(1)
35	“anoniem” Sy noem die kat “kat.	(2)
36.1	Ja. Sy is sonder siel/haar oë lyk soos smal skerwe van agaat	(1)
36.2	haar oë lyk soos smal skerwe van agaat	(1)
37	Die bewegings van die kat is aaneenlopend.	(1)
38	Die kat wat behaaglik buig om haar lies te lek.	(1)
39.1	Sy is nie meer honger nie	(1)
39.2	tevrede	(1)
40	Sy is gesteriliseer.	(1)

41 Ja. As diere nie reggemaak word nie, sal dit aanleiding gee tot te veel rondloperdiere/
Nee. Diere het die reg om te kan voortbring (eie antwoord) (1)

42 ekstase
angs
teerheid (3)

43 gee ekstra inligting (1)

44 parentese (1)

45.1 dit is ’n eufemisme/die woord is gebruik om dit wat gesê wil word, te versag (1)

45.2 eufemisme (1)

46 veearts (1)

47 die mens (1)

48 sy is reggemaak/gesteriliseer (1)

49 “ekstase” en “angs” (2 aparte woorde) (2)

50 teruggetrokke (1)

51 Sy sluit haar oë/maak haar oë toe minagtend en
kronkel verby die spreker se hand (2)

52 Sy tree minagtend (geen respek/liefde) op teenoor haar eienaar. (1)

53 “kronkel” (een woord) (1)

54 Die spreker wou die kat vasgryp om haar magsposisie te bewys, maar soos ’n reptiel kronkel die kat weg. (2)

55 “smalend” (een woord) (1)

56 “versadig” (1)

57 Ja. Die eienaar het haar gesteriliseer/haar ontneem van die voorreg om die vreugde van kinders te hê/ het haar nie ’n naam gegee nie – geen hegte verhouding met haar gehad nie. (1)

58 In die eerste twee kwatryne word die kat beskryf en
in die sestet kry ons die toepassing van die beeld. (2)

59 Egiptenare (1)

60 Leeus/luiperds – ’n Mens kan hulle nie tem nie/hulle is wilde diere (1)

61 Eie mening. Gesels daaroor.

62 Vrouens/meisies kan baie snipperig teenoor mekaar optree. (1)

Ek het ñ huisie by die see – HA Fagan

1 Ek het ñ huisie by die see. Dis nag.
2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan

teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – ñ kreun, ñ klag,
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is ñ rots waarop my huisie staan.

I have a cottage at the sea

I have a cottage at the sea. It's night
I keep hearing the waves break
against the rocks on which my cottagestands
with the whole ocean's fierce might.

I have a cottage by the sea. It's night
for days, for days, I hear the waves
come knockon the rock my little place is on
with all the ocean's relentless rule.

5	I hear the winds cry – a groan, a moan,	I hear the winds crying – a groan, a moan,
6	like lost souls in their need	like that of lost souls in their want
7	still wandering, moaning, that in grave and death	all wandering, grumbling, in grave and death
8	could find no rest, but still long for and beseech.	could not find rest, instead still seeks and yearn.
9	My fire burns, my candle gives light.	My fire is burning, my candle gives light.
10	I hear then how the storm rages outside,	But still I hear the storm bellowing outside,
11	I hear how the wind plucks at my windows;	I hear the winds shaking windows and glass;
12	inside here is it safe, warm and protected.	here inside I'm shut in, safe and warm.
13	Come night, come weather and wind, come ocean –	Come night, come weather and wind, come ocean tides
14	This is the rock my cottage stands on.	this is the rock on which my cottage is on.
("Ek het ñ huisie by die see", HA Fagan)		(Chantelle Gray van Heerden)

AGTERGROND

Reëls uit die gedig verwys na 'n gelykenis(parable) in die Christelike Bybel.

- 🕮 Intertekstuele verwysing.
- 🕮 Die dwase man het sy huis op sand gebou en die wyse man het sy huis op 'n rots gebou.
    - ❖ Watter huisie dink jy is deur die storms daarbuite vernietig?

- Hoekom sê jy so?

As ’n mens se lewe op die regte fondamente van geloof (’n rots) gebou word, sal jy enige storms in jou lewe kan hanteer/trotseer (brave).

☺ Selfs wanneer dinge in jou liefdeslewe, ens. verkeerd loop, sal jy dit kan oorkom met God aan jou sy.
☺ Daar is mense wat glo dat as jy liefde in jou lewe het, sal jy ook die slegte tye kan oorwin.

Die gedig is getoonset deur Laurinda Hofmeyer en gesing deur Laurika Rauch.

TITEL

Die meeste van ons droom van ’n huisie by die see.

☺ Dit klink idillies.
☺ Die spreker hier **het** alreeds ’n huisie by die see want hy gebruik die woord “het”.

“Huisie” = verkleiningsvorm

- Konnotatief – figuurlike gebruik = Sy huisie is weerloos teen die elemente (wind en weer) en as mens dieper wil gaan – die storms/probleme wat opduik in jou lewe.
- Dit kan ook daarop wys dat hy baie van sy huisie gehou het – hy het baie goeie verhouding met sy huisie gehad.
  - ’n Liefdevolle verhouding. (intieme gevoel).

TEMA

Jou geloof is die rots waarop jy jou lewe moet bou.
- Binne in jou huis sal jy dan veilig en geborge voel.

BOODSKAP

Jou geloof sal jou die beskerming bied teen enige storms in jou lewe.
- Jou geloof sal jou die selfvertroue/inspirasie gee om die probleme van jou lewe te trotseer en te weet jy sal dit kan oorwin/oorbrug.

STEMMING

Inspirerend.

BOU

Uiterlik = Eerste strofe – 8 Versreëls = Oktaaf.
Tweede strofe – 4 Versreëls = Kwatryn.
Derde strofe – 2 Versreëls = Rymende koeplet = paarrym.

Die gedig kom ooreen met ’n Engelse sonnet.

- Die rymskema van die gedig is anders as dié van ’n Engelse sonnet.

- Die gedig bestaan uit 14 versreëls.
    - ❖ Een gedagte regdeur wat afgesluit word met ’n gevolgtrekking in die koeplet.

Innerlike bou = Hier is progressie in die gedig.

- In die eerste 8 versreëls word die toestande buite die huis beskryf.
- Versreëls 9-12 beskryf die atmosfeer binne die huis.
- In die laaste 2 versreëls kry ons ’n herhaling van die gedagte dat dit nie saak maak wat gebeur, hoe erg die storms daarbuite is nie, maar binne in sy huisie sal hy veilig wees.
    - ❖ Sy geloof in God (sy rots) hou hom veilig/ beskerm hom.

RYMPATROON

abba / acca / deed = omarmde rym (Versreël1-12)

Laaste twee versreëls = rymende koeplet = eindrym (bb)

<u>Strofe 1</u>

In die eerste agt versreëls noem die spreker al die elemente wat sy huisie van die buitekant af bedreig. Hy hoor die die golwe slaan en die winde huil. (Die toestande buite die huis word beskryf.)

1	Ek <u>h</u>et ’n <u>h</u>uisie by die see. Dis nag.

’n Stelling word gemaak.

Ek-spreker/ek-verteller/eerstepersoonsverteller.

- Funksie = maak die gedig persoonlik.
    - Jy kan as leser die gevoelens en emosies van die spreker ervaar.

- Die huisie is ’n metafoor van die spreker se geloof in God.
- Dit is nag – aand/donker (letterlik).
    - ❖ In die aand is die mens gewoonlik op sy weerloosste.
        - Figuurlik = Donker in jou lewe a.g.v. al die teëspoed en slegte dinge wat in jou lewe gebeur?

Alliterasie = herhaling van die h-klank.

2	Ek hoor aan<u>ee</u>n, aan<u>ee</u>n die golwe slaan
3	teen<u>aa</u>n die rots w<u>aa</u>rop my huisie st<u>aa</u>n
4	met al die ose<u>aa</u>n se woeste krag.

- Die golwe slaan teen die rots waarop sy huisie staan.
    - ❖ “Golwe” word metafories gebruik vir die probleme wat die persoon in sy/haar lewe mag ervaar.

- “aaneen” word herhaal.
  - ❖ Beklemtoon die gereelde/aanhoudende, ritmiese geluid van die golwe/branders.
  - ❖ Herhaling bind die gedig tot ’n eenheid.

- Die spreker is nie bang dat die golwe sy huisie sal laat intuimel/vernietig nie want
  - ❖ Sy huisie is op ’n rots gebou.
    - Sy huis is stewig (sy geloof= dis ewig en onverganklik).
- Die see (oseaan) is rof/woes (fierce).
  - ❖ ’n Seestorm was die oorsaak vir die golwe wat met al sy krag teen die rotse geslaan het.
    - Kan angswekkend wees.

“huisie” Versreël 3 = Die klein huisie staan in kontras met die geweld van die natuur.

Assonansie = herhaling van die ee-klank in versreël 2 en aa-klank in versreël 3.

5	Ek hoor die winde huil – ’n kreun, ’n klag,

Personifikasie = winde wat huil, kreun (groan) en kla (moan).

- Aandagstreep (-) = beklemtoon die woorde wat volg.
  - ❖ Gee nog inligting oor hoe erg die wind was.

Gehoorsintuig kom sterk na vore hier – Klanknabootsing = kreun/klag.

6	soos van verlore siele in hul nood

Vergelyking = Die geluide van die wind word vergelyk met die siele van mense wat alreeds dood is.

- ❖ Verlore siele = siele wat nie gered is nie.
- ❖ Hulle het nie op God vertrou nie.

7	al dwalend, klagend, wat in graf en dood
8	geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

Die verlore siele was in nood want hulle kon nie tot ruste kom nie net soos die storm daarbuite.

- Hulle loop rond (dwalende) = daar is geen spesifieke rede hoekom hulle rondloop en nie tot ruste kan kom nie.
- Hulle loop klaend rond = hou nooit op met kla nie.
  - ❖ ’n Mens kan amper voel hoe die mense ly want hulle is in nood (in distress).
- Die siele kan nie rus vind in die dood/graf nie.
- Hulle soek en begeer (smag= sterk verlange) na rus, maar dit is nie vir hulle beskore nie.
  - ❖ “nog” = die dood is veronderstel om verligting/rus te bring, maar dit het nie.

Klanknabootsing = “klagend” versreël 7.

Assonansie = herhaling van aa-klanke.

Toutologie (Opstapeling van woorde met dieselfde betekenis) = “graf” en “dood”

- ❖ Beide verwys na na die dood.
- ❖ Funksie: beklemtoning.

Strofe 2

Daar is ’n kontras tussen strofe 1 en strofe 2.

- Die eerste agt versreëls beskryf die storm daarbuite.
  - ❖ Versreëls 9-12 beskryf die kalm, warm/veilige atmosfeer binne die huisie.
- Funksie = beklemtoning.

9	My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.

Verkleining = vuurtjie/kersie skep ’n intieme en vreedsame atmosfeer.

- Dit is rustig binne die huisie.
- Kersie verskaf lig = simboliseer hoop.
  - ▪ Die versreël staan in kontras met versreël 1 (donker teenoor lig)

10	Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
11	ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;

Gehoorsintuig staan uit – herhaling van “hoor”

- ’n Mens kan die storm daar buite hoor raas (loei).
- “loei” = klanknabootsing = onomatopee.
- Hy kan hoor hoe die wind aan die ruite/vensters ruk.

12	hierbinne is dit veilig, warm en dig.

Die spreker is nie bang nie.

- Binne in sy huisie is dit veilig/nie gevaarlik nie en warm.
- Die huisie is dig/toe = moeilik deurdringbaar = die woeste elemente van buite kon nie inkom nie.
  - ❖ Sy geloof was baie sterk (dig).
  - ❖ Sy huis sal hom beskerm teen die onophoudelike storms daarbuite.
  - ❖ Hy kan nog die storm daar buite “hoor” maar hy voel veilig.
- Die kalmte/vrede/rustigheid binne die huisie is tasbaar (jy kan dit voel).

Strofe 3

In die strofe kry ons die gevolgtrekking/samevatting van die spreker. Hy is nie bang nie. Hy daag die natuurelemente uit.

13	Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –

14	dit is ’n rots waarop my huisie staan.

Versreël 13 begin met ’n werkwoord (“kom”) – Gee ’n opdrag/bevel.

- Hy nooi/daag die slegte weer (natuurelemente/oseaan=see) uit om sy huisie te probeer inkom (om sy rus te kom versteur).
  - ❖ Herhaling van “kom” = beklemtoon die uitdaging.

- Aandagstreep (-) = beklemtoon die reël wat volg.
  - ❖ Niks sal hom bang maak nie, want sy huisie is op ’n rots gebou.
    - Sy geloof is baie sterk.
    - Sy geloof sal hom beskerm en veilig hou teen al die gevare (misdaad/siektes/verhoudingsprobleme/ens.) daarbuite.
    - Sy rots is God.
  - ❖ Die spreker weet dat deur geloof sal hy enige moeilikheid kan oorwin.

Die spreker se huis is dalk klein (die mens is nietig), maar dit staan op ’n vaste fondament (’n rots = sy geloof).

Alliterasie = herhaling van die w-klank in versreël 13.

KONTRAS

Versreëls 1-8 = Stormagtige toestande buite die huis.
Versreëls 9-12 = Veilig en warm binne sy huisie.

VRAE

1 Verduidelik in DRIE sinne waaroor die gedig gaan. (3)

2 Waarom word daar in die gedig na intertekstualiteit verwys? (1)

3 Wat is die funksie van die verkleinwoord “huisie” in die titel? Gee TWEE feite. (2)

4.1 Benoem die beeldspraak in versreël 1. (1)

4.2 Verduidelik wat die spreker met die beeld bedoel. (1)

5 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die spreker nie meer na ’n huisie by die see soek nie. (1)

6.1 Watter soort verteller het ons in die gedig? (1)

6.2 Wat is die funksie van die soort verteller in VRAAG 6.1? (1)

7 Haal ’n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. (1)

8 Waarom word die woord “aaneen” in versreël 2 herhaal? Gee TWEE redes. (2)

9 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat die stormsee beskryf. (1)

10 Hoekom sal die golwe letterlik nie sy huisie kan verwoes nie? (1)

11 Wat is die denotatiewe betekenis van die huisie wat op ’n rots gebou is? (1)

12 Watter tegniek word gebruik om die kontras tussen die huisie en die stormsee te beklemtoon? (1)

13 Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing uit strofe 1 aan. (1)

14 Benoem die beeldspraak in versreël 5. (1)

15 Watter sintuig word in strofe 1 en 2 beklemtoon? (1)

16 Noem die DRIE dinge wat die wind doen. Gee slegs DRIE WOORDE. (3)

17 Die golwe slaan saggies teen die rotse.

Haal ’n versreël aan om die stelling as onwaar te bewys. (1)

18 Gee ’n voorbeeld van ’n vergelyking uit die gedig. (1)

19.1 Hoe sal jy in strofe 1 die toestand buite die huis beskryf? Gee slegs EEN WOORD. (1)

19.2 Hoekom, dink jy, is hierdie woeste elemente vir die spreker **nog meer** vreesaanjaend? (1)

20 Hoe sal jy voel as jy alleen by die huis is terwyl daar ’n storm buite woed? Hoekom sê jy so? (1)

21 Waarmee word die wind se geluide in strofe 1 vergelyk? (1)

22.1 Waaruit kan jy aflei dat die verlore siele nie tot ruste kan kom nie? Gee TWEE APARTE WOORDE. (2)

22.2 Wat word gesuggereer met die woorde “verlore siele”? (1)

23 Die verlore siele loop dwalend rond.

Wat doen die verlore siele nog wat baie irriterend kan wees? (1)

24 Waarna soek die verlore siele? (1)

25 Wat begeer die verlore siele? (1)

26 “al dwalend, klagend, wat in graf en dood” (Versreël 7)

Benoem die binnerym. (1)

27 Haal die woord uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die verlore siele ly. (1)

28 Noem die natuurelemente wat dreig om die huisie te verwoes. (2)

29 Die verlore siele hou nooit op om te soek na rus nie.

Haal EEN WOORD aan wat die stelling as WAAR bewys. (1)

30 Wat word die rympatroon genoem in strofe 1? (1)

31 Watter tegniek word gebruik om die geluide van die wind te beklemtoon? (1)

32 Watter stylfiguur word gebruik om die geluide van die wind te beklemtoon? (1)

33 Beskryf die kontras tussen strofe 1 en 2. (2)

34 Haal TWEE APARTE WOORDE aan om die knus gevoel binne die huis te beklemtoon. (2)

35 Watter tegniek word gebruik om die rustige atmosfeer binne die huis te beklemtoon? (1)

36 Watter WOORD word in strofe 2 gebruik om die storm te beskryf? (1)

37 Wat word die stylfiguur in versreël 10 genoem? (1)

38 Haal die woord uit strofe 2 aan wat klanknabootsing aandui. (1)

39 Waaruit kan jy aflei dat die wind baie sterk in strofe 2waai? (1)

40 Hoe voel die spreker binne sy huisie? Gee slegs EEN WOORD. (1)

41 Hoekom sal die spreker warm kry binne sy huisie? (1)

42 Waaruit kan jy aflei dat die elektrisiteit af is terwyl daar ’n storm is? (1)

43 Watter WOORD uit strofe 2 verwys na die gehoorsintuig? (1)

44 Verduidelik die betekenis van die woord “dig” in versreël 12. (1)

45 Hoekom sal jy sê dat versreël 13 ’n instruksie is? (1)

46 Hoekom sal niks die spreker negatief kan beïnvloed nie? (1)

47 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die laaste TWEE versreëls word ’n ... genoem.

A sestet
B oktaaf
C kwatryn

D koeplet (1)

48 Wat is die funksie van die herhaling in versreël 13? (1)

49 Haal ’n WOORD uit die gedig aan wat dieselfde betekenis het as “branders”. (1)

50 Wat, dink jy, is die belangrikste funksie van ’n permanente woning? (1)

51 Noem TWEE dinge wat die harmonie in ’n huis kan versteur? (2)

52 Watter tyd van die dag word in die gedig beskryf? (1)

53 Verduidelik die dieper betekenis van die koeplet. (2)

54 Wie is sie spreker se rots? (1)

55 Wat is die spreker se rots? (1)

56 Is daar progressie in die gedig? Motiveer jou antwoord. (2)

57 Hoekom, dink jy, sal jou geloof jou kan help teen die aanslae van die lewe?(1)

58 Verduidelik in jou eie woorde die kontras wat ons in die gedig kry. (2)

59 Kyk na die tipografie van die gedig.

Waarom, dink jy, staan die koeplet tipografies apart? Verduidelik jou antwoord. (2)

60.1 Noem die TWEE elemente wat die spreker se veiligheid bedreig? (2)

60.2 Hoekom is die spreker nie bang vir hierdie natuurelemente nie? (1)

61 Ouers moet vir hulle kinders ’n ouerhuis bied waarin hulle emosioneel veilig kan voel.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

62 Is jy bang vir die see? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

63 Waarteen beskerm jou ouerhuis jou? (1)

64 Waarom, dink jy, het mens ’n huis of ’n plek nodig om in te bly? (1)

65 Watter ander sintuie buiten die gehoorsintuig, het die spreker ook gebruik om sy omgewing waar te neem? (2)

MEMORANDUM

1 ’n Mens moet jou lewe op die regte fondamente bou.
Met die regte fondasie in jou lewe sal niks jou kan onderkry nie.
Jy kan enige storms in jou lewe trotseer as jou lewe op die fondamente van geloof (rots)/liefde gebou is. (3)

2 Reëls uit die gedig verwys na ’n gelykenis in die Christelike Bybel. (1)

3 Hy het baie van sy huisie gehou/hy het ’n liefdevolle verhouding met sy huisie gehad en
Sy huisie is weerloos teen die elemente (letterlik wind en weer en figuurlik die storms in ’n mens se lewe.) (2)

4.1 Metafoor (1)

4.2 Die huis is ’n metafoor van die spreker se geloof in God. (1)

5 “het” (1)

6.1 ek-verteller/ek-spreker (1)

6.2 Maak die gedig meer persoonlik/Jy as leser kan die gevoelens en emosies van die spreker ervaar. (1)

7 “Ek het ’n huisie by die see” (1)

8 Beklemtoon die aanhoudende/ritmiese geluid van die golwe wat teen die rotse slaan.
Die herhaling bind die gedig tot ’n eenheid/Dit gee ook ’n sangerige effek. (2)

9 “woeste” (1)

10 Sy huis is op ’n rots gebou. (1)

11 Sy huis is baie stewig. (1)

12 verkleiningswoord van “huisie” (1)

13 “klagend”/”kreun” (1)

14 Personifikasie (1)

15 gehoorsintuig (1)

16 “huil”; “kreun”; “klag” (3)

17 “met al die oseaan se woeste krag” (1)

18 “soos van verlore siele in hul nood”/die huil van die wind is soos die nood van verlore siele. (1)

19.1 “woeste” of angswekkend/rof (1)

19.2 Die golwe slaan aanhoudend/sonder ophou teenaan die huisie/hy kan die wind hoor waai. (1)

20 Bang – want mens weet nie of jou huis sterk genoeg is om die elemente te weerstaan nie/
Rustig – want ek weet my God sal my beskerm. (1)

21 Met verlore siele wat dood is en nie rus kan vind nie. (1)

22.1 “dwalend”; “klagend” (2)

22.2 siele wat nie gered is nie/siele wat nie op God vertrou het nie. (1)

23 Hulle kla/murmereer. (1)

24 rus/vrede (1)

25 rus/vrede (1)

26 assonansie (1)

27 ‘klagend” /nood (1)

28 die branders wat teen die rotse slaan
Die wind wat erg waai (2)

29 “smag” (1)

30 omarmde rym (1)

31 aandagstreep (1)

32 klanknabootsing/onomatopee (1)

33 Buite die huis is daar al die elemente (storm) wat die huis bedreig maar binne is dit warm en veilig. (2)

34 “veilig”; “warm” (2)

35 verkleiningsvorm van vuurtjie en kersie (1)

36 “loei” (1)

37 klanknabootsing/onomatopee (1)

38 “loei” (1)

39 Die winde ruk aan die ruite (1)

40 “veilig” / “warm” (1)

41 Daar brand ’n vuurtjie (1)

42 ’n Kers brand (1)

43 “loei” (1)

44 Sy huisie is moeilik deurdringbaar/die woeste elemente van buite kan nie by sy huisie inkom nie. (1)

45 Begin met ’n werkwoord. (1)

46 Sy huis is op ’n rots gebou/sy geloof is baie sterk (1)

47 D (koeplet) (1)

48 beklemtoon die uitdaging wat aan die weer gestel word (1)

49 “golwe” (1)

50 Dit gee sekuriteit (1)

51 Argumente/mishandeling/alkoholmisbruik/erge armoede/werkloosheid /misdaad/siektes (2)

52 aand/nag (1)

53 Die spreker weet dat deur sy geloof sal hy enige moeilikheid in sy lewe kan oorkom. (1)

54 God (1)

55 geloof (1)

56 Ja. Die spreker begin deur te beskryf hoe erg die storm daar buite is en dan hoe veilig hy binne in die huisie voel en dan gee hy die rede hoekom hy so veilig voel – sy huisie is op ’n rots gebou (sy geloof is sterk) (2)

57 ’n Mens se geloof laat jou sterk voel/gee jou selfvertroue (1)

58 Buitekant is die storm baie erg en binne die huisie is dit veilig en warm. (2)

59 Dit beklemtoon hoe sterk sy geloof is – niks sal hom kan onderkry nie. (1)

60.1 wind en branders (2)
60.2 Hy weet God sal hom beskerm/hy weet dat sy huisie baie stewig is. (1)

61 Ja. Dit is ’n verantwoordelikheid wat op die ouers se skouers rus. (1)

62 Ja – Die golwe maak my baie bang.

Nee – Ek geniet dit om in die branders te speel. (1)

63 Teen die lelike gedrag van my maats/teen wind en weer. (1)

64 Dit gee sekuriteit/Laat mens veilig voel. (1)

65 sig en gevoel (2)

Rondom my – Dawie de Jager

1 Ek wil my tyd vat hierdie keer
2 ek moet my tyd vat hierdie keer
3 want die haastigheid in my

het my al veels te veel keer
ondergekry
my ondergekry.

Ek wil my tyd vat hierdie keer
ek moet my tyd vat hierdie keer.
Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
dinge wat jou terughou.
Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
Kom wees net jy, kom wees net jy.

As jy wil tyd vat hierdie keer
kom vat ñ rukkie hier by my
As jy tyd wil vat
kom wees hier rondom my
kom wees hier rondom my
net as jy wil ...
net as jy wil.

With me

I want to take my time this time
I must take my time this time
because the haste in me
has already far too many times

5 got me down
6 got me down.

7 I want to take this time
8 I must take my time this time
9 I see the blues in you through the little in your eyes.
10 I know there are things that still bother you
11 things that hold you back.
12 Come show me who you are and who you'd like to be.
13 Come and be just you, come be just you.

14 If you want to take time this time
15 come take a moment here by me
16 if you want to take time
17 come and be with me
19 only if you want to ...
20 only if you want to.

("Rondom my" Dawie de Jager – corrections supplied by poet)

AGTERGROND

Dawie de Jager is deel van die musiekgroep, Klopjag.

- In 2002 was hulle finaliste in die ATKV-Crescendo kompetisie.
- In 2003 het hulle die Geraas musiektoekenning gekry.
- Hulle is in groot aanvraag by musiekfeeste soos Aardklop en KKNK.
- "Rondom my" is op een van Klopjag se CD's beskikbaar.
- Op 'n Facebook-inskrywing van 12 Desember 2016 het hy sy Afrikaanse onderwyser bedank vir die mooi manier hoe hy 'n gedig kon opsom. Hy het

dan ook aan sy onderwyser genoem dat sy gedig ook nou ’n voorgeskrewe gedig is.

“Rondom my” is ’n liriek en ’n populêre liedjie.

- ’n Liriek is ’n digkuns wat sterk persoonlike gevoel uitdruk. (Volgens die HAT)
- ’n Gedig is ’n stuk letterkundige skryfwerk wat emosies/ondervindings/ gedagtes uitdruk.
- Nog kenmerke van ’n liriek:
  - Daar is ’n refrein (koorgedeelte) en woorde/woordgroepe/versreëls word herhaal.
- Met ’n liedjie deel jy jou gevoelens met ander net soos in ’n gedig.
  - Dit kan gelukkig of hartseer wees.
- Lirieke word dikwels vanuit ’n ek-perspektief gesing.
  - Onthou: Net soos met ’n gedig is die liriekskrywer en die spreker nie noodwendig dieselfde persoon nie.
- ’n Liriek is dus ryk aan klank, ritme, baie herhaling en is gevoelvol.

Daar is baie **HERHALING** – funksie: beklemtoning.

STEMMING

“Rondom my” is ’n **liefdeslied** dus romanties.

Gebruik van **VOORNAAMWOORDE** maak dié gedig meer persoonlik.

TEMA

Liefde en hoe verhoudings benader moet word.

BOU

Uiterlik = 3 strofes en daar is baie herhaling van woorde/woordgroepe/versreëls.

Innerlik = Progressie.

- Daar is ontwikkeling in die verloop van gebeure.
- Hy verklaar sy liefde met verloop van tyd – nie dadelik nie.

Die liriek het ’n universele betekenis.

- Almal raak verlief/glo in die liefde/wil sy/haar geliefde by hom/haar hê.

ENJAMBEMENT

Dit beheer die tempo van die gedig.

TITEL

Die spreker (my) wil sy geliefde by hom/naby/om hom hê ten spyte van die feit dat hy dit rustig wil vat.

Strofe 1

1	Ek wil my tyd vat hierdie keer
2	ek moet my tyd vat hierdie keer

Ek-spreker wil sy tyd vat/rustig wees met die verhouding.

- "wil" = hy het die begeerte om dit rustig te vat.
- "moet" = hy het nie ŉ keuse nie – dit is belangrik dat hy sy tyd vat.
    - Hy **wil** en **mag** nie weer oorhaastig wees nie.
- "hierdie keer" (spesifiek nou) = daar was ŉ vorige keer en dit het nie gewerk nie.

Versreëls 1-2 en 7-8 is ŉ refrein.

♫ Herhaling van "my tyd vat"

Gebruik van **voornaamwoorde** maak dit baie persoonlik.

3	want die haastigheid in my
4	het my al veels te veel keer

"want" gee ŉ rede hoekom hy dinge stadiger wil vat.

♥ In sy vorige verhoudings was hy te haastig en toe het dinge nie uitgewerk nie.

❖ Ken jy die uitdrukking: Van haastigheid kom lastigheid? = deur oorhaastigheid kan jy ŉ saak verbrou.

Versreël 4 impliseer dat dit al baie gebeur het.

♥ Hy was al in ŉ paar verhoudings waar hy seergekry het en dit nie uitgewerk het nie.

❖ Hy wil nie weer dieselfde foute maak nie.

5	ondergekry
6	my ondergekry

Die haastigheid het hom ondergekry = moedeloos gemaak/hulpeloos laat voel/duur te staan gekom.

Alleenplasing en herhaling = wil die gevoel van moedeloosheid beklemtoon.

Strofe 2

7	Ek wil my tyd vat hierdie keer
8	ek moet my tyd vat hierdie keer

Begin die strofe met die refrein (herhaling van versreëls 1 en 2)

❖ Dit skep ritme.

❖ Herhaling van r1 en r2 = beklemtoon sy vroeëre oorhaastigheid.

9	Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.

Metafoor (beknopte vergelyking)

- "blou" = letterlik (denotatief) blou oë MAAR
  - ❖ Dit word konnotatief (figuurlik) gebruik.
    - 👁 Sy het ook droefheid/hartseer/heimweë ervaar (blou = blues) in 'n vorige verhouding.
    - 👁 Hy kan dit in haar oë sien.

10	Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
11	dinge wat jou terughou.

Sy is ook skrikkerig om weer in 'n verhouding betrokke te raak.

- Sy wil dit ook stadig vat.
  - ❖ Hy weet dus dat sy ook tyd nodig het/daar is ook dinge wat sy nog moet uitsorteer.
  - ❖ Daar het ook dinge in haar vorige verhoudings gebeur wat haar op haar hoede stel.
  - ❖ Sy is ook bang/skrikkerig om weer seer te kry.
  - ❖ Hulle voel dieselfde oor die verhouding.

12	Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.

Die spreker nooi haar uit om na hom te kom sodat hy haar kan leer ken en verstaan.

- Sy kan haarself wees.
- Sy hoef nie voor te gee om iemand te wees wie sy nie is nie.
- Sy hoef nie te verander nie.
- Hy sal haar ruimte gee.

13	Kom wees net jy, kom wees net jy.

Herhaling = beklemtoon sy kan net haarself wees wanneer sy by hom is.

<u>Strofe 3</u>

14	As jy wil tyd vat hierdie keer

Hier kry ons 'n herhaling van die refrein, maar die "ek" word nou met "as jy" vervang.

- "as" = sy het 'n keuse; hy dwing haar nie = dit bly haar besluit.
- Dit is nie meer net hy wat sy tyd wil vat nie, maar ook sy.

15	kom vat ’n rukkie hier by my

Hy nooi haar uit om tyd saam hom te spandeer.

- Dit is al hoe ’n mens iemand beter leer ken.

16	As jy tyd wil vat
17	kom wees hier rondom my
18	kom wees hier rondom my
19	net as jy wil ...
20	net as jy wil.

Herhaling = beklemtoon die feit dat dit haar keuse is.

- Versreëls 17-18 = herhaling = beklemtoon dat hy haar graag naby hom wil hê/oral om hom wil hê.
    - ❖ “rondom my” = hy wil die middelpunt van haar bestaan wees.
- Versreël 19 = ellips = hy wil hê sy moet daaroor gaan dink en nie ’n oorhaastige besluit neem nie.
    - ❖ Dit gaan nie nou meer oor hom nie, maar oor haar behoeftes.

PROGRESSIE

Vanaf “haastigheig in my” tot “tyd vat”.

RYMSKEMA

Vrye vers = geen vaste rymskema nie.

HERHALING

Refrein regdeur die gedig.

- Beklemtoon dat hy sy tyd sal neem/geduldig sal wees.
- Die herhaling bind die gedig tot ’n eenheid.

BOODSKAP

- ’n Verhouding is iets wat ’n mens stadig moet vat.
- Jy moet jou tyd vat om iemand te leer ken.
- Jy kan nie iemand dwing om van jou te hou nie.
- Jy moet jouself kan wees in ’n verhouding
    - ❖ As jy jouself moet verander, gaan dit nie werk nie.

VRAE

1 Verduidelik die woorde van die titel in jou eie woorde. (1)

2 Wat is die naam van die musiekgroep waarvan Dawie de Jager lid is? (1)

3 Kies die KORREKTE woord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer, bv. 3 E

Die gedig is ’n ...

A roman.
B liriek.
C storie.
D verhaal. (1)

4 Noem DRIE kenmerke wat ’n liriek het. (3)

5 Wat is die funksie van die herhaling in die gedig? (1)

6 Kies die KORREKTE woord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

Die gedig is ’n (bieggedig/liefdesgedig). (1)

7 Wat is die funksie van die voornaamwoorde? (1)

8.1 Watter soort spreker het ons in die gedig? (1)

8.2 Wat is die funksie van die spreker in VRAAG 8.1? (1)

9 Stem jy saam dat die gedig ’n universele tema het? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

10 Wat word die rympatroon genoem in die refrein? (1)

11 Die spreker is haastig om sy liefde te verklaar.

Haal ’n versreël aan om die stelling verkeerd te bewys. (1)

12 Waaruit kan jy aflei dat dat die spreker homself nie ’n keuse gun as om die verhouding rustig te vat nie? Gee slegs EEN WOORD uit strofe 1. (1)

13 Watter rede gee die spreker dat hy sy tyd wil vat om sy geliefde te leer ken? (1)

14 Waarom het die spreker se vorige verhoudings nie uitgewerk nie? (1)

15 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die spreker se vorige verhoudings hom moedeloos laat voel het. (1)

16 Waaruit kan jy aflei dat die spreker al seergekry het? Gee slegs EEN WOORD uit die gedig. (1)

17 Wat word met die woorde “hierdie keer” gesuggereer? (versreël 2) (1)

18 Haal VIER opeenvolgende woorde aan wat wys dat hierdie nie sy eerste verhouding in sy lewe is nie/dat hy al ’n paar keer seergekry het. (1)

19 Noem TWEE tegnieke wat die digter gebruik om sekere woorde te beklemtoon. (2)

20 Kies die KORREKTE woord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer, bv. 20 E.

Die herhaling van versreëls is om ... te skep.

A geduld
B kalmte
C liefde
D ritme (1)

21 Wat word die beeldspraak in versreël 9 genoem? (1)

22.1 Word die woord “blou” DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik? (1)

22.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 22.1. (1)

23 Hoe het die spreker agtergekom dat sy geliefde ook al seergekry het? (1)

24 Bestudeer versreëls 12 en 13.

Wat, dink jy, was die rede hoekom sy geliefde haar tyd wil vat met dié verhouding? (1)

25 Hoekom sal jy sê, is dit belangrik dat ’n mens jouself in ’n verhouding moet wees? Verduidelik jou antwoord. (2)

26 Haal die versreël aan wat sê dat sy geliefde haarself nie hoef te verander nie. (1)

27 Skryf ’n versreël uit strofe 2 neer waarin alliterasie voorkom. Onderstreep die klanke wat herhaal word. (1)

28 Hoe sal dit vir die spreker moontlik wees om sy geliefde beter te leer ken? (1)

29 Dink jy ’n langafstandverhouding kan werk? Motiveer jou antwoord. (1)

30 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit strofe 3 aan waaruit ons kan aflei dat die spreker nie sy geliefde sal dwing om iets te doen nie. (1)

31 Haal die versreël in strofe 3 aan wat sê dat hy haar naby hom wil hê terwyl hy haar beter leer ken. (1)

32 Wat is die funksie van die ellips in versreël 19? (1)

33 Verduidelik versreëls 17 en 18 in jou eie woorde. (1)

34 Waaruit kan jy aflei dat dit haar keuse is of sy hom beter wil leer ken? (1)

35 Noem TWEE dinge wat volgens jou belangrik is vir ’n verhouding om te werk. (2)

MEMORANDUM

1 Die spreker wil sy geliefde oral om hom hê. (1)

2 Klopjag (1)

3 B (liriek) (1)

4 ’n Liriek is ryk aan klank, ritme en herhaling/dit is gevoelvol (3)

5 Die herhaling bind die gedig tot ’n eenheid. (1)

6 liefdesgedig (1)

7 Maak die gedig meer persoonlik (1)

8.1 ek-spreker (1)

8.2 Maak die gedig meer persoonlik/ons kan die spreker se gevoelens (emosies) ervaar. (1)

9 Ja. Baie mense ervaar dieselfde gevoelens wanneer hulle verlief raak/Hierdie ervaring is nie net op een persoon/situasie van toepassing nie maar kan enige plek, enige tyd of met enige persoon gebeur. (1)

10 paarrym (1)

11 “Ek wil my tyd vat hierdie keer” (1)

12 “moet” (1)

13 Hy het al te veel kere seergekry. (1)

14 Hy was te haastig. (1)

15 “ondergekry” (1)

16 “ondergekry” (1)

17 Daar was ’n vorige keer wat hy verlief was en hy het seergekry. (1)

18 “veels te veel keer” (1)

19 Herhaling en alleenplasing (2)

20 D (ritme) (1)

21 Metafoor (1)

22.1 Konnotatief. (1)
22.2 Hy kan die hartseer/droefheid ook in haar oë sien. (1)

23 Hy het dit in haar oë gesien. (1)

24 Die vorige keer wou iemand dalk gehad het sy moes verander om by hom aan te pas/sy kon nie haarself wees in die vorige verhouding nie. (1)

25 ’n Mens kan nie volhou om iets voor te gee wat jy nie is nie. Iewers eis dit sy tol en jy is ’n ongelukkige mens. (2)

26 “kom wees net jy, kom wees net jy” (1)

27 “Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees” (1)

28 Wanneer sy tyd saam hom spandeer. (1)

29 Ja. Met vandag se tegnologie is dit moontlik om in kontak met ’n geliefde te bly al is julle ver van mekaar.
Nee. Al kan jy kontak maak met die selfoon, het ’n mens ’n behoefte daaraan om jou geliefde fisies by jou te hê. (1)

30 “as jy wil” (1)

31 “kom vat ’n rukkie hier by my” / “kom wees hier rondom my” (1)

32 Hy wil hê sy moet daaroor gaan dink en nie ’n oorhaastige besluit neem nie (1)

33 Die reël beklemtoon dat hy haar oral om hom wil hê (1)

34 Die ellips na die reël “as jy wil ...” (1)

35 ’n Mens moet jouself kan wees en
jy moet dit rustig vat/jy moenie oorhaastig wees nie. (2)

Boekmerk – Marlise Joubert

1 kinders
2 met wange soos mossies
3 wat teen elke oggend stoei

hande altyd woerende vlerke
elke lyfie ’n seilende gesang –
        vlak bo die waterspieël
        van ’n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
        waarom is alles altyd hier
        waarom moet ek leer
        van optel aftrek deel
        van dooie digters
        uit die toentertyd
        en watter land sit waar
        en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

        kom ons pars die wind
        met wange soos soldaatjies

        totdat elkeen net die geur
        van jasmyn kan boekmerk
        teen die onheil van ons
        ellelange reis

Bookmark

children
with cheeks like sparrows
that wrestle with every morning

hands always whirling wings
each little body a soaring hymn –
        just above the water mirror
        of a stone floor passage

diligently the drops of sound shower
over her until with surprise she tastes
the smell of bitter sweet jasmine
from her school years
where she also could grumble
and protest:

        why is everything always far away
        why is everything always here
        why must I learn
        about adding subtracting division
        about dead poets
        from the olden days
        and which country is where
        and why the sun rotates

then she recreated the day –
she worked with every school bell
for the sparrow child:

        come let's press the wind
        with cheeks like soldiers

        until each one only the scent
        of jasmine can bookmark
        against the misfortune of our
        very long journey

AGTERGROND

Marlise Joubert het haar eerste gedig geskryf toe sy 7 jaar oud was.

- Sy is ook 'n skrywer van romans en radiodramas.
- Sy skilder ook graag.
- Sy bedryf tans saam met haar man 'n webblad: Versindaba.

TEMA

Die invloed wat onderwysers op hulle leerders kan hê van ’n baie jong ouderdom af (verkleinwoord: lyfie).

- Dit is ons as onderwysers se plig om die invloed wat ons op kinders het, positief te gebruik.

STEMMING

Positief.
Liefde vir die kinders.

TITEL

“Boekmerk” = Dit kan ’n stukkie papier/karton wees wat jy plaas op die bladsy of plek waar jy laaste gelees het/iets wat jy wil onthou. (Denotatief/letterlik)

- Sinoniem vir “boekmerk” is bladwyser.
  - ’n Plekwyser in die lewe van die kinders.
  - Die onderwyser wil/moet vir die kinders ’n simboliese boekmerk gee (konnotatief/figuurlik) sodat wanneer hulle eendag aan hulle skooljare terugdink, moet hulle kan onthou hoe lekker dit was.
    - Die kinders moet dit saam met hulle kan neem regdeur hulle lewe.
    - As hulle dalk hartseer ervaar het, sal hulle onthou om nie weer dieselfde foute te maak nie.

<u>Strofe 1</u>

Die onderwyser is hier ’n toeskouer.

1	kinders

Alleenplasing = hef die boodskap van die gedig uit/beklemtoon die boodskap van die gedig.

- Die gedig gaan oor die kinders.

2	met wange soos mossies

Vergelyking.

- Die kinders se wange word met die wange van mossies vergelyk.
  - Mossies se swart/wit wange is met sagte vere bedek.
  - Mossies is vaal voëltjies wat klein is en hulle kom oral in ons land voor.
  - Die uitdrukking = mossie maar man = persoon is klein, maar dapper.

Intertekstualiteit = ’n Digter gebruik dele/reëls/woorde van ’n ander teks of skryf oor dieselfde onderwerp as iemand anders.

- Mossies is vir God net so belangrik soos kinders.
  - Dit verwys na ’n teksgedeelte in die Bybel.

3	wat teen elke oggend stoei

Die kinders is nie baie lus vir skool nie (stoei) = word figuurlik gebruik.

- ❖ Ouers sukkel om kinders gereed te kry vir skool.

Letterlik - impliseer dit dat daar baie kinders is wat in die skool rondbeweeg.

4	hande altyd woerende vlerke

Metafoor = beknopte vergelyking.

- Die kinders se hande beweeg die hele tyd soos die mossie se vlerke.

Klanknabootsing = Onomatopee

- ❖ Woerende
  - ’n Mens kan die vlerkies hoor beweeg.
  - Gehoorsintuig.

5	elke lyfie ’n seilende gesang –

Metafoor.

- ❖ Elke lyfie (liggaampie = kinders is nog klein/baie jonk/nog op laerskool) is soos ’n seilende gesang (sailing song).
  - Lyfie = Letterlik klein.
  - Figuurlik = toegeneentheid teenoor die kinders/mens voel gunstig teenoor kinders.
- ❖ Vir die onderwyser (spreker) is elke kind kosbaar/sien elke kind as ’n pryslied.
  - Sy is dankbaar vir elke kind.
- ❖ Gesang = pryslied/geestelike lied.
  - Kan ook na die voëlgesang van die mossies verwys.

Aandagstreep = beklemtoon die reëls wat volg.

6	vlak bo die waterspieël
7	van ’n klipvloergang

Die gang van die skool blink (waterspieël) = Jy kan jouself daarin sien net soos jy jou eie weerkaatsing in die water kan sien.

- ❖ Kinders beweeg oor die gang net soos die mossies oor die blink oppervlakte van die water beweeg.

Herhaling van die “w”- klanke (versreëls 4 en 6)

- ❖ Gee ritme en atmosfeer.

<u>Strofe 2</u>

8	vlytig stort die druppels klank
9	oor haar uit totdat sy verbaas

Versreël 8 = personifikasie

- ❖ Vlytig = hardwerkend/fluks

- ❖ Die klank/geluide word oor haar uitgestort/sy hoor die kinders wat in die gange beweeg en gesels.
    - Onderwyseres (vroulik – laerskoolonderwyseres = verkleiningsvorm van “lyfie – reël 5) nie meerhier ’n toeskouer nie – sy word deel van die kinders se lewens.
    - Die klanke/geluide herinner haar aan haar eie skooldae.
    - Sy is verbaas/verras wanneer sy haar eie skooldae kan onthou.

10	die reuk van bittersoet jasmyn
11	uit haar skooljare proe

Sy onthou haar skooljare (proe = smaaksintuig).

- ❖ Sy plaas haar in die kinders se skoene.

Sinestesie = kombinasie van sintuie.

- ❖ Reuk- en smaaksintuig (proe).

Oksimoron = teenstrydighede in dieselfde woord – bittersoet.

- ❖ Saam met die soet herinneringe (lekker/goeie tye) is daar ook die bitter (die minder aangename herinneringe).
    - Haar skooldae was lekker maar ook sleg.

Jasmyn is ’n tuinplant met ’n aangename geur/is ook ’n parfuum.

12	waar sy ook kon mor
13	en protesteer:

Sy kan onthou hoe sy altyd oor skool gekla het.

- ❖ Protesteer = die dinge wat nie vir haar lekker was nie.

Versreël 12 = assonansie – herhaling van die “o”-klank.

Versreël 13 = dubbelpunt – ’n verduideliking gaan volg.

- ❖ Ons kry ’n lys van al die klagtes van kinders.

Dubbelpunt = ’n Verduideliking gaan volg/’n uitbreiding van die gedagte gaan kom.

Strofe 3

14	waarom is alles altyd ver
15	waarom is alles altyd hier
16	waarom moet ek leer
17	van optel aftrek deel
18	van dooie digters

19	uit die toentertyd
20	en watter land sit waar
21	en waarom draai die son

In dié strofe kry ons al die vrae waarop kinders vandag nog antwoorde soek.

- ❖ Dit is dieselfde herhalende/murmerende vrae/klagtes wat die spreker ook lank terug (toentertyd) gehad het.
- ❖ Die herhaling van “waarom” = beklemtoon die vrae van die kinders.
    - Hoekom moet hulle al die goed leer.
    - Vir die kinders is hierdie dinge vervelig en hulle soek meer opwindende dinge om te doen.

Versreël 18 = alliterasie – herhaling van die “d”-klank.

Versreël 19 = toentertyd – baie lank terug.

Vakke waarvan hier gepraat word.

- ❖ Versreël 17 = Wiskunde
- ❖ Versreël 18 = Afrikaans/Tale
- ❖ Versreëls 20-21 = Aardrykskunde/Geografie

Die herhalende vrae bind die gedig tot ’n eenheid.

Strofe 4

Die onderwyser gebruik haar herinneringe as ’n leerder om die kinders voor haar te help.

22	toe maak sy die dag weer oor –

Sy (spreker/onderwyser) is nog steeds in die skoene van die leerders maar sy verander haar houding.

- ❖ Sy begin nou anders dink (sy maak die dag oor).
- ❖ Sy besef dat die kind belangrik is/besef haar rol in die kind se lewe.
    - Sy as onderwyser moet die kind positief beïnvloed.
    - Sy wil vir die kinders dae gee wat hulle vir altyd sal onthou/wat hulle vir altyd saam hulle kan dra.

Aandagstreep = beklemtoon die reëls wat volg.

23	met elke skoolklok werk sy
24	namens mossiekind:

Elke les wat sy nou doen, spreek tot die kind en word vir hom/haar uitgewerk sodat hy/sy daarby baat vind.

Sy verwys nou na kinders as “mossiekind” .

- ❖ Die kinders is net so kosbaar/belangrik soos die klein mossies in God se heelal.

Dubbelpunt = beklemtoon die woorde wat volg.
- ❖ Wys daar is ’n verduideliking wat gaan volg.

Strofe 5

25	kom ons pars die wind
26	met wange soos soldaatjies

Letterlike betekenis.
- ❖ Mossies het wit/swart wange met sagte donsies bedek wat in die wind lyk soos die soldaatpette met flappe.
- ❖ Pars = blomme (in die geval - jasmyn) kan in ’n boek gepars word totdat dit platgedruk is tussen die bladsye van die boek, so word mossies se wange ook deur die wind teen hulle wange gepars/platgedruk.

“Ons” = onderwysers moet die kinders voorberei op die lewe (pars).
Vergelyking.
- ❖ Leerders/kinders moet soos soldate opgelei word om gereed te wees vir wat op hulle wag in die lewe.
- ❖ Die mossiekind moet nou ’n dapper soldaat wees.
    - Toegerus om die lewe met sy swaarkry en probleme suksesvol aan te vat.

Strofe 6

Die kinders sal nou weerbaar/voorbereid wees teen die eise van die lewe.

27	totdat elkeen net die geur
28	van jasmyn kan boekmerk

Boekmerk = bv. die blom wat gepars is in ’n boek.
- ❖ Eendag kan die leerder terugblaai na daardie dae van vrede en geluk (reuk van jasmyn = aangenaam).
    - Hulle kan die goeie dae van skool onthou.
    - Dit is spesiaal.

29	teen die onheil van ons
30	ellelange reis

Onheil = daar is ook slegte tye in ’n mens se lewe, maar dit help as jy iets moois het om aan terug te dink/om te onthou/waarheen jy kan terugblaai.

Versreël 30 = alleenplasing/inkeping (spasie) – beklemtoning

- ❖ “ellelange reis” = lewensreis/ baie lank (ellelange).
    - Op die kind se lewensreis kan hy terugblaai na sy boekmerk en die goeie herinneringe van vrede en geluk onthou.

BOODSKAP

Onderwysers speel ’n belangrike rol in kinders se lewe.

- ❖ Ons moet kinders help deur vir hulle ’n boekmerk (die goeie tye op skool) te gee, sodat wanneer daar slegte tye in hulle lewe is, kan hulle terugblaai na die boekmerk en die goeie tye onthou.
    - Ons taak as onderwysers is nie net om kinders ’n klomp feite te leer nie, maar ook om hulle voor te berei op die lewe.

ENJAMBEMENTE

Een versreël loop oor in die volgende versreël sonder die gebruik van leestekens.

- ❖ Dit laat die gedig vloei.
- ❖ Dit beeld die kinders se beweging/aktiwiteit uit.

RYMSKEMA

Vrye vers = geen vaste rymskema nie.

HERHALING

Versreël 2 en versreël 26 en “waarom” = bind die gedig tot ’n hegte eenheid saam.

TIPOGRAFIE

Alleenplasing = versreël 1 en 30.
Inkepings = (versreëls 6-7/14-21/25-30)

- ❖ Beklemtoon die boodskap van die gedig.

PROGRESSIE

In die begin is die onderwyser net ’n toeskouer. Dan begin sy dink aan haar skooldae en besef sy is nie net daar om kinders te leer nie, maar ook om hulle voor te berei vir die lewe.

VRAE

1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

’n Boekmerk is bv. (’nmerk wat jy met ’n pen maak / ’n stukkie papier op die bladsy) om aan te dui waar jy laas opgehou lees het. (1)

2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 2E

Die stemming in die gedig is ...

A passievol.
B liefdevol.
C hoopvol.
D genotvol. (1)

3 Wie is die spreker in die gedig? (1)

4 Die titel is “Boekmerk”.

4.1 Word die woord “boekmerk” KONNOTATIEF of DENOTATIEF gebruik? (1)

4.2 Verduidelik jou antwoord in VRAAG 4.1. (1)

5 Wat is die letterlike betekenis van “boekmerk”? (1)

6 Watter tegniek is gebruik om die woord “kinders” uit te hef/te beklemtoon? (1)

7 Verduidelik hoekom die woord “kinders” alleen in versreël 1 staan. (1)

8 Benoem die beeldspraak in versreël 2? (1)

9 Wat word met mekaar in versreël 1 en 2 vergelyk? (2)

10 Verduidelik versreël 2 in jou eie woorde. (1)

11 Wat word die stylfiguur genoem waar die digter woorde/frases uit ’n ander teks gebruik? (1)

12 Die kinders is opgewonde om skool toe te gaan.

Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan om die stelling VERKEERD te bewys. (1)

13 Benoem die beeldspraak in versreël 4. (1)

14 Wat word met mekaar in versreël 4 vergelyk? (1)

15 Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing uit strofe 1 aan. (1)

16 Die kinders se hande is aan die beweeg.

Is die stelling WAAR of ONWAAR? Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan om jou antwoord te staaf. (1)

17 Wat is die funksie van die aandagstreep in versreël 5? (1)

18 Waarom is die gebruik van die verkleiningsvorm van “lyfie” so effektief? (1)

19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 19E

Versreël 5 – “elke lyfie ’n seilende gesang –“ is ’n voorbeeld van ...

A ironie.
B inversie.
C metafoor.
D onomatopee. (1)

20 Wat word met die woorde in versreël 5 gesuggereer? (1)

21 Waaruit kan jy aflei dat die gange van die skool blink? (1)

22 Wat is die ooreenkoms tussen die “waterspieël” en “klipvloergang”? (1)

23 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat na ’n pryslied verwys. (1)

24 Watter tyd van die dag word in strofe 1 beskryf? (1)

25 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die herhaling van die “w”-klanke in strofe 1 gee (ritme/emosie) aan die gedig. (1)

26 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat dieselfde as “hardwerkend” beteken. (1)

27 Benoem die beeldspraak in versreël 8. (1)

28 Gee TWEE voorbelde uit strofe 2 wat die onderwyser aan haar skooljare herinner. (2)

29 Haal ’n voorbeeld van ’n oksimoron uit strofe 2 aan. (1)

30 Watter WOORD uit strofe 2 dui aan dat die onderwyser verras is oor haar eie herinneringe? (1)

31 Waarom, sal jy sê, word ’n mens se herinneringe as “bittersoet” beskryf? (1)

32 Wat word die stylfiguur genoem wanneer ’n kombinasie van sintuie gebruik word? (1)

33 Noem die DRIE sintuie wat in strofe 3 voorkom. (1)

34 Noem DRIE dinge wat die onderwyser ook as kind op skool gedoen het. (3)

35 Gee die versreël waarin assonansie voorkom. Onderstreep die herhalende klanke. (1)

36.1 Noem die plant waarvan daar in strofe 2 gepraat word. (1)

36.2 Watter ander gebruikersfunksie het die plant in VRAAG 36.1? (1)

37 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van strofe 2? (1)

38 Van watter WOORD uit strofe 2 kan jy aflei dat nie net die kinders van vandag baie kla nie? (1)

39 Dink jy daar is ’n verskil tussen die skoolgaande kinders van lank gelede en die skoolgaande kinders van vandag t.o.v. hulle houding teenoor skoolgaan? Motiveer jou antwoord uit die gedig. (1)

40 Waaroor, dink jy, kla kinders op skool die meeste? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

41 Hoekom, dink jy, moet kinders van al hierdie “onnodige” dinge in strofe 3 leer? (1)

42 Noem die DRIE vakke waarvan daar in strofe 3 gepraat word. (3)

43 Wat is jou gunstelingvak? Hoekom? (1)

44 Haal die WOORD aan wat na baie lank gelede verwys. (1)

45 Wat is die funksie van die enjambement in strofe 3? (1)

46 Daar is geen leestekengebruik in strofe 3 nie.

Hoekom is dit so effektief? (1)

47 Gee ’n voorbeeld van alliterasie in strofe 3. Onderstreep die allitererende klanke. (1)

48 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat na die vak, Afrikaans, verwys? (1)

49 Noem DRIE ooreenkomste tussen die onderwyser en die leerders. (3)

50 Wat word met versreël 22 gesuggereer? (1)

51 Na wie verwys die woord “mossiekind”? (1)

52 Hoekom is die gebruik van die metafoor in versreël 24 effektief? (1)

53 Haal die WOORD uit strofe 4 aan wat impliseer dat sy alles vir die kind doen. (1)

54 Na wie verwys “ons” in versreël 25? (1)

55 Hoe kan die onderwyser, volgens strofe 4, die kind help? Verduidelik volledig. (2)

56 Benoem die beeldspraak in strofe 5. (1)

57 Wat is die letterlike betekenis van versreëls 25-26? (2)

58 Wat is die konnotatiewe betekenis van “pars” in versreël 25? (1)

59 Versreël 26 - “met wange soos soldaatjies”

Waarom word daar na die kinders as “soldaatjies” en nie “mossies” verwys nie? (1)

60 Watter WOORD in strofe 6 verwys na “gevaar”? (1)

61 Waarna verwys “ellelange reis”? (1)

62 Noem TWEE tegnieke wat gebruik word om versreël 30 te beklemtoon. (2)

63 Versreël 30 – Die “ellelange reis” van die kind is vervelig.

Stem jy saam met die stelling? Haal EEN WOORD uit strofe 6 aan om jou antwoord te bewys. (1)

64 Wat kan jy as kind, volgens dié gedig, DOEN om die onaangename dinge wat in jou lewe gebeur, vir jouself hanteerbaar te maak? (1)

65 Hierdie gedig is ’n vrye vers.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

66 Wat is die tema van die gedig? (1)

67 Wat is die boodskap van die gedig? (1)

68 Wat is die funksie van die herhaling van versreël 2 en versreël 26? (1)

69 Noem TWEE goed waarvoor Jasmyn gebruik kan word? (1)

70 Wat is die letterlike betekenis van die woord “lyfie”? (1)

71 Van watter soort dinge in jou lewe, dink jy, kan ’n mens ’n “boekmerk” maak? (1)

72 Waarom sal jy nie ’n “boekmerk” wil maak van die ongelukkige dinge in jou lewe nie? (1)

73 Wat, volgens jou, kan ’n onderwyser doen om skoolgaan vir jou lekker te maak? (1)

74 Watter soort gedrag van ’n onderwyser maak jou ongelukkig? Motiveer jou antwoord. (2)

75 Waarom, dink jy, is dit so belangrik om goeie herinneringe van jou skooldae te hê? (1)

76 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker is ŉ (sielkundige / onderwyseres). (1)

77 Van die begin van die gedig af word die kind en die mossie met mekaar vergelyk.

Watter ENKELE WOORD dui aan dat die twee later ŉ eenheid/een word? (1)

78 Kies die beeldpsraak/stylfiguur uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 78.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
78.1 "met wange soos soldaatjies"	A Onomatopee
78.2 "dooie digters"	B Metafoor
78.3 "die reuk van bittersoet jasmyn"	C Personifikasie
78.4 "elke lyfie ŉ seilende gesang"	D Sinestesie
78.5 "die reuk van bittersoet jasmyn uit haar skooljare proe"	E Vergelyking
78.6 "woerende vlerke"	F Alliterasie
78.7 "waar sy ook kon mor"	G Assonansie
78.8 "vlytig stort die druppels klank"	H Oksimoron
	I Inversie

(8)

79 Voltooi die paragraaf:

Die TEMA van hierdie gedig is dat (79.1) ... groot invloed op hulle (79.2) ... het en dit moet (79.3) ... ingespan word. (3)

MEMORANDUM

1 ŉ stukkie papier op die bladsy (1)

2 B (liefdevol) (1)

3 ’n onderwyseres (1)

4.1 Konnotatief (1)

4.2 Die onderwysers moet vir die kinders ’n simboliese boekmerk gee sodat wanneer hulle eendag aan hulle skooljare terugdink, moet hulle kan onthou hoe lekker dit was. (1)

5 Dit is ’n stukkie papier/karton wat jy op die bladsy plaas waar jy laaste gelees het. (1)

6 alleenplasing/die woord is alleen in die reël (1)

7 Wil beklemtoon dat die gedig oor kinders gaan. (1)

8 vergelyking (1)

9 Die kinders se wange word met die wange van mossies vergelyk (2)

10 Die mossies se wange is met vere bedek. (1)

11 intertekstualiteit (1)

12 “stoei” (1)

13 metafoor (1)

14 Die bewegende hande van die kinders met die vlerke van die mossies wat fladder. (1)

15 “woerende” (1)

16 Waar. “woerende” (1)

17 beklemtoon die reëls wat volg (1)

18 om te beklemtoon hoe kosbaar die kind is. (1)

19 C (metafoor) (1)

20 Elke kind is vir die onderwyser kosbaar/onderwyser sien elke kind as ’n pryslied/onderwyser is dankbaar vir elke kind. (1)

21 van die woord “waterspieël” (1)

22 Kinders beweeg oor die gang net soos die mossies oor die blink oppervlakte van die water beweeg/Die mossies kan hulleself in die water sien net soos die kinders hulleself in die blink gang kan sien. (1)

23 “seilende gesang” (1)

24	oggend	(1)
25	ritme	(1)
26	“vlytig”	(1)
27	personifikasie	(1)
28	die reuk van jasmyn en Sy kan onthou hoe sy ook as kind oor skool kon kla	(2)
29	“bittersoet”	(1)
30	“verbaas”	(1)
31	Daar is nie net goeie herinneringe nie maar ook minder aangename herinneringe.	(1)
32	sinestesie	(1)
33	gehoor; reuksintuig, smaaksintuig	(3)
34	sy kon ook mor (kla), protesteer en baie vrae waarom vrae vra.	(3)
35	waar sy ook kon mor	(1)
36.1	jasmyn	(1)
36.2	dit is ook ’n parfuum	(1)
37	’n verduideliking gaan volg/uitbreiding van die gedagte gaan kom	(1)
38	“ook”	(1)
39	Nee. Kinders van lank gelede het dieselfde vrae gevra as die kinders van vandag, bv. hoekom moet hulle skool toe gaan/leer.	(1)
40	Die baie huiswerk – hulle wil net TV kyk of speletjies op hulle rekenaars speel of met hulle vriende op sosiale media kuier. (leerder se eie sinvolle antwoord)	(1)
41	Dit verbreed ’n mens se kennis/maak die wêreld vir jou a skind oop/groter.	(1)
42	Wiskunde, Afrikaans en Aardrykskunde/Geografie	(3)
43	Afrikaans – Ek is Engels en dit is vir my belangrik om met Afrikaanse mense in hulle taal te kommunikeer. (Leerder se eie sinvolle antwoord)	(1)
44	“toentertyd”	(1)

45 Dit laat die gedig vloei (1)

46 Dit laat die gedig vloei. (1)

47 van dooie digters (1)

48 “dooie digters” (1)

49 Die onderwyser het ook as kind gemor, geprotesteer en waarom vrae gevra as vandag se kinders. (3)

50 Sy begin nou anders dink – sy besef sy speel ’n belangrike rol in die kinders se lewe. (1)

51 die kinders (1)

52 Die kinders is vir God net so kosbaar soos die mossies vir Hom is. (1)

53 “namens” (1)

54 die onderwysers maar kan ook na die kind en onderwyser saam verwys (1)

55 deur die kind positief te beïnvloed en
Goeie herinneringe vir die kind oor skool te gee. (2)

56 Vergelyking (1)

57 om bv. ’n blommetjie te pars, sit jy dit in ’n dik boek en los dit daar tot dit platgedruk is ; nou net so word die mossies se wange (die veertjies op hulle wange) ook deur die wind platgedruk. (2)

58 Onderwysers moet die kinders op die lewe voorberei/gereedmaak/reg vorm (1)

59 Die kinders moet soos soldate opgelei word om paraat te wees sodat hulle die probleme/swaarkry op hulle pad suksesvol kan hanteer. (1)

60 “onheil” (1)

61 lewensreis van ’n mens (1)

62 alleenplasing en inkeping (2)

63 Nee. “onheil” (1)

64 Jy kan terugblaai na jou boekmerk en die goeie herinneringe van vrede en geluk onthou. (1)

65 Ja. Geen vaste rymskema nie. (1)

66 Die invloed wat onderwysers op hulle kinders het van ’n jong ouderdom af. (1)

67 Ons as onderwysers moet kinders positief beïnvloed. (1)

68 Bind die gedig tot ’n eenheid (1)

69 Dit is ’n tuinplant en parfuum. (2)

70 Kinders is nog jonk/baie klein (1)

71 Van al die mooi/goeie dinge wat in jou lewe gebeur. (1)

72 Dit ontstel ’n mens om daaraan te dink/Jy wil eerder daarvan vergeet. (1)

73 ’n Onderwyser kan positief teenoor hulle leerders optree/vriendelik wees/opreg voorkom/nie afbrekende taal teenoor hulle leerders gebruik nie/hulle leerders prys, ens. (1)

74 Wanneer die onderwyser negatief is/vernederend teenoor my optree want dit maak my ongelukkig/hartseer.
(leerder se sinvolle antwoord) (1)

75 Want dan kan jy daaraan dink wanneer dit minder goed gaan en dit sal jou laat beter voel. (1)

76 onderwyser (1)

77 “mossiekind” (1)

78.1 E
78.2 F
78.3 H
78.4 B
78.5 D
78.6 A
78.7 G
78.8 C (8)

79.1 onderwysers
79.2 kinders/leerders
79.3 positief (3)

Die boodskapper – Peter Snyders

1 Die aandster vonkel soe speels vanaand
2 was daa ń knipoeg

van jou
na my?

Djy is soe naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van ń gedagte
weg van my

Ek los ń boodskap
by Venus vir jou –
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
op die omslag

The messenger – Peter Snyders

The evening star sparkles so playfully tonight
was there a wink

3 from you
4 to me?

5 You are so close
6 as the brightest star
7 you are the speed of a thought
8 away from me

9 I'll leave a message
10 with Venus for you –
11 when you (come) out of your evening class
12 stick out your hand
13 take it off:

14 It's the letter
15 with the kiss
16 on the cover

Hierdie is 'n liefdesgedig.

AGTERGROND

Peter Snyders se moedertaal is Kaapse Afrikaans.

- Sy poësie is straatpoësie/praatpoësie.
- Daar is heelwat Engelse woorde.

- Klanke assimileer soms.
- Die “o”-klank word as “oe” uitgespreek.
- Woorde word gespel soos dit uitgespreek word.

Peter Snyders het al op skool begin skryf omdat hulle by die skool ’n stukkie koek kon kry as hulle iets voorgedra of opgevoer het.

- Vir ’n arm kind was dit motivering.

STEMMING = speels.

TEMA

Die gedig beskryf vir ons hoe dit voel om verlief te wees veral wanneer die ander persoon nie naby jou is nie.

TIPOGRAFIE

Uiterlike bou = 16 Versreëls

- Vier strofes = 2 kwatryne, 5 versreëls en 1 tersine.
- Inkeping (spasies) = Versreëls 3/4/13/16.
    - Woorde wat volg, word beklemtoon.

Innerlike bou = Daar is progressie.

- Die aandster knipoog.
- Die geliefde wat ver is.
- Die boodskap vir die geliefde by Venus.
- Die beskrywing van die boodskap.

VRYE VERS

- Geen vaste rymskema nie.
- Reëllengtes verskil.
- Baie min leestekengebruik.

TITEL

Die titel verwys na iets of iemand wat ’n boodskap bring.

- Die boodskapper is Venus (die aandster/môrester).
- Personifikasie = Venus word as ’n mens voorgestel.

<u>Strofe 1</u>

1	Die aandster vonkel soe speels vanaand

Aandster = Venus = helderste ster in die hemelruim en word ook die môrester genoem.

- ❖ Dit word so genoem omdat dit ’n paar uur na sonsondergang en ’n paar uur voor sonsopkoms gesien kan word.

Venus word as die planeet van liefde gesien want
- ❖ dit is vernoem na die Romeinse godin (vrou) van liefde en skoonheid.

Die aandster vonkel (sparkle) helder.
- ❖ Dit lyk asof die ster ’n oog is wat vinnig knip.

Alliterasie = “s”-klank = bevestig die spelerigheid van die gedig en van die verliefdes.

2	was daa ’n knipoeg

Personifikasie = Die ster wat knipoog

3	van jou
4	na my?

“my” en “jou” word uitgehef deur DRIE tegnieke:
* Inkeping (wit spasie)
* Kort versreëls
* “my” en “jou” aan die einde van die versreëls.

“jou” = die geliefde wat aangespreek word.
“my” = die spreker
- ❤ Die liefde vir die “jou” is die kerngedagte.

Die inkeping = boots die beweging van die spreker en sy geliefde na
- ❖ Hulle beweeg nader na mekaar.

Die strofe eindig met ’n retoriese vraag.
- ❖ Daar is nie ’n antwoord op die vraag nie.
- ❖ Funksie = beklemtoning.

<u>Strofe 2</u>

5	Djy is soe naby
6	soes die helderste ster

Vergelyking

Helderste ster = skakel met aandster in versreël 1: Venus.
* Intensiewe vorm van helder = glashelder/kristalhelder.

Kontras = Die ster is “naby” maar is eintlik baie ver.
- ❖ Alhoewel die aandster fisies ver weg is, voel dit naby omdat dit die helderste ster in die naghemel is.

“D<u>jy</u> is so na<u>by</u>” = binnerym

7	djy's die spoed van 'n gedagte
8	weg van my

Al is Venus so ver van die aarde af, is die boodskap van liefde naby (gedagte = hy kan aan haar dink).

- ❖ Afstand is soos die spoed van 'n gedagte.
- ❖ Kontras = Die geliefde is so naby soos die helderste ster (ster is ver van ons af) en so naby soos 'n gedagte (dit is vinnig).

Eindrym = Versreëls 5/8.

Djy's = jy is = stylfiguur: Elisie

Strofe 3

9	Ek los 'n boodskap
10	by Venus vir jou –

Die naam van die boodskapper word nou gegee: Venus.

- ❤ Venus = simbool van liefde
- ❤ = godin van liefde.

Venus is 'n veilige plek om die boodskap te los omdat dit die planeet van liefde is.

- ❤ Hy wil hê sy moet opkyk en as sy die aandster sien, moet sy weet hy dink aan haar.

Aandagstreep = verduideliking wat volg

* Kort tydsverloop wat afwagting skep

- ✓ Wat is die boodskap?

11	as djy yt jou aandklas

Nou sien ons waar die geliefde is = by 'n aandklas

- ✍ Sy studeer waarskynlik deeltyds ('n student)
- ✍ Aandklas = dit is aand en hoekom sy die ster sal sien.

12	kom, stiek yt jou hand
13	haal dit af:

Dit is baie maklik om die boodskap te kry.

- ✋ Sy moet net haar hand uitsteek.
- ✋ Dit is simbolies van 'n uitreik na hom
- ❤ 'n Teken dat sy sy liefde aanvaar.

Daar word geïmpliseer dat dit maklik is om die boodskap te kry.

- ❖ Afstand tussen die geliefde en die ster word as maklik beskryf (uitsteek van hand/'n gedagte – baie naby maar tog so ver).

Dubbelpunt (:) – versreël 13 = verduideliking gaan volg.

- ❖ "dit" = gaan verduidelik wat sy moet gaan afhaal.

Inkeping = beklemtoon hoe maklik dit is om die boodskap te kry.

- ❖ Die spasie wil letterlik vir ons wys hoe sy net haar hand moet uitsteek om die boodskap (dit) te kry.

Strofe 4

14	dis die briefie
15	met die soentjie
16	op die omslag

Die boodskap is 'n briefie wat die spreker vir sy geliefde by Venus gelos het.

- ♥ 'n Liefdesbrief = Hy verklaar sy liefde aan haar.

Daar is 'n soentjie op die omslag (buitekant).

- ❖ Soentjie = dalk 'n kruisie of 'n mond met lippe.
- ❖ Die soentjie bevestig sy liefde vir haar.
- ❖ Hy beskryf aan haar hoe sy briefie lyk sodat sy sal weet watter een (boodskap) hare is.

Verkleiningsvorm (briefie/soentjie) = beklemtoon dat dit 'n eenvoudige boodskap is.

Inkeping = Die oop (wit) spasie skep die gevoel van die soen of dat die soen in die oop wit spasie gegee word.

- ❖ Net soos in strofe 1 beklemtoon dit die nabyheid tussen die spreker en sy geliefde.

Ons weet dit is 'n liefdesboodskap (die soentjie) maar ons weet egter nog steeds nie wat die presiese inhoud van die brief is nie.

BOODSKAP

Om verlief te wees is lekker.
Bring romanse terug in jou verhouding.

VRAE

1	Noem DRIE kenmerke van Kaapse Afrikaans.	(3)
2	Waarom is die gedig nie in Standaardafrikaans geskryf nie?	(1)
3	Hoekom sal jy sê word Peter Snyders se digkuns "straatpoësie" genoem?	(1)
4	Wie/wat is die boodskapper in die gedig?	(1)
5	Watter ander WOORD is vir Venus in die gedig gebruik?	(1)
6	Hoekom, dink jy, is die **aandster** as beeld in die gedig gebruik? Noem TWEE feite.	(2)

7 Waaruit kan jy aflei dat die aandster met ’n mens kommunikeer? Haal TWEE APARTE WOORDE uit strofe 1 aan. (2)

8 Aan wie moes die boodskap afgelewer word? (1)

9 Haal ’n WOORD uit strofe 1 aan wat dui op die helderheid van die aandster. (1)

10 Gee ’n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1. Onderstreep die allitererende klanke. (1)

11 Haal die WOORD uit strofe 1 aan wat die stemming van die gedig sal beskryf. (1)

12.1 Benoem die beeldspraak wat in strofe 1 voorkom. (1)

12.2 Haal die versreël as voorbeeld aan. (1)

13 Noem die DRIE tegnieke wat gebruik is om die “jou” en “my” in strofe 1 te beklemtoon. (3)

14 Strofe 1 eindig met ’n retoriese vraag. Verduidelik hoekom hierdie stelling WAAR is. (1)

15 Die spreker het nie die vrymoedigheid om vir sy geliefde ’n liefdesboodskap te stuurnie.

Verduidelik hoekom hierdie stelling volgens strofe 1 VERKEERD sal wees.(1)

16.1 Waarvan is die “aandster” ’n simbool? (1)

16.2 Hoekom het die spreker juis die “aandster” as simbool gebruik? (1)

17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 17 E.

“soes die helderste ster” – Versreël 6 is ’n voorbeeld van ....

A ’n metafoor.
B ’n vergelyking.
C personifikasie.
D ’n beknopte vergelyking. (1)

18 Waaruit kan jy aflei dat versreël 6 ’n vergelyking is? Haal slegs EEN WOORD uit die reël aan. (1)

19 Wie/wat is die helderste stêr? (1)

20 Sterre is ver van ons af.

Hoekom voel dit egter vir die spreker asof die aandster naby aan hom en sy geliefde was? (1)

21 Kies die KORREKTE woord om die sin te voltooi. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

"Djy is soe naby" is 'n voorbeeld van (eindrym/binnerym). (1)

22 Haal die versreëls aan waarin eindrym voorkom? (1)

23 Verduidelik in jou eie woorde wat versreël 7 beteken. (1)

24.1 Wat word die stylfiguur in die woord "djy's" genoem? (1)

24.2 Gee die korrekte Afrikaans vir die woord "djy's". (1)

25 Wat beteken dit dat die geliefde "die spoed van 'n gedagte" weg van die spreker is? (1)

26 Watter kenmerk het die aandster waaraan die geliefde dit maklik sal kan uitken? (1)

27 Verduidelik die twee beelde in strofe 2 wat aandui hoe naby die spreker aan die geliefde voel. (2)

28 Wat het die spreker vir sy geliefde by Venus in strofe 3 gelos? (1)

29 Waar was die geliefde? (1)

30 Waruit kan jy aflei dat die spreker se geliefde dalk 'n student is? (1)

31 Hoekom sal Venus 'n veilige plek wees om 'n boodskap by te los? (1)

32 Kies die KORREKTE woord om die sin te voltooi. Skryf net die woord as antwoord neer.

Die aandagstreep aan die einde van versreël 9 is gebruik om (afstand/afwagting) te skep. (1)

33 Kyk na strofe 3.

Hoe weet jy dat die spreker gevoel het dat sy geliefde sy boodskap maklik in die hande kon kry? (1)

34 Watter tegniek is gebruik om te beklemtoon hoe maklik dit was om die boodskap in die hande te kry? (1)

35 Hoekom is die uitdrukking "so naby maar tog so ver" gepas in strofe 3? (1)

36 Waarna verwys "dit" in versreël 12? (1)

37 Watter teken was daar dat die boodskap 'n liefdesbrief was? (1)

38 Hoe sou sy geliefde weet watter boodskap was hare? (1)

39 Watter bevestiging het die geliefde as sy die soentjie op die omslag sien? (1)

40 Waarom is die gebruik van die verkleiningsvorm so effektief? (1)

41 Hoekom het die spreker aan sy geliefde beskryf hoe die boodskap gelyk het? (1)

42 Waarom het die spreker 'n briefie aan sy geliefde geskryf en nie net met haar gepraat nie? (1)

43 Hoekom sou dit nie die spreker gehelp het om sy geliefde te bel nie? (1)

44 Op watter ander manier kon hy kontak met sy geliefde gemaak het? (1)

45 Waarvan was die "soentjie" op die omslag 'n simbool? (1)

46 Hoe sou die ontvanger weet dit was die regte boodskap? (1)

47 Wat was die boodskap wat die aandster vir die geliefde moes gee? (1)

48 Waaruit kan ons aflei dat die spreker in die aand praat? Gee TWEE redes. (2)

49 Dink jy hierdie gedig is romanties? Motiveer jou antwoord. (1)

50 Dink jy jongmense van vandag kommunikeer nog met hulle geliefdes deur briefies te skryf? Motiveer jou antwoord. (1)

51 Hoekom is die gedig 'n voorbeeld van 'n vrye vers? Gee DRIE redes. (3)

52 Bespreek die kontras in strofe 2. (2)

53 Hoe sal jy die spreker in die gedig se karakter beskryf? (1)

54 Na wie verwys die "jou" en "my" in strofe 1 onderskeidelik? (2)

MEMORANDUM

1 Klanke assimileer soms.
Die "o"-klank word as "oe" gespel.
Woorde word gespel soos dit uitgespreek word/Engelse woorde kom voor. (3)

2	Dit is geskryf soos Peter Snyders praat/Hy praat Kaapse Afrikaans.	(1)
3	Hy skryf/spel die woorde soos dit uitgespreek word deur die mense wat in die straat loop.	(1)
4	Venus	(1)
5	aandster	(1)
6	Aandster is Venus enVenus is die godin van liefde Dit is die helderste ster	(2)
7	“vonkel” ; “knipoeg”	(2)
8	die ‘jou”/geliefde	(1)
9	“vonkel”	(1)
10	soe speels	(1)
11	“speels”	(1)
12.1	Personifikasie	(1)
12.2	“was daa ’n knipoeg”	(1)
13	Inkeping (wit spasie) Kort versreëls “my” en “jou” aan einde van versreëls	(3)
14	Die vraag word nie beantwoord nie	(1)
15	Hy praat op ’n speelse manier met haar oor die aandster wat vonkel of knipoog	(1)
16.1	Die spreker is lief vir haar.	(1)
16.2	Die aandster is bekend as Venus en Venus is die godin van liefde.	(1)
17	B (vergelyking)	(1)
18	“soes”	(1)
19	Venus/aandster	(1)
20	helderste ster	(1)
21	binnerym	(1)
22	“Djy is soe naby/	

weg van my” (1)

23 Sy voel naby aan hom wanneer hy aan haar dink. (1)

24.1 Elisie (1)

24.2 jy is (1)

25 Hy kan aan haar dink (1)

26 Dit is die helderste ster (1)

27 Sy voel so naby aan hom soos die helderste ster
Sy voel so naby aan hom wanneer hy aan haar dink (spoed van ’n gedagte) (2)

28 ’n Boodskap/’n briefie (1)

29 By aandklas (1)

30 Sy het aandklas bygewoon (1)

31 Dit is die planeet van liefde (1)

32 afwagting (1)

33 Sy moet net haar hand uitsteek (1)

34 Inkeping (1)

35 Wanneer die sterre so helder skyn, lyk dit asof ’n mens net daaraan sal kan raak, maar dit is eintlik ver – glad nie so maklik om daaraan te raak nie (onmoontlik). (1)

36 Die boodskap (1)

37 Soentjie op die omslag (1)

38 Die brief met die soentjie op. (1)

39 Die spreker is lief vir haar. (1)

40 Beklemtoon die eenvoudigheid van die boodskap. (1)

41 sodat sy sal weet wat die regte boodskap vir haar is. (1)

42 Hulle was nie bymekaar nie (1)

43 Sy was by aandklas- sou nie haar foon kon antwoord nie (1)

44 Sosiale media (twitter.facebook/whatsapp/sms) (1)

45 Hy is lief vir haar (1)

46 Daar is ’n soentjie op die omslag (1)

47 Dat die spreker vir haar lief is (1)

48 Praat van die aandster
Geliefde woon ’n aandklas by (2)

49 Ja. Die sterre skep die idee van romanse (1)

50 Nee. Dit is makliker om dit persoonlik te sê/te sms/sosiale media is makliker om te gebruik en vinniger.
Ja. ’n Brief maak dit meer spesiaal/persoonlik/romanties. (1)

51 Geen vaste rympatroon/rymskema nie
Min leestekengebruik.
Reëllengtes verskil. (3)

52 Die geliefde voel so naby soos die helderste ster, so naby soos ’n gedagte maar ’n ster is eintlik baie ver van ons af – onmoontlik om daaraan te raak. (2)

53 romanties (1)

54 “jou” = die geliefde
“my” = die spreker (2)

pryslied – Antjie Krog

1 in die sandkliphart

vandag
staan hy
kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
houtskool en as is sy hare
hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
   UNosekeni die ma van Mandela
hy, die man met die vlesige palmkussings

hier staan hy
uit die gevestigde familie van Ngubengcuka
die seun van Dalindyebo
die seun van Mandela
hy van die rivieroewers by iNqunu
heelmaker uit die Thembu-stam

ŉ klein swart ster priem sy bo-lip

ons prys hom
hy wat nie lag nie en nie huil nie
eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
die swart pimpernel
hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

hier staan hy dan nou voor ons
Nelson Rolihlahla Mandela
getrokke tak van lank gelede
die sleepsel van sy blare lê wyd
legendaries is hy – opspoorder van harte
hy maak die pante bymekaar
    van ŉ verskeurde land
hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
hy, heelmaker van mense
hy stig vrede

“vrede, wat die ma is van groot nasies”

praise song

in the sandstone heart
today

he stands
head and thin shoulders above everyone else he stands
charcoal and ash is his hair
he, the sand-coloured son of uNosekeni
    uNosekeni the mother of Mandela
he, the man with the fleshy palm cushions

here he stands
from the established family of uNgubengcuka
the son of Dalindyebo
the son of Mandela
he of the river banks at iNqunu
healer from the Thembu tribe

a small black star pierces his upper lip

we praise him
he who doesn't laugh or cry
first leader of Umkhonto we Sizwe
the black pimpernel
he who doesn't laugh and doesn't cry

here he stands now before us
Nelson Rolihlahla Mandela
drawn branch from long ago
the trail of his leaves spreads widely
legendary he is – tracker of hearts
he folds the pieces together
   of the torn land
he turns us towards each other for each other
he, healer of people
he establishes peace

peace, the mother of great nations

AGTERGROND PRYSLIED

'n Pryslied kan ook soort van 'n gedig wees.

- Dit word nie gesing nie maar voorgedra/eer word betoon op 'n mondelinge manier.

- Die biografiese data (lewensbeskrywing van 'n persoon) van die persoon wat besing word, word dikwels in besonderhede in die gedig betrek.
    - Die pryslied is gewoonlik 'n samevatting van die belangrike persoonlike eienskappe en gegewens van die persoon wat geprys word.

Dit is tradisie in die Afrikakulture om die leiers met prysliedere te prys.

- 'n Pryssanger word 'n **imbongi** genoem.
    - In die verlede was hy die tussenganger tussen die koning en sy volk.
    - Hy maak die volk se behoeftes aan die koning bekend.
        - Die enigste persoon wat die koning eksplisiet/onomwonde mag kritiseer.
    - Die **imbongi** het naby die koning/leier se plek gewoon.
    - Hy het saam met die leier belangrike geleenthede bygewoon.
    - Die **imbongi** is omtrent altyd manlik.
    - Hy vertel van die goeie en die slegte dinge wat die leier gedoen het en kan ook soms voorspel wat gaan gebeur.

Die pryslied bevat baie eiename en die voorgeslagte van die leier word genoem (geslagregister word gegee).

- Dit suggereer dat die generasies by mekaar geleer het.
    - Daar is kommunikasie tussen die lewendes en die dooies.
    - Hulle almal is deel van die verhaal van die persoon wat besing word.

Antjie Krog maak gebruik van Mandela se biografiese besonderhede as basis vir haar pryslied.

- Die ander twee Xhosa-pryssangers (Mlangeni en Zolani) het ook die "struggle" en die internasionale gemeenskap betrek.

Krog stel in strofe 1 Mandela (Madiba) aan ons voor deur 'n beskrywing van sy fisiese voorkoms te gee –

- Skraal skouers
- Houtskool en as is sy hare
- Sandkleurig sy vel
- Vlesige palmkussings en
- In strofe 3 : die moesie op sy bolip.
    - Deur die opnoem van hierdie eienskappe hang sy 'n portret van Madiba voor die leser op.
        - Ons kan 'n beeld van hom voor ons sien.

Krog gebruik tradisionele stylfigure van die pryslied, nl. aaneenskakeling in versreëls 6/7, die naam van Madiba se voorgeslagte in versreëls 10/11/12.

TEMA

Nelson Mandela se lewe, karaktertrekke en invloed op mense word besing
TIPOGRAFIE

Uiterlike bou = Vrye vers en 6 strofes.

Innerlike bou:

Strofe 1 begin met 'n beskrywing van Nelson Mandela (soos 'n tradisionele pryslied) se uiterlike voorkoms.

- Gee vir ons 'n prentjie van hoe hy gelyk het.
- Strofe 2 = Dan kry ons sy familiebesonderhede.
- Strofe 4 = sy rol in die struggle-tydperk.
- Strofe 5 = vertel ons meer van die naam, Rolihlahla.
    - Deur die lofprysing word sekere eienskappe van Mandela beklemtoon.

STEMMING= Lofprysing

TITEL

Die titel sê vir ons dit is 'n lofdig (praise poem).

- Iemand (Nelson Mandela) word geprys.
- Die gedig is geskryf as 'n pryslied toe Nelson Mandela op 10 Mei 1994 as president van 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika ingehuldig (inagurated) is.

Die lys van Mandela se voorgeslagte (ancestors) in hierdie gedig is kenmerkend (tipies) van die pryslied.

- Dit klink soos 'n geslagregister (family tree).

Hierdie is 'n lied maar word mondelings voorgedra.

- Dit is klankryk en het musikale elemente.
- Daar is ritme, alliterasie, assonansie en herhaling.
    - Dit bring eenheid en beklemtoon sekere woorde.

ENJAMBEMENT = Sluit aan by die idee van die pryslied wat gesing word. Geen leestekens word in ag geneem nie.

<u>Strofe 1</u>

Mandela se fisiese/uiterlike voorkoms word beskryf.

1	in die sandkliphart

"sandklip" = is die klip (verharde sand) waarmee die Unie-gebou in Pretoria gebou is.

- Uniegebou is die hart van die regering en Pretoria.
- Dit is op die hoogste punt van Pretoria gebou.
- Dit is waar Nelson Mandela as president ingehuldig is.
    - Hier het hy sy eerste toespraak as president van Suid-Afrika gelewer.
    - Dit was op 10 Mei 1994.
    - Dit is dus waar die pryslied gesing is.

2	vandag
3	staan hy

Alleenplasing = om die woorde te beklemtoon

vandag = verwys na 10 Mei 1994 – inhuldiging as president
hy = Nelson Mandela

4	kop en skraal skouers staan hy bo almal uit

Woordspeling = Gebruik van die uitdrukking baie effektief om Mandela se belangrikheid en grootsheid te beklemtoon.

Hy was letterlik (denotatief) lank en skraal.
- Smal skouers gehad.

Figuurlik (konnotatief) = hy was ’n leier (belangrik/’n hooffiguur) in ons geskiedenis.
- Hy het uitgestaan in moreel, beginsels, leierskap, medemenslikheid, wysheid, ens.

Alliterasie = skraal skouers (“sk”)

5	houtskool en as is sy hare

Metafoor = sy hare word met houtskool en as vergelyk.
- Hy was besig om grys te word – nie meer jonk nie.

6	hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
7	uNosekeni die ma van Mandela

Sandkleurige = ligte velkleur soos die sandklip in versreël 1.
- Figuurlik was hy die hart van die mense in die land.

Nosekeni was sy ma.

Versreël 7 = “hy” aan die begin van die reël = beklemtoning = hy is belangrik

Alliterasie = Versreël 6 – herhaling van “s”
Versreël 7 – herhaling van “m”

Versreël 7 = inkeping en herhaling van wat in versreël 6 gesê is.
- Beklemtoning
- ’n Ma se invloed is vir die spreker baie belangrik in die vorming van ’n kind.

8	hy, die man met die vlesige palmkussings

“hy” aan die begin van die versreël = beklemtoning

vlesige palmkussings = letterlik sagte hande gehad en sy hande was groot.
- palmkussings = die binnekant van sy hande
- Hy het letterlik en figuurlik baie met sy hande gedoen.

- ❖ Figuurlik = hy het mense met sagmoedigheid (hy wou met niemand baklei nie/hy was stil) hanteer.

Strofe 2

Sy voorgeslagte word hier genoem.

9	hier staan hy

Herhaling van versreël 3/alleenplasing = beklemtoning

10	uit die gevestigde familie van Ngubengcuka
11	die seun van Dalindyebo
12	die seun van Mandela

Madiba se voorgeslagte word hier genoem/sy stamgeskiedenis.

Versreël 10 'n gevestigde familie = bestaan al lank
- ❖ Ngubengcuka = oupagrootjie

Versreël 11 = Dalindyebo was Mandela se voog na sy pa se dood.
- ❖ Hy het Mandela grootgemaak.

Versreël 12 = Mgadla Mandela was Madiba se pa.

Versreël 11 en 12 = herhaling skep eenheid.

13	hy van die rivieroewers by iNqunu

Dit is Mandela se geboorteplek.
- ❖ Hy het hier grootgeword.
- ❖ Dit is naby 'n rivier.

14	heelmaker uit die Thembu-stam

heelmaker = vredemaker
- ❖ Hy het 'n verdeelde (divided) volk weer "heel" gemaak.

Madiba is 'n lid van die Thembu-stam (tribe).

Strofe 3

15	'n klein swart ster priem sy bo-lip

Nog 'n uiterlike beskrywing van Mandela.
- ❖ Hy het 'n moesie op sy bolip (geboortemerk).

Figuurlik: ster = Hy is 'n "ster"/held in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Metafoor = sy moesie word met ’n swart ster vergelyk.

Strofe 4

16	ons prys hom

Alleenplasing = beklemtoning
- ❖ Sluit aan by die titel.

“ons” = is alle Suid-Afrikaners en “hom” is Nelson.
- ❖ Alle Suid-Afrikaners bring hulde aan Nelson Mandela.

17	hy wat nie lag nie en nie huil nie

Hy is besadig/gematig (nie oorhaastig nie/kalm)
- ❖ Hy is waardig (dignified) = in beheer
- ❖ Hy is ernstig oor belangrike sake.
- ❖ Wys nie baie emosies nie.

} Karaktertrek van Madiba

18	eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe

Metafoor

ratelaar (raasmaker)= leier
- ❖ Hy was Suid-Afrika se apartheidsregering se gewete (hy het geraas gemaak daaroor.
- ❖ Hy was ’n vryheidsvegter.
- ❖ Hy was rateltaai.
- ❖ Hy het dinge laat gebeur/mense laat wakker skrik.

Umkhonto we Sizwe = Xhosa vir “Spies van die Nasie” (Spear of the Nation).
- ❖ Dit was die gewapende/militêre vleuel van die ANC (African National Congress).
- ❖ Nelson Mandela was die medestigter van die gewapende vleuel ná die Sharpeville-moorde.

19	die swart pimpernel

Alleenplasing = beklemtoning

Joernaliste/die Pers het hom die bynaam gegee omdat die destydse regering en polisie hom nie in die hande kon kry toe hulle hom wou vang nie.
- ❖ Die naam is ’n karakter in ’n storie vir iemand wat ’n ruk lank verdwyn en dan weer ewe skielik gesien word.
  - ➢ Mandela was ’n voortvlugtige.
  - ➢ Vir 15 maande was Nelson Mandela bo-aan die apartheidspolisie se lys van mense wat hulle die graagste wou vang.
    - Die polisie het gereeld klopjagte op plekke gedoen waar Mandela uitgehang het, maar hy het hulle altyd ontwyk.

20	hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

Herhaling van versreël 17 = beklemtoon sy karakter.

Strofe 5

21	hier staan hy dan nou voor ons

Daar is progressie van versreël 3 na 16 na 21.

- "staan hy" (wie is Mandela) / "hier staan hy" (waar hy vandaan kom) / "hier staan hy dan nou voor ons" (wat hy gedoen het)
  - "hier" = by die Unie-gebou

22	Nelson Rolihlahla Mandela

Sy volle name word hier uitgehef/uitgelig deur net dit in die reël te plaas

Sy geboortenaam

- **ihlahla** beteken **tak**
- **rola** beteken **om uit te trek**

23	getrokke tak van lank gelede

Getrokke tak = woordspeling tussen die letterlike en figuurlike betekenis.

- Letterlik = tak wat getrek (los) is EN
- Figuurlik = Nelson Mandela het mense na hom toe aangetrek.

Die versreël impliseer dat Nelson Mandela was daarvoor bestem en het mense van orals af positief beïnvloed.

- Hy het mense na hom getrek.

24	die sleepsel van sy blare lê wyd

Metafoor – waar hy gaan, laat hy 'n spoor (merke) op die grond.

- lê wyd = sy invloed (nalatenskap) strek dus baie ver/ dis oor die hele wêreld heen en nie net in ons land, Suid-Afrika, nie.
- Hy het sy merk gelaat op Suid-Afrika se geskiedenis.
  - Hierdie tak wat uitgetrek is, laat 'n spoor/sleepsel (merk) op die grond.

Vanaf versreëls 25-28 is 'n opeenstapeling van metafore.

- Dit beskryf al Madiba se deugde (virtues) = persoonlikheidseienskappe.

25	legendaries is hy – opspoorder van harte

Inversie = omgekeerde woordorde = beklemtoon dat hy 'n legende is.

Nelson Mandela is ’n legende (iemand wat beroemd is en bewonder word).

- ❖ Hy het die land ná apartheid in ’n mate herstel.
- ❖ Skakel met versreël 4 = hooffiguur in ons geskiedenis.

Na die aandagstreep word redes gegee hoekom hy so ’n legende was.

- ❖ Dit was vir hom belangrik om te weet wat in mense se harte aangaan.
  - Dit was waarom hy mense besoek en graag met almal gesels het.
  - Hy het altyd die goeie in mense raakgesien.
  - Hy het ons geleer om vir mekaar om te gee.
  - Hy het tot mense se harte gespreek/aangeraak.

26	hy maak die pante bymekaar
27	van ’n verskeurde land

pante = letterlik = verskillende dele/stroke van ’n kledingstuk.
figuurlik = mense/rasse/volke/groepe

Hy het die verskillende volke/groepe/rasse wat voorheen van mekaar “verskeur” was, weer saamgebring.

- ❖ Hy herstel gebroke verhoudings.
  - Hy het orde herstel in ons gebroke land.

Versreël 27 = inkeping

- ❖ Hy wil die bymekaarbring van die land wat verskeur is, beklemtoon.
  - Dit is ’n belangrike saak waartoe Mandela bygedra het.

28	hy draai ons na mekaar toe vir mekaar

Hy bring versoening tussen wit en swart.

- ❖ Hy het vir ons Ubuntu gewys.
- ❖ Hy help ons om vir mekaar om te gee/saam te staan.

29	hy, heelmaker van mense

Hy het ons nasie heelgemaak en vrede gebring.

- ❖ Die Suid-Afrikaanse bevolking is nou EEN.

“hy” = eerste in versreël = beklemtoon Mandela se belangrikheid.

30	hy stig vrede

stig = hy het die vrede tussen nasies begin.

- ❖ Vredemaker
- ❖ Hy het vrede gebring na jare van letterlike en figuurlike oorlog.

Strofe 6

31	“vrede, wat die ma is van groot nasies”

Herhaling van vrede

- ❖ Beklemtoon dat nasies net ekonomies kan groei as daar vrede is.
  - Vrede is die moeder van alle groot nasies.
- ❖ Word ook beklemtoon deur die enkele reël in die strofe te plaas.
- ❖ Die versreël skakel met versreël 16.
  - Ons prys hom want hy het sy merk/spoor op Suid-Afrika en die wêreld gelaat.

No one is born hating another person
because of
the colour of his skin, or background, or relegion.
People must learn to hate,
and if they can learn to hate,
they can be taught to love,
for love comes more naturally to the human heart
than its possible.

Nelson Mandela (5/12/2013 oorlede)

VRAE

1 Watter soort gedig kan ’n mens verwag n.a.v. die “lied” in “pryslied”? (1)

2 As jy ’n pryslied moet skryf, oor wie sal jy skryf en hoekom? (1)

3 Wat word ’n persoon genoem wat ’n pryslied aan iemand opdra? Gee ook die Xhosa-woord. (1)

4 Hoekom sal dit vir die “imbongi” moontlik wees om ’n pryslied oor iemand te skryf? Gee TWEE redes. (2)

5 Wat is die belangrikste kenmerk van ’n tradisionele pryslied? (1)

6 Noem DRIE tradisionele stylfigure van die pryslied wat in Antjie Krog se pryslied na vore kom. (3)

7 Wie word in hierdie gedig geprys? (1)

8 Waarom is daar nie ’n lidwoord voor die titel nie? (1)

9.1 Sê in EEN SIN waaroor strofe 1 gaan. (1)

9.2 Sê in EEN SIN waaroor strofe 2 gaan. (1)

10 Waarna verwys die “sandkliphart” in versreël 1? (1)

11 Waarom, sal jy sê, is die Uniegebou in Pretoria ’n belangrike gebou in ons land? (1)

12 Haal die WOORD aan wat daarop dui dat Nelson Mandela **steeds** 'n belangrike persoon in die geskiedenis van Suid-Afrika is. (1)

13 Na watter gebeurtenis verwys "vandag" in versreël 2? (1)

14 Na wie verwys "hy" in versreël 2? (1)

15 Verduidelik die letterlike betekenis van versreël 4? Gee TWEE feite. (2)

16 Mandela het as leier bo ander uitgetroon.

Haal 'n versreël aan om te bewys dat die stelling WAAR is. (1)

17 Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE wat aandui dat Mandela nie oorgewig is nie. (1)

18 Nelson Mandela het vroeg in sy lewe president geword.

Haal 'n versreël aan om te bewys dat die stelling verkeerd is. (1)

19 Waarmee is Nelson Mandela se hare vergelyk? (2)

20 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die woord as antwoord neer.

Die beeldspraak in versreël 5 word 'n (vergelyking/metafoor) genoem. (1)

21 Wat word deur versreël 5 i.v.m. Mandela se haregesuggereer? (1)

22 Haal die WOORD aan wat na Mandela se ligte velkleur verwys. (1)

23 Wie was Nelson se ma? (1)

24 Hoekom, dink jy, word daar twee keer van sy ma gepraat? (1)

25 Hoe is Madiba in versreël 6 as belangrik uitgelig? (1)

26 Met watter WOORD skakel "sandkleurige" in strofe 1? (1)

27 Noem TWEE tegnieke wat gebruik is om versreël 7 te beklemtoon. (2)

28 Wat is die letterlike betekenis van "vlesige"? (1)

29 Wat is die konnotatiewe betekenis van "vlesige palmkussings? (1)

30 Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE wat na Mandela se voorgeslagte verwys het. (1)

31 Na wie verwys Ngubengcuka? (1)

32 Hoekom, dink jy, word Mandela se pa se naam nie direk genoem nie? (1)

33 Wie was Mandela se voog na sy pa se dood? (1)

34 Waar is Mandela gebore? (1)

35 Haal die versreël aan wat na Mandela se pa verwys het. (1)

36 Aan watter stamgroep het Mandela behoort? (1)

37 Gee die eerbenaming vir Mandela in strofe 2. (1)

38 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat dieselfde betekenis het as "vredemaker". (1)

39 Verduidelik hoekom Mandela as "heelmaker" beskryf is. (1)

40 Beskryf Mandela se fisiese voorkoms volgens strofe 1. (4)

41 Versreël 4 word deur alliterasie beklemtoon. Skryf die versreël neer en onderstreep die klanke. (1)

42 Wat is die figuurlike betekenis van "sandkleurige seun" versreël 6? Verduidelik jou antwoord. (2)

43 Waarom verdien Nelson Mandela jou respek volgens strofe 1? (1)

44 Noem die geboortevlek op Mandela se gesig. (1)

45 Haal 'n WOORD aan wat dieselfde betekenis het as "deurboor". (1)

46 Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE wat na Mandela se moesie verwys het. (1)

47 Waarmee is Mandela se moesie vergelyk? (1)

48 Waar presies op Mandela se gesig was sy moesie? (1)

49 Verduidelik in EEN goeie sin waaroor strofe 4 gaan. (1)

50 Hoe word versreël 16 beklemtoon? (1)

51 Is daar 'n verband tussen die titel van die gedig en versreël 16? Verduidelik jou antwoord. (1)

52 Hoe sal jy Mandela se karakter beskryf volgens versreël 17? Gee slegs EEN WOORD. (1)

53 Haal EEN WOORD aan wat wys dat Mandela die leier van Umkhonto we Sizwe was. (1)

54 Van watter WOORD kan jy aflei dat Mandela van die begin af by Umkhonto we Sizwe betrokke was? (1)

55 Wat is die Afrikaanse betekenis van Umkhonto we Sizwe? (1)

56 Wat was “Umkhonto we Sizwe”? (1)

57 Na aanleiding van watter geskiedkundige gebeurtenis is Umkhonto we Sizwe gestig? (1)

58 Verduidelik wat met “eerste ratelaar” geïmpliseer word. (1)

59.1 Gee die bynaam wat die joernaliste aan Mandela gegee het? (1)

59.2 Hoekom het die joernaliste vir hom die bynaam gegee? Gee TWEE feite. (2)

60 Nelson Mandela was nie baie gewild in Suid-Afrika nie.

Haal ’n versreël aan om die stelling VERKEERD te bewys. (1)

61 Wat is Mandela se volle geboortename? (1)

62 Hoe word Mandela se geboortenaam in die gedig beklemtoon? (1)

63 Verduidelik die woordspeling wat in versreël 23 voorkom. (2)

64 Waarna verwys “getrokke tak” in Mandela se lewe? (1)

65 Verduidelik die verband tussen versreël 22 en 23. (2)

66 Dink jy Nelson Mandela was net in Suid-Afrika bekend? Haal ’n versreël aan om jou antwoord te motiveer. (1)

67 Verduidelik versreël 24 in jou eie woorde. (1)

68 Waarmee word Mandela in strofe 5 vergelyk? (1)

69 Watter VIER opeenvolgende woorde in strofe 5 verwys na Mandela se invloed/nalatenskap? (1)

70 Haal die WOORD uit strofe 5 aan wat sê dat mense Nelson Mandela bewonder het. (1)

71.1 Word “pante” (versreël 26) denotatief of konnotatief gebruik? (1)

71.2 Waarna verwys die woord “pante” volgens strofe 5? (1)

72 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer,bv. 72E.

Versreël 25. “opspoorder van harte” beteken Mandela wou weet hoe ...

A mense hulle harte vernietig.
B mense hulle harte toemaak.
C mense hulle harte opspoor.
D mense in hulle harte voel. (1)

73 Haal die versreëls aan wat wys dat Mandela gebroke verhoudings herstel het. (1)

74 Watter WOORD in strofe 5 verwys na mense wat nie wil saamwerk nie/wat in twee verdeel is? (1)

75 Verduidelik in jou eie woorde wat die spreker met die inkeping van versreël 27 wil bereik. (1)

76 Haal die versreël uit strofe 5 aan wat verwys na die versoening waarvoor Mandela hom beywer het. (1)

77 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die woord as antwoord neer.

Die herhaling van “vrede” in versreëls 30 en 31 is om te beklemtoon dat nasies net kan (ondergaan/groei) as daar vrede is. (1)

78 Is daar ’n verband tussen versreëls 16 en 31? Verduidelik jou antwoord. (1)

79.1 Gee die TWEE metafore uit strofe 5 wat die karakter van Nelson Mandela beskryf. (2)

79.2 Verduidelik die twee metafore in jou eie woorde. (2)

80 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter.

Die gedig se atmosfeer kan as ... beskryf word.

A hartseer
B driftig
C treurig
D rustig (1)

81 Dink jy almal in Suid-Afrika voel dieselfde oor Nelson Mandela? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

MEMORANDUM

1 ’n Liriese gedig. (1)

2 My ma – Sy ondersteun my in alles wat ek doen.
(Leerder se eie sinvolle antwoord) (1)

3 pryssanger – imbongi (2)

4 Hy ken die persoon gewoonlik baie goed want hy tree as tussenganger op tussen die persoon en ander ander mense.
Hy woon gewoonlik naby die persoon.
Hy woon geleenthede saam met die persoon by. (2)

5 Dit is die samevatting van ’n persoon se belangrikste persoonlike eienskappe/die lewensbeskrywing (biografiese data) van die peroon word in besonderhede beskryf. (1)

6 Aaneenskakeling van versreëls.
Noem van voorgeslagte.
Gee ’n beskrywing van Mandela se fisieke voorkoms. (3)

7 Nelson Mandela (Madiba) (1)

8 Daar is meer as een pryslied oor Mandela geskryf. (1)

9.1 Sy fisieke voorkoms word beskryf. (1)

9.2 Sy familie agtergrond/sy voorgeslagte word gegee. (1)

10 Die Uniegebou in Pretoria (1)

11 Die hart van die regering/Nelson Mandela is hier as presidentingehuldig/hy het hier sy eerste toespraak as president gelewer. (1)

12 “vandag” (1)

13 Die inhuldiging van Mandela op 10 Mei 1994 as president van Suid-Afrika. (1)

14 Nelson Mandela (1)

15 Mandela was ’n lang man.
Hy was skraal/skraal skouers gehad. (2)

16 “kop en skraal skouers staan hy bo almal uit” (1)

17 “skraal skouers” (1)

18 “houtskool en as is sy hare” (1)

19 houtskool en as (2)

20 metafoor (1)

21	Hy is grys.	(1)
22	“sandkleurige”	(1)
23	Nosekeni	(1)
24	’n Ma speel ’n belangrike rol in die vorming van ’n kind se lewe.	(1)
25	“hy” is aan die begin van die versreël.	(1)
26	sandkliphart	(1)
27	Inkeping en die herhaling van wat in versreël 6 gesê is/alliterasie	(2)
28	sag	(1)
29	Nelson Mandela was ’n sagmoedige mens.	(1)
30	“gevestigde familie”	(1)
31	Mandela se oupagrootjie.	(1)
32	Hy is vroeg in Mandela se lewe oorlede daarom het hy nie ’n groot invloed op sy lewe gehad nie.	(1)
33	Dalindyebo	(1)
34	Nqunu	(1)
35	“die seun van Mandela”	(1)
36	Thembu-stam	(1)
37	heelmaker	(1)
38	“heelmaker”	(1)
39	Hy het ’n verdeelde volk weer “heel” gemaak/bymekaar gebring.	(1)
40	Hy was ’n lang man. Hy was skraal gebou/skraal skouers. Hy het ’n ligte vel gehad. Sy hare was grys. Sagte, groot hande	(4)
41	“kop en skraal skouers staan hy bo almal uit”	(1)

42 “sandkleurige” skakel met “sandkliphart” in versreël 1 wat verwys na die uniegebou wat die **hart** van Pretoria is en daaruit kan ons aflei dat Mandela die **hart** van die mense in die land was. (2)

43 Hy was ’n vredemaker/heelmaker/hy het ’n verdeelde volk weer “heel” gemaak. (1)

44 ’n swart moesie (1)

45 “priem” (1)

46 “swart ster” (1)

47 ’n ster (1)

48 op sy bolip (1)

49 Die rol wat Mandela in Suid-Afrika gespeel het. (1)

50 alleenplasing (1)

51 Ja. Die titel is “pryslied” en in versreël 16 word daar gesê “ons prys hom” wat die skakel met die titel is. (1)

52 besadig/gematig/kalm/waardig (1)

53 “ratelaar” (1)

54 “eerste” (1)

55 Spies van die Nasie (1)

56 Die gewapende/militêre vleuel van die ANC. (1)

57 Na die Sharpeville-moorde (1)

58 Mandela het geraas gemaak oor apartheid. (1)

59.1 swart pimpernel (1)

59.2 Die regering kon hom nie vang/kon hom nie in die hande kry nie.
Hy het vir lang rukke verdwyn en dan skielik weer verskyn. (2)

60 “ons prys hom” (1)

61 Nelson Rolihlahla Mandela (1)

62 Dit staan alleen in die reël. (1)

63 “getrokke tak” beteken ’n tak wat getrek is en
Mandela het mense na hom toe aangetrek. (2)

64 Hy was bestem om mense positief te beïnvloed. (1)

65 “ihlahla” beteken *tak* en “rola” om *uit te trek* en
“getrokke tak” beteken *’n tak wat getrek is*. (2)

66 Nee. “die sleepsel van sy blare lê wyd” (1)

67 Orals waar Mandela gaan, laat hy ’n spoor op die grond/sy invloed (nalatenskap) strek oor die wêreld heen en nie net in ons land nie. (1)

68 getrokke tak (1)

69 “sleepsel van sy blare” (1)

70 “legendaries” (1)

71.1 konnotatief (1)

71.2 verskillende rassegroepe/nasies/volke/mense (1)

72 D (mense in hulle harte voel) (1)

73 “hy maak die pante bymekaar
van ’n verskeurde land” (1)

74 “verskeurde” (1)

75 Sy wil beklemtoon dat Mandela die land wat verskeur was, weer bymekaargebring het. (1)

76 “hy draai ons na mekaar toe vir mekaar” (1)

77 groei (1)

78 Ja. Ons prys hom want hy het vrede gebring/ons prys hom want hy het sy spore orals gelaat om vrede te bring tussen die verskillende rasse/nasies. (1)

79.1 “hy maak die pante bymekaar/van ’n verskeurde land”
“hy draai ons na mekaar toe vir mekaar” (2)

79.2 Hy bring die verskillende rassegroepe bymekaar sodat daar versoening kan wees/almal kan saam werk.
Hy help ons om vir mekaar om te gee. (1)

80 D (rustig) (1)

81 Ja. Almal sien hom as die vredemaker.
Nee. Baie swart mense voel dat hulle nie werklik vry is nie.

(Leerder se eie sinvolle antwoord) (1)

By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en ’n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet oor ’n pyp eenkant toe swik
“ons beter geld kry, of ek los jou hier,”
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van ’n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui ’n fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en seer

’n motorruit tjier af en ver weg dreun ’n bus
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg ’n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en ’n kindjie jil
“mammie hy’s blind,” piep ’n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

“hier is nog tien rand,” sê die vrou
“koop vir jou iets om aan te kou”
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag

At the robot in First Avenue

two pairs of feet scrape over the tar
his arm and neck are so stiff and sore
his legs so lame from yesterday's standing
arms linked he follows obediently where they go

car tyres grind to a halt
in the tin five cents and a rand clink
he smells the fish and chips shop in first avenue
here at the robot where he stands all day

his arm gets jerked and pulled and he gets a fright
when awkwardly his foot stumbles one side over a pipe
"we better get money, otherwise I'll leave you here,"
hisses the tsotsi and his breath smells like beer

his heart beats as fast as a scared child
how will he find the place where he lies from here?
the traffic light clicks and the engines growl together
his dull eyes turning upwards

tring, tring rings a bicycle bell
he bends down and pulls at his broken sock
the traffic light clicks and the tyres scrape over the tar
his arm and shoulder are so stiff and sore

a car window squeals open and far away a bus groans
if only death would come and take him
then he could rest forever and ever
the tsotsi clears his throat and spits out a stream

money jingles in the tin and then lies still
the doves coo and a child cries out with pleasure
"mommy he's blind," the little girl pipes softly
 he turns his head away and waits

"here is another ten rand," the woman says
"buy something for yourself to eat,"
the traffic light clicks and he continues waiting
the tsotsi tugs his sore arm and laughs

AGTERGROND

Marita van Aswegen werk deeltyds as maatskaplike werkster met kinders in nood.

- ☹ Sy het al baie ellende gesien en ervaar.
  - 👁 Veral waar mense sonder gewete kinders en mense wat hulpeloos is, misbruik.
- ☺ Kinders en die natuur inspireer haar.
- ☺ Sy skryf oor dinge wat sy daagliks sien en ervaar.
- ☺ Haar stories het dikwels 'n groot stuk werklikheid.

ALGEMENE INLIGTING – BEDELAARS

Bedelaars se omstandighede is uniek.
Bedelaars kan in drie groepe verdeel word:

- ❖ Die tradisionele bedelaar.
- ❖ Die bedelaar by die robot.
- ❖ Die bedelaar wat van huis-tot-huis bedel.

Dit is belangrik om nie vir bedelaars geld te gee nie.

- ❖ Ondersteun eerder organisasies in jou omgewing wat dienste aan haweloses lewer.
- ❖ Hierdie organisasies kry nie geld van die staat nie en moet self geld insamel om die haweloses te help.
- ❖ Ondersteun hulle deur vir hulle kos en tweedehandse klere te skenk.
- ❖ Jy kan ook as vrywilliger werk.

Gesels 'n bietjie met jou klasmaats oor hoe dit moet voel om elke dag wakker te word en nie te weet of dit lig of donker is nie en om staat te maak op ander om jou te help.

- ☹ Dink net hoe sleg dit moet wees om blind en brandarm te wees.
  - 👎 Dit is dan ook wat in hierdie gedig gebeur.
  - 👎 Mense sonder 'n gewete gebruik ander se blindheid om hulle te verryk.
  - 👎 Die persoon wat misbruik word, is soos 'n robot.
    - Hy doen wat ander vir hom beveel om te doen vir die bietjie geld wat hy gaan kry.
    - Die misdadiger hou ongelukkig die meeste van die profyt vir hulleself.

Baie mense vandag bedel egter omdat hulle te lui is om te werk.

- ☹ Om geen verantwoordelikheid te hê, is hulle keuse en dit is dan waarom hulle nie, bv. 'n werk sal aanvaar as iemand dit vir hulle aanbied nie.

In die gedig het ons te doen met 'n **universele probleem**.

- 👎 Die uitbuiting van weerloses wat deur misdadigers gedwing word om te bedel en die geld dan vir hulle vat.
- 👎 In die gedig het ons 'n blinde man wat deur 'n tsotsi gedwing word om te bedel.

TEMA

'n Mens is dikwels aan ander se genade oorgelewer.

- ☹ ’n Blinde man word deur ’n tsotsi gedwing om te bedel.
- ☹ Hy vat hom tot by die verkeerslig en dreig om hom nie terug te vat na sy slaapplek toe as hy nie vir hulle geld bedel nie.
- ☹ Hy vat die geld wat die mense vir die ou blinde bedelaar gee.

STEMMING= neerdrukkend

TIPOGRAFIE

Uiterlike bou = agt strofes – vier versreëls elk (kwatryn).
Vaste rymskema: Paarrym

- ❖ Behalwe strofe 6 = kruisrym.
- ❖ Funksie van rymskema: Dit beeld die blinde se daaglikse bedelroetine uit, waaruit hy nie kan ontsnap.

Innerlike bou = Daar is progressie.

- ❖ Die inhoud van die gedig skep vir ons ’n prentjie van hoe die dag vir die bedelaar verloop.
- ❖ Atmosfeer word geskep deur progressie en die sintuiglike waarneming.

TITEL

Gebeure by ’n spesifieke robot/verkeerslig word beskryf (Eerstelaan), alhoewel dit egter ook by ander plekke kan gebeur.
Letterlik = Die blinde man staan by ’n verkeerslig.
Figuurlik = Die man by die robot tree op/reageer soos ’n robot/masjien wat nie beheer oor homself het nie.

- ❖ Hy word deur ander gemanipuleer/hy word gedwing om te bedel.

<u>Strofe 1</u>

1	twee pare voete girts oor die teer

Sinekdogee = Alhoewel die digter praat van “twee pare voete”, besef ons hy praat van twee mense.

- ❖ Twee pare voete = suggereer daar is twee mense.
- ❖ Die tsotsi en blinde bedelaar

Klanknabootsing/onomatopee = “girts” = skuurgeluid

- ❖ Die voete skuifel oor die teerpad.

2	sy arm en nek is so styf en seer
3	sy bene so lam van gister se staan

Die bedelaar se arm en nek is seer van die blikkie se geskud.

- ❖ Sy bene is lam/moeg van die vorige dag/gister se staan en nou weer vandag.

Alliterasie = herhaling van “s”-klank.

4	ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

ingehaak = Daar is ’n persoon wat die bedelaar lei (die ander paar voete).

- ❖ Aanduiding dat hy blind is.

gedwee (submissive) = Hy loop gewillig/hy gehoorsaam die persoon wat hom lei.

Assonansie = “aa”-klank

Die persoon wat die bedelaar lei (tsotsi) het geen genade nie.

- ❖ Dit pla hom niks dat die blinde persoon se lyf moeg en seer is nie.

Strofe 2

5	motors se bande knars tot stilstand

Die robot word rooi en motors stop = kom tot stilstand.

Klanknabootsing/onomatopee = “knars”

- ❖ Kom vinnig tot stilstand.

6	in die blikkie klingel vyf sent en ’n rand

Klanknabootsing/onomatopee = “klingel”

- ❖ Hy kan hoor hoe die geld in die blikkie val = gehoorsintuig is deurgaans op die voorgrond.
- ❖ Die mense gooi hulle kleingeld wat dalk rondlê in die kar/of beursie binne die bedelaar se blikkie.

Alliterasie = “k”-klank

7	hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan

Die reël suggereer dat hy honger is.

- ❖ Reuksintuig = hy ruik die kos.
- ❖ Die winkel is naby die robot waar hy staan en bedel.

8	hier by die robot waar hy die dag omstaan

Hy bedel die hele dag.

- ❖ Waarskynlik die hele dag sonder kos.

Strofe 3

9	sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
10	toe sy voet dom oor ’n pyp eenkant toe swik

Polisindeton = herhaling van “en”.

- Beklemtoon hoe die ou man rof behandel word/nie sagkens nie.
  - Hy word mishandel.
  - Hy word rondgeruk na waar die tsotsi wil hê hy moet gaan.

Sy voete is dom.

- Hy kan nie sien waar hy moet loop nie.
- Hy skrik want hy swik sy voet toe hy oor ’n pyp struikel.

11	“ons beter geld kry, of ek los jou hier,”

Direkte woorde van die tsotsi.

Die tsotsi dreig die blinde bedelaar.

- Hy dreig die blinde bedelaar dat hy hom net daar gaan los waar hy is as hy nie genoeg geld kry nie.
- Hy gaan hom nie terug vat na sy bekende omgewing nie.

12	sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sis = geluid wat ’n slang maak.

- Suggereer dat die tsotsi skelm en gevaarlik is.

tsotsi = ’n Leeglêer wat misdade pleeg.

- Gewoonlik deel van ’n bende/gevaarlik

Tsotsi se asem ruik na bier.

- Hy gaan waarskynlik die meeste van die geld wat die bedelaar kry, gebruik om nog drank/bier te koop.

<u>Strofe 4</u>

Versreëls 13-16 beskryf die blinde bedelaar se vrees.

13	sy hart klop vinnig soos dié van ’n bang kind

Vergelyking.

- Hy is baie bang omdat die tsotsi hom dreig om hom net daar te los nie.
- Hoe sal hy weer by sy bekende omgewing uitkom as hy nie doen wat die tsotsi hom beveel om te doen nie.

14	hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?

Retoriese vraag = geen antwoord.

Hy sal nie op sy eie sy lêplek/slaapplek vind nie.

- ❖ Dit kan daarop dui dat hy nie ’n huis het nie – net ’n plekkie waar hy slaap = armoede.
- ❖ Lêplek = herinner ons aan ’n slang.

15	die verkeerslig klik en die enjins brul saam

Klanknabootsing/onomatopee = “klik” en “brul”

“klik” = hy hoor die verkeerslig verander.

- ❖ Gehoor (sintuie) van blindes baie fyn.
- ❖ Robot is groen.

“brul” = die motors begin beweeg.

- ❖ Trek met ’n gebrul weg.

16	sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

Sy oë is dof = soos party blindes se oë maar lyk.

Bewend opwaarts = blindes se oë is dikwels so half opwaarts omdat hulle nie kan sien nie maar

- ❖ Die bewend = kan dalk daarna verwys dat sy lippe beweeg en ’n gebedjie prewel (hoop daar sal genoeg geld wees sodat die tsotsi hom weer veilig terugvat na sy lêplek toe = (gelowig/hoopvol)

Die alliterasie van die “w”-klank en assonansie van “aa”-klank beklemtoon die vrees wat hy ervaar.

- ❖ Hy is ver van sy tuiste af en weet nie of hy dit weer sal kan vind nie.

<u>Strofe 5</u>

17	trieng, trieng lui ’n fiets se klokkie

Inversie = omgekeerde woordorde (Die fiets se klokkie lui, trieng, trieng)

- ❖ Begin met die geluid wat ’n fiets se klokkie maak.
  - o Beklemtoon die geluid wat die blinde hoor.

Klanknabootsing/onomatopee = “treing, trieng”

- ❖ Sintuig van hoor – gehoorsintuig.
  - ➢ Hy is afhanklik van sy ander sintuie ook, bv. die reuk van die vis-en-tjips.

18	hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie

Stukkende sokkie = beklemtoon sy armoede.

Alliterasie “s”-klank

19	die verkeerslig klik en bande skuur oor die teer

Klanknabootsing/onomatopee = “klik”
- ❖ Die verkeerslig verander weer = rooi.

Bande skuur = motors kom tot stilstand.
- ❖ Rem vinnig.

20	sy arm en skouer is so styf en so seer

’n Amperse herhaling van versreël 2 (vervang “nek” met “skouer”)
- ❖ Dit lig die blinde se gedurige fisiese pyn en ongemak uit.
  - Hy moet die heeltyd sy arm reguit hou en die blikkie skud vir die mense om geld in te gooi.
- ❖ Alliterasie van ‘s”-klank dra ook by tot die beklemtoning van sy ongemak.

Strofe 6

Kruisrym terwyl al die ander strofes *paarrym* het.

21	’n motorruit tjier af en ver weg dreun ’n bus

Klanknabootsing/onomatopee = “tjier” en “dreun”

Geluide wat hy kan hoor.
- ❖ ’n Motorruit wat oopgemaak word, kan daarop dui dat iemand vir hom geld gee.

22	as die dood hom tog net wil kom haal
23	dan kan hy vir ewig en altyd rus

Hier kry ons die blinde se emosies en gevoel.
- ❖ Hy wens om dood te gaan.
- ❖ Hy kan nie meer hierdie moeilike bestaan verduur nie.
- ❖ Eufemisme = “altyd rus” impliseer hy wil doodgaan.

Versreël 22 = personifikasie

24	die tsotsi skraap sy keel en spoeg ’n straal

Hier kry ons ’n kontras tussen die blinde se broosheid (r.22/23) teenoor die krasheid/ongevoeligheid van die tsotsi (r.24)
- ❖ Die blinde hoor hoe die tsotsi die slym diep agter uit sy keel opsuig en met ’n straal uitspoeg vir almal om te sien.

Strofe 7

25	geld klingel in die blikkie en lê dan stil

Klanknabootsing/onomatopee = “klingel”

Geld word in die blikkie gegooi.
- ❖ Hy kan dit hoor.
- ❖ “stil” = suggestie van daar val nie baie geld in die blikkie nie.

26	die duiwe koer en ’n kindjie jil

Hierdie vrolike geluide wat die bedelaar nou hoor kan dalk daarop dui dat sy gemoedstemming bietjie beter is.
- ❖ Daar het geld ingekom.

Klanknabootsing/onomatopee = “koer” en “jil”

Hierdie versreël beklemtoon die kontras tussen die bedelaar se gevoel in versreël 22/23 teenoor die lewensblyheid van die kind (nog jonk = verkleining) en duiwe wat koer.
- ❖ Verkleining = kindjie = geen bekommernisse in die wêreld nie.

27	“mammie hy’s blind,” piep ’n dogtertjie sag

Direkte woorde van die dogtertjie. (verkleining = sy is nog jonk/klein)

Sy praat sag so amper asof sy nie wil hê die blinde bedelaar moet haar hoor nie.
- ❖ Sy voel jammer vir die blinde bedelaar.
- ❖ dogtertjie = seuntjies wys nie so maklik hulle gevoelens soos dogtertjies nie.

Elisie/klankweglating = hy’s = hy is

28	hy draai sy kop skuins en hy wag

Hy draai sy kop skuins om te luister/hoor of daar nog geld in sy blikkie gaan val.
- ❖ skuins = dalk is hy skaam/hy hoop as hy nederig voorkom, sal hulle meer geld gee.
- ❖ Hy wag = dit is amper asof hy weet die ma gaan vir hom nog geld gee.

<u>Strofe 8</u>

29	“hier is nog tien rand,” sê die vrou
30	“koop vir jou iets om aan te kou”

Direkte woorde van die vrou.
Sy gee hom R10 (sy voel jammer vir hom) en sê hy moet vir hom iets koop om te eet.

Sy weet hy is blind en dit is dalk die rede hoekom sy vir hom **noem/sê** dat sy vir hom R10 gee.

31	die verkeerslig klik en hy hou aan met wag

Die verkeerslig verander weer en die blinde hou nog steeds sy blikkie uit in die hoop vir nog geld.

32	die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag

Die tsotsi pluk aan hom = mishandel hom/hanteer hom rof.

- Hy voel niks vir die blinde bedelaar nie.
- Blinde bedelaar se ongemak/seer lyf word weer eens hier beklemtoon.

Die tsotsi wat lag dui ook op sy ongevoeligheid.

- Suggereer dat die geld nie vir die blinde bedelaar gebruik gaan word nie.
- Tsotsi gaan die geld vir hom vat.

Ironie = Die geld gaan nie vir kos vir die blinde bedelaar gebruik word nie, maar (dalk) vir drank vir die tsotsi.

- Mense soos die blinde bedelaar sal altyd deur ander uitgebuit word (lag) oor die maklike manier waarop hulle die geld kan kry.

POLISINDETON = strofe 3/5/6/7/8

- Dui op die blinde se onskuld.

SINTUIGLIKE WAARNEMING = die blinde neem alles waar met sy sintuie.

- Hy ervaar die wêreld deur wat hy kan hoor, ruik en voel.
- Die leser staan as't ware in die skoene van die bedelaar.
    - Ons kan die omgewing ervaar soos die blinde dit ervaar.

Baie **KLANKNABOOTSING** = dit is hoe die blinde "sien" deur *geluide* (girts, knars, klingel, sis, klik, brul, trieng, skuur, tjier, dreun,koer, jil, piep) en *reuk* (die vis-en-tjips, bierasem) en *voel* (gepluk en geruk, arm en nek styf en seer, bene lam, voet swik, hart klop vinnig-angstig)

- dit plaas die leser binne-in die gebeure – nes die blinde dit ervaar.
    - Die blinde maak sin uit sy donker wêreld deur na klanke en geluide te luister.

PROGRESSIE

Strofe 1 = "twee pare voete girts oor die teer" soos hulle loop.
Strofe 2 = "gebeure by die robot" (staan heeldag sonder 'n pouse/eet dalk ook nie eers nie)
Strofe 3 = die tsotsi se hardhandige "gepluk en geruk" van die blinde.
Strofe 4 = "sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan" oor die dreigement terwyll die verkeer wegbeweeg as die robot groen word.
Strofe 5 = die stadige verkeer ('n fiets) beweeg ook verder terwyl die robot rooi word.
Strofe 6 = iemand gee vir hom geld terwyl hulle by die robot was.
Strofe 7 = iemand gooi geld in sy blikkie.
Strofe 8 = hy kry nog geld omdat hy blind is.

Die tsotsi se gedrag verander vanaf nors na vriendelik en ook in die geld wat in die blikkie klingel.

VRAE

1 Gee die denotatiewe betekenis van die titel van die gedig. (1)

2 Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die titel van die gedig. (1)

3 Hoekom is die woord “robot” so effektief in die titel? (1)

4 Waar het hierdie gebeure presies afgespeel? (1)

5 Gee DRIE bewyse uit strofe 1 dat die bedelaar nie alleen is nie. (3)

6 Hoekom, dink jy, sal die bedelaar se arm en nek styf en seer wees? (1)

7 Waaruit kan jy aflei dat vandag nie die bedelaar se eerste keer is wat hy bedel nie? Haal ’n VERSREËL aan. (1)

8 Wat word deur EEN VERSREËL 4 geïmpliseer? (1)

9 Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan wat aandui dat die bedelaar blind is. (1)

10 Die tsotsi ken geen genade nie/gun die blinde geen rus nie.

Stem jy saam met die stelling? Haal EEN VERSREËL aan om jou antwoord te motiveer. (1)

11 Die bedelaar is blind.

Haal EEN VERSREËL aan om te bewys dat die stelling WAAR is. (1)

12 Haal die WOORD uit strofe 1 aan om te bewys dat die bedelaar die persoon wat hom lei, gehoorsaam volg. (1)

13 Gee ’n voorbeeld van klanknabootsing uit strofe 1. (1)

14 Watter sintuig kom sterk na vore in strofe 1? (1)

15 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit strofe 1 aan wat aandui dat hier meer as een persoon in die prentjie is. (1)

16 Gee ’n voorbeeld van assonansie uit strofe 1. (1)

17 Haal uit strofe 1 ’n versreël aan waaarin alliterasie voorkom. Onderstreep die klanke wat herhaal word. (1)

18 Watter geluid maak die motors se bande wanneer dit tot stilstand kom? (1)

19 Gee TWEE voorbeelde van onomatopee uit strofe 2. (2)

20 Wat kan jy aflei uit die manier waarop die motors tot stilstand kom? (1)

21 Watter TWEE sintuie kom na vore in strofe 2? (2)

22 Die bedelaar bedel ’n halwe dag lank.

Haal ’n gedeelte van ’n versreël uit strofe 2 aan om die stelling as verkeerd te bewys. (1)

23 Waaruit kan jy aflei dat daar geld in die blikkie is? Gee slegs EEN WOORD uit strofe 2. (1)

24 Wat impliseer versreël 7? (1)

25 Noem die plek wat kos in Eerstelaan verkoop. (1)

26 Die blinde man moet heeldag bedel.

Stem jy saam met die stelling? Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDEaan om jou antwoord te motiveer. (1)

27 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Die woord “klingel” in strofe 2 dui aan dat die geld in die blikkie 27.1 (val/stil lê) en dit is ’n voorbeeld van 27.2 (inversie/klanknabootsing). (2)

28 Hoekom, dink jy, moet die bedelaar die hele dag by die robot staan en nie net vir ’n kort rukkie nie? (1)

29 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat aandui dat iemand bedel. (1)

30 By baie plekke kry ons dikwels meer as een bedelaar.

Vir wie sal jy geld gee – die blinde- of fisies gesonde bedelaar? Motiveer jou antwoord. (1)

31 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 31E.

Die herhaling van die voegwoord “en” staan bekend as ...

A onomatopee.
B polisindeton.
C oksimoron.
D inversie. (1)

32 Wat is die funksie van die herhaling van die voegwoord “en” in strofe 3? (1)

33 Gee TWEE WOORDE uit strofe 3 om te beskryf hoe die blinde bedelaar deur die tsotsi behandel word. (2)

34 Waaroor het die bedelaar gestruikel? (1)

35 Hoekom word die bedelaar se voet as “dom” beskryf? (1)

36 Hoe het die bedelaar reageer toe hy oor ’n pyp gestruikel het? (1)

37 Hoe sal jy reageer as jy sien iemand behandel ’n blinde bedelaar hardhandig? (1)

38 Waarom is mense oor die algemeen bang om op te tree wanneer hulle sien hoe ander mishandel word? (1)

39 Watter dreigement het die tsotsi aan die bedelaar gerig? (2)

40 Waaruit kan jy aflei dat die tsotsi ’n slegte persoon is? Gee DRIE feite. (3)

41 Watter bewys is daar dat die tsotsi alkohol gebruik het? (1)

42.1 Bestudeer strofe 3. Wat, dink jy, gaan die tsotsi met die geld doen wat die bedelaar insamel? (1)

42.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 42.1. (1)

43.1 Watter reptiel “sis”? (1)

43.2 Wat word met die woord “sis” geïmpliseer oor die karakter van die tsotsi? (1)

44 Hoe sal jy voel as iemand jou so ruk en pluk? Gee slegs EEN WOORD as antwoord. (1)

45 Haal ’n gedeelte van ’n versreël aan om te bewys dat die tsotsi die bedelaar hardhandig behandel. (1)

46 Wat is die funksie van die aanhalingstekens in versreël 11? (1)

47 Hoekom was die bedelaar bang dat die tsotsi hom by die verkeerslig sou los? (1)

48 Benoem die beeldspraak in versreël 13. (1)

49 Wat word met mekaar vergelyk in versreël 13? (2)

50 Hoe weet jy in strofe 4 dat die bedelaar blind is? Gee TWEE opeenvolgende woorde. (1)

51 Waaruit kan jy aflei dat die bedelaar gelowig is? (1)

52 Wat gebeur elke keer wanneer die bedelaar die “klik” van die verkeerslig hoor? (1)

53 Wat gebeur wanneer die enjins by die robot “brul”? (1)

54 Hoe weet jy dat die ou man/bedelaar waarskynlik nie ’n huis het nie? (1)

55 Haal ’n versreël uit strofe 4 aan waarin alliterasie voorkom. Onderstreep die klanke. (1)

56 Gee TWEE voorbeelde van klanknabootsing uit strofe 4. (2)

57.1 Wat word die vraag in versreël 14 genoem? (1)

57.2 Gee ’n rede vir jou antwoord in VRAAG 57.1. (1)

58 Watter tegniek word gebruik om versreël 17 te beklemtoon? (1)

59 Die bedelaar het motors hoor stop en wegtrek. Watter ander twee vervoermiddels het die bedelaar ook gehoor? (2)

60 Wat is die funksie van die “trieng, trieng” aan die begin van versreël 11? (1)

61 Wat was op die fiets wat die “trieng, trieng” geluid gemaak het? (1)

62 Waaruit kan jy aflei dat die bedelaar nie geld het om klere te koop nie? (1)

63 Waarvan is die “bande skuur” ’n aanduiding? (1)

64 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

In versreël 19 rem die motors (stadig/vinnig). (1)

65 Wat is die funksie van die herhaling van versreël 20? (1)

66 Watter geluid het die motor se ruitgemaak? (1)

67 Kies die KORREKTE antwoord.

Strofe 6 is ’n voorbeeld van ...

A paarrym.
B kruisrym.
C gebroke rym.
D omarmde rym. (1)

68 Watter geluid het die bus gemaak? (1)

69 Watter sintuig kom sterk na vore in strofe 6? (1)

70 Verduidelik hoekom sintuie so ’n belangrike rol in die gedig speel? (2)

71 Voel die blinde bedelaar positief of negatief oor die lewe? Hoekom sê jy so? (1)

72 Hoekom, dink jy, wou die bedelaar nie meer lewe nie? Gee TWEE redes. (2)

73 Wat kan jy aflei uit versreël 22 oor die blinde bedelaar se houding teenoor die lewe? (1)

74 Beskryf die blinde bedelaar se gemoedstoestand in strofe 6 met EEN WOORD. (1)

75 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

In versreël 24 kry ons 'n 75.1 (kontras/ooreenkoms) tussen die 75.2 (gevoeligheid/ongevoeligheid) van die tsotsi en die blinde bedelaar se 75.3 (broosheid/onafhanklikheid). (3)

76 Wat het die tsotsi in strofe 6 gedoen wat swak maniere/ongeskik is? (1)

77 Hoe sal jy die tsotsi se karakter in versreël 24 beskryf? (1)

78 Wat suggereer die woorde "'n motorruit tjier af"? (1)

79 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Versreël 22: "as die dood hom tog net wil kom haal" is 'n voorbeeld van ('n metafoor/personifikasie). (1)

80 Wat word met die woord "klingel" in versreël 25 geïmpliseer? (1)

81 Wat is die verskil tussen die kindjie en die bedelaar se gemoedstoestand? (2)

82 Waaruit kan jy aflei dat die kindjie opgewonde is? Gee slegs EEN WOORD uit strofe 7. (1)

83 Haal 'n versreël uit strofe 7 aan wat in kontras staan met die emosies van die blinde bedelaar. (1)

84 Wat is die funksie van die aanhalingstekens in versreël 27? (1)

85 Hoekom, dink jy, praat die dogtertjie sag met haar ma? (1)

86 Watter tegniek word gebruik om aan te dui dat die dogtertjie nog jonk/klein is? (1)

87 Watter emosie openbaar die dogtertjie teenoor die blinde bedelaar? Gee slegs EEN WOORD. (1)

88 Wat word die stylfiguur in die woord "hy's" genoem? (1)

89 Hoekom draai die die ou man/bedelaar sy kop skuins? (1)

90 Waarvoor wag die bedelaar in versreël 28? (1)

91 Hoe het die blinde bedelaar geweet die dogtertjie gaan vir hom geld gee? (1)

92 Wat het die dogtertjie waargeneem i.v.m. die bedelaar? (1)

93 Hoekom het die tsotsi juis van ’n blinde persoon gebruik gemaak om die bedelwerk te doen? (1)

94 Wat is die funksie van die aanhalingstekens in versreëls 29 en 30? (1)

95 Hoeveel geld het die ma van die dogtertjie vir die bedelaar gegee? (1)

96 Wat moes die bedelaar met die geld doen volgens die vrou? (1)

97 Waaruit kan jy aflei dat die vrou ***ekstra*** geld vir die bedelaar gegee het? Haal slegs EEN WOORD aan. (1)

98 Haal ’n versreël aan om aan te dui dat die spreker simpatiek teenoor die blinde voel? (1)

99 Hoekom het die tsotsi in laaste versreël gelag? (1)

100 Verduidelik die ironie in strofe 8. (2)

101 Uit watter gedrag van die tsotsi moes die vrou besef het dat die geld wat sy gegee het, nie vir die blinde bedelaar was nie? Noem TWEE gedragspatrone. (2)

102 Hoekom het die bedelaar aanhou wag in versreël 31? (1)

103 Wat het die bedelaar geweet gaan met sy geld in die blikkie gebeur? (1)

104 Hoekom het die blinde bedelaar nie geweier om saam met die tsotsi by die robot te staan nie? (1)

105 Dink jy bedelaars moet in ons dorpe/stede toegelaat word? Motiveer jou antwoord. (1)

106 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Tsotsi’s is lede van (die polisie/bendes). (1)

107 Wat moet mense eerder vir bedelaars gee as geld? (1)

108 Aan watter reptiel herinner die woord “lêplek” jou? (Versreël 14) (1)

109 Hoekom was dit vir die bedelaar so belangrik om genoeg geld vir die tsotsi in te samel? (1)

110 Hoekom, dink jy, neem bedelaars toe in ons strate? (1)

111 Hoeveel keer het die motors by die robot tot stilstand gekom? (1)

112 Hoekom sal jy sê dat die gedig oor die tsotsi se gedrag universeel is? (1)

113 Het jy al vir bedelaars geld gegee? Hoekom of hoekom nie? (1)

114 Hoekom, dink jy, is dit belangrik dat ons die gewoonte moet stopsit om vir bedelaars geld te gee? (1)

115 Waar dink jy kan bedelaars hulp kry? (1)

116 Buiten die misbruik van blindes, van wie maak tsotsi's nog gebruik om vir hulle geld in te samel? Noem twee ander soort persone van wie hulle gebruik maak? (2)

117 Hoekom is dit vir tsotsi's so maklik om van gestremdes gebruik te maak om vir hulle te bedel? (1)

MEMORANDUM

1	’n Bedelaar by ’n robot/gebeure by ’n spesifieke robot.	(1)
2	Die persoon by die robot tree op soos ’n robot/hy volg instruksies/is soos ’n robot (masjien) wat deur iemand rondgelei word.	(1)
3	Die man/bedelaar/persoon reageer soos ’n robot/masjien.	(1)
4	By ’n robot in Eerstelaan.	(1)
5	twee pare voete Ingehaak Volg hy gedwee waar hulle gaan	(3)
6	Hy staan met sy arm uitgestrek om sy blikkie te skud.	(1)
7	“sy bene so lam van gister se staan”	(1)
8	Die bedelaar is blind.	(1)
9	“ingehaak”	(1)
10	Ja. “sy arm en nek is so styf en seer”/”sy bene so lam van gister se staan”	(1)
11	“ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan”	(1)
12	“gedwee”	(1)
13	“girts”	(1)
14	gehoorsintuig	(1)
15	“twee pare voete”	(1)
16	“ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan”	(1)
17	“sy arm en nek so styf en seer”	(1)
18	“knars”	(1)
19	“knars” en ‘klingel”	(2)
20	Hulle rem vinnig/kom vinnig tot stilstand	(1)
21	gehoor- en reuksintuig	(2)
22	“waar hy die dag omstaan”	(1)
23	“klingel”	(1)
24	die bedelaar is honger	(1)

25	vis-en-tjipswinkel	(1)
26	Ja. “dag omstaan”	(1)
27.1	val	
27.2	klanknabootsing	(2)
28	om genoeg geld te kry	(1)
29	“blikkie”	(1)
30	Gestremde bedelaar want hulle voel jammer vir hom/moeiliker vir hom om werk te kry.	(1)
31	B (Polisindeton)	(1)
32	Wil beklemtoon hoe rof/hardhandig die blinde man behandel word.	(1)
33	“gepluk” ; “geruk”	(2)
34	’n pyp	(1)
35	Hy kan nie sien waar hy moet loop nie.	(1)
36	Hy skrik.	(1)
37	Ek sal die persoon help/dit net ignoreer/polisie kontak	(1)
38	Mense wil nie betrokke raak by ander se probleme nie/bang hulle gaan seerkry	(1)
39	Hy gaan hom net daar los as hy nie genoeg geld kry nie.	(2)
40	Hy dreig die bedelaar om genoeg geld te kry. Hy ruk en pluk die bedelaar. Laat hom heeldag staan en bedel.	(3)
41	Sy asem ruik na bier.	(1)
42.1	Drank koop	(1)
42.2	Sy asem ruik na bier.	(1)
43.1	slang	(1)
43.2	Hy is gevaarlik.	(1)
44	bang/ontsteld/kwaad/omgekrap/hartseer	(1)
45	“sy arm word gepluk en geruk”	(1)

46	Die tsotsi se direkte woorde.	(1)
47	Hy sou nie weer sy lêplek/slaapplek op sy eie kan vind nie.	(1)
48	Vergelyking	(1)
49	Die hart van die bedelaar klop soos die hart van ’n bang kind.	(2)
50	dowwe oë	(1)
51	hy slaan sy oë bewend opwaarts	(1)
52	Die verkeerslig verander van rooi na groen of groen na rooi.	(1)
53	Hulle maak gereed om weg te trek/te ry.	(1)
54	Hy praat van sy “lêplek” en nie ’n huis nie.(Dit is net ’n slaapplek soos ’n sypaadjie/park/stoep van ’n winkel)	(1)
55	”sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan”	(1)
56	“klik” ; “brul”	(2)
57.1	Retoriese vraag	(1)
57.2	Die vraag word nie beantwoord nie.	(1)
58	inversie	(1)
59	fiets en bus	(2)
60	Wil die geluid wat die blinde man hoor, beklemtoon.	(1)
61	fietsklokkie	(1)
62	Sy sokkie is stukkend.	(1)
63	Die motors kom vinnig tot stilstand.	(1)
64	vinnig	(1)
65	bedelaar	(1)
66	“tjier”	(1)
67	B (kruisrym)	(1)
68	“dreun”	(1)
69	gehoorsintuig	(1)

70 Die bedelaar is blind en sy sintuie is belangrik vir hom. Dit is hoe hy “sien” of weet wat om hom aangaan. (2)

71 Negatief. Hy wens om dood te gaan. (1)

72 Hy is moeg daarvoor om deur ander misbruik/mishandel te word.
Hy wil nie meer so swaarkry nie/so armoedig wees nie/so sukkel sonder geld nie. (2)

73 Hy is negatief. (1)

74 moedeloos/depressief (1)

75.1 kontras
75.2 ongevoeligheid
75.3 broosheid (3)

76 Hy spoeg. (1)

77 Hy is onbeskof/ongeskik. (1)

78 Iemand maak hulle venster oop om geld in die blikkie te gooi. (1)

79 personifikasie (1)

80 Geld wat val in die bedelaar se blikkie/iemand gooi geld in die bedelaar se blikkie. (1)

81 Die kindjie jil = opgewonde terwyl die bedelaar ongelukkig/moedeloos/ depressief is. (1)

82 “jil” (1)

83 “die duiwe koer en ’n kindjie jil” (1)

84 Dit is die direkte woorde van die dogtertjie. (1)

85 Sy wil waarskynlik nie hê die blinde bedelaar moet haar hoor nie. (1)

86 Gebruik van verkleiningsvorm. (1)

87 jammerte (1)

88 Elisie/klanknabootsing (1)

89 Om te hoor of daar geld in sy blikkie val. (1)

90 Vir geld om in sy blikkie te val. (1)
91 Sy het gesê hy is blind. (1)

92 Hy is blind/kan nie sien nie. (1)

93 Hy het geweet mense sal vir hom jammer voel. (1)

94 Die direkte woorde van die vrou (dogtertjie se ma). (1)

95 Tien rand (R10). (1)

96 Kos koop. (1)

97 “nog” (1)

98 “hier is nog tien rand,” sê die vrou (1)

99 Hy is bly oor die geld wat die bedelaar gekry het want hy gaan dit vat (gebruik)/Hy is bly sy bose plan het gewerk. (1)

100 Die geld gaan nie vir kos vir die blinde persoon nie maar vir die tsotsi om waarskynlik drank te koop. (1)

101 Die tsotsi het gelag en die bedelaar gepluk/hardhandig behandel/rof behandel. (2)

102 Hy het gehoop vir nog geld. (1)

103 Die tsotsi gaan dit vir hom vat. (1)

104 Hy was bang vir hom. (1)

105 Nee. Mense moet vir hulle geld werk/hulle koop drank en nie kos met die geld nie.

OF

Ja. Daar is nie werk vir almal in Suid-Afrika nie dus sal mense enige iets vir geld doen. (1)

106 bendes (1)

107 kos/klere (1)

108 slang (1)

109 Hy is bang die tsotsi gaan hom nie weer terugvat na sy lêplek/slaapplek nie. (1)

110 Skaarsste aan werk./Mense te lui om te werk/Mense wil nie verantwoordelikheid aanvaar nie/Dit is ’n maklike manier om geld te verdien/iemand wat opgegee het/niemand wat omgee nie/familie het hom verwerp/armoede (1)

111 twee keer (1)

112 Dit gebeur oral in die wêreld. (1)

113 Ja. Ek kry hulle jammer/Dit is moeiliker vir ’n blinde om werk te kry daarom gee ek aan gestremdes/ek het meer as hulle/ek is geseën.

OF

Nee. Ek koop eerder vir hulle kos/staat moet vir hulle sorg/dit versterk net die gewoonte/Hulle gebruik (misbruik) die geld vir dwelms (gom;bier)/sommige bedelaars is onbeskof en ondankbaar (1)

114 Dit is al hoe die bedelaars sal ophou met die slegte gewoonte. (1)

115 kerke (1)

116 gestremdes en babas (sagte prooi soos skoolkinders) (2)

117 Gestremdes is afhanklik van ander om hulle te help/mense (die gemeenskap/verbygangers) gee makliker aan ’n gestremde as aan ’n jong gesonde bedelaar wat in staat is om werk te soek. (1)

Die nuwe kind - Pieter Strauss

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

“Hector Sobukwe,” hoor ons jou naam,
“’nkoningskind” – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit ‘n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
Maar eenkant, alleen, onder ‘n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen ‘n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier ...

The new child – Pieter Strauss

Our eyes pin you in your tracks:
the new child here in our class.
In our school uniform, with our teacher,
your hair cut according to the rules.

“Hector Sobukwe,” we hear your name,
“a royal child” – even though you’re shy.
Timidly you nod, as if you’re thanking us
and then sit quietly at your desk.

From a Tupperware container, as it should be,
you eat your slices of bread at break.
but aside, alone, under a tree,
you then go and stand and dream.

In the art class your pen becomes a mast,
you hoist picture sails from your ribcage,
you sail over white paper
into the future, still far from here ...

AGTERGROND

Pieter Strauss is 'n Afrikaanse onderwyser by 'n Hoërskool in Bellville. Hy het in graad-8 begin skryf. Sy Afrikaanse onderwyser, die bekende skrywer-digter, George Weideman, het hom aangespoor om te skryf.

Hector

Die nuwe kind in die gedig se **naam** is dieselfde as die seun wat tydens die 1976-skole-opstand deur die polisie doodgeskiet is, Hector Pieterson. Hy was maar 12 jaar oud. Die noem van sy naam, roep die beroemde foto op van die sterwende Hector wat deur 'n skoolmaat weggedra word, terwyl sy suster, Antoinette, langs hulle haar arms paniekbevange voor haar uitstrek.

Hector Pieterson het die simbool geword van die verset teen 'n onregverdige heerskappy. Sy naam is sinoniem met die 1976-opstande in Soweto teen apartheid.

16 Junie 1976 - 'n belangrike datum in ons geskiedenis/Jeugdag.

Sobukwe

Die nuwe seun in die gedig se **van** is dieselfde as die stigter van die *Pan Africanist Congress (PAC),* Robert Mangaliso Sobukwe (1924-1978).

Hy het 'n baie sterk persoonlikheid gehad en het mense gemotiveer om in 'n toekoms te glo en daarna te streef.

- Hy wou apartheid afskaf.

Hy was van 1960-1969 in die tronk en daarna in huisarres tot sy dood in 1978 aan longkanker.

Na 1994 het leerders geleidelik daaraan gewoond geraak dat wit, swart en bruin saam skoolgaan.

- Aan die begin was dit maar moeilik.
- Mense het vooropgestelde idees gehad oor hoe wit kinders was en oor hoe swart/bruin kinders was.
- Bowendien is 'n nuwe kind in die skool altyd vreemd en eenkant tot hy/sy maats gemaak het.
- In die gedig het ons dan te doen met 'n swart seun wat in 'n oorwegende blanke skool is.
    - Hy voel soos 'n buitestaander.

Ek-spreker = alhoewel dit in die meervoudsvorm gebruik word = "ons"

- Gebruik van voornaamwoorde maak die gedig meer persoonlik.

TEMA

Die vooroordele teenoor mense wat van ons verskil.

STEMMING

Vertellend

TIPOGRAFIE

Uiterlike bou = 4 kwatryne (4 versreëls elk).
* Vaste rymskema – paarrym
* Alliterasie en assonansie bind die gedig saam tot ’n eenheid.
* Na elke tweede reël is daar ’n punt – dui op een idee.

Innerlike bou = Daar is progressie.
* Begin by die aankoms van die nuwe kind in die skool en dan word die verloop van sy dae daar en aanpassing by die skool beskryf.

TITEL

Dit gaan oor ’n **nuwe**(hy/sy ken niemand nie)kind by ’n skool.
- Die lidwoord “DIE” in die titel maak die persoon van wie hier gepraat word, iemand spesifiek.
- “kind” dui daarop dat die persoon nog nie ’n volwassene is nie.
- As ons die gedig lees, besef ons dit gaan oor ’n nuwe leerder by die skool = skoolkind.

Strofe 1

1	Ons oë pen jou in jou spore vas:
2	die nuwe kind hier in ons klas.

Metafoor.

Daar is ’n kontras tussen “ons” (die spreker en sy klasmaats) en die “jou” (die nuwe leerder in die skool).
- Die “jou” is die buitestaander – hulle staar na hom.
- Hy staan net daar en kan nie vorentoe beweeg nie as gevolg van die ander leerders se starende blikke.
    - Die spreker en sy maats is nie vriendelik teenoor die nuwe kind nie.

Dubbelpunt aan die einde van die reël = beklemtoon versreël 2.

Alliterasie = Die herhaling van die “k”-klank.

3	In óns skooldrag, langs óns meneer,

Die besitlike voornaamwoord (óns) het ’n aksentteken en word effektief gebruik.
- Dit versterk die idee dat die nuwe kind as ’n buitestaander/indringer beskou word.
- Die “óns” wil nie hulle skool en onderwyser met die nuwe leerder deel nie.

Die kind staan nie uit ten opsigte van sy skooldrag nie.
- Hy dra die skool se skooldrag soos al die ander leerders.

4	jou hare volgens die reëls geskeer.

Hy probeer inpas.

- Sy voorkoms is presies volgens die reëls van die skool. (sy klere en hare is reg.)

Assonansie = Die herhaling van die “ee”-klank.

Die “ons” wil nie die nuwe leerder sommer tot die groep toelaat nie.

- Hulle mag dalk voel dat die “jy” stap daar in met sy hare reg geskeer en soek dus dadelik witvoetjie by die onderwysers.

Paarrym: a a b b

Strofe 2

5	“Hector Sobukwe,” hoor ons jou naam,

Direkte Rede word deur aanhalingstekens aangedui.

Sy **naam** herinner ons aan die geskiedenis van Hector Pieterson en sy **van** aan Robert Sobukwe.

- Die digter maak gebruik van Voorafplasing om die naam te beklemtoon.
- Hy word bekendgestel aan die leerders WAT
  - Aansluit by die volgende reël (versreël 6) = koninklikes word aangekondig as hulle opdaag.
  - Die onderwyser stel die kind voor aan die klas en beklemtoon so sy naam.

Alliterasie = Die herhaling van die “h”-klank.

6	“n koningskind” – al is jy skaam,

Metafoor.

Sy naam en van verteenwoordig belangrike persone in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

- Die idee is dat hy van koninklike herkoms is.
- Koningskind is belangrik.
- Kinders verwag dat hy arrogant sal wees met sulke name maar hy is skaam wat dan in versreëls 7 en 8 verder beklemtoon word.

Alliterasie = Die herhaling van die “k”-klank.

7	Bedees knik jy, asof jy óns bedank
8	en gaan sit dan stil in jou bank.

Versreël 7 = Inversie/omgekeerde woordorde.

- Klem val op *bedees* en *bedank*.

Die leerders besef dat die kind nie arrogant of voor op die wa is nie.

- Hy is skaam en bedees.
- Hy knik vir almal.
- Hy gaan sit stil in sy bank sonder enige geraas of om iets te sê.
    - Nuwe kinders voel maar vreemd aan die begin en alles is vir hulle nog onbekend.

Alliterasie = “b”-klank.
Assonansie = “i”-klank.

Paarrym = c c d d

Strofe 3

9	Uit ’n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
10	eet jy pouses jou snytjies brood.

Versreël 9 = Inversie.

- Beklemtoon hy is soos enige ander kind/pas dus in by die res van die leerders.
- Eet sy toebroodjies uit sy Tupperware-bakkie.

Die leerders hou hom dop.

Pouses = die meervoud dui daarop dat dit meer as een keer gebeur het en nie net daardie eerste dag nie.

Assonansie = “oo”-klank.

11	Maar eenkant, alleen, onder ’n boom
12	gaan staan jy dan en droom.

“maar” = dui op ’n wending.

Ons as leser besef dat die kind soos enige ander kind optree ***maar*** hy hou homself nog eenkant.

- Hy het pouses nog nie maats gemaak nie/hy meng nie met die ander leerders nie.
- Die ander leerders het hom nie gedurende pouses genooi om saam met hulle te sit en eet nie.
    - ❖ Hulle het hom nog nie toegelaat tot die groep nie.

“alleen” word uitgehef = staan tussen twee kommas.

- Beklemtoon die feit dat hy nie deel van die groep is nie/sy eensaamheid.

Onder die boom is hy vasgevang in sy eie wêreld en gedagtes.

Versreëls 11 en 12 is aan mekaar gebind deur enjambement.

Assonansie = “aa”-klank.

Paarrym = e e f f

Strofe 4

Die strofe is ’n metafoor wat sy ontsnappingsroete beskryf.

13	In die kunsklas word jou pen ’n mas,

Inversie /Metafoor / Binnerym = “kunsklas” en “mas (paal)”

Die kunsklas is sy passie/kuns is sy gunstelingvak.

Die pen as selfstandige naamwoord word hier positief aangewend as ’n simbool van die skip se mas, terwyl dit in versreël 1 ’n negatiewe konnotasie het.

- In versreël 1 is dit as ’n werkwoord gebruik waar die leerders die nuwe kind met hulle oë vaspen.
- Nou is die pen ’n magtige “wapen” waarmee hy alles kan doen.

14	hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,

Personifikasie

Sy pen/kwas kan beskryf wat in sy hart (ribbekas) aangaan.

- Deur sy kuns kan hy ontsnap uit die wêreld waar ander hom aanstaar.

Hy teken ’n seilbootjie met ’n mas en seile wat gehys word en dan wegvaar.

- Die seilbootjie is simbolies van vryheid.

15	vaar jy weg oor wit papier
16	die toekoms in, nog ver van hier ...

Met die seilbootjie kan hy in sy verbeelding of in sy gedagtes bevry word van die nuwe skool en sy leerders wat hom so ontuis laat voel.

- In die kunsklas hoef hy nie deel te wees van ’n groep wat hom nie daar wil hê nie.
- Sy kunswerke voer hom weg na ’n ander wêreld (die toekoms in).
- In die kunsklas kan hy teken wat in sy hart is en dan kan hy in sy verbeelding wegvaar en oor die toekoms droom.

Die ellips (...) wil beklemtoon dat dit nog lank gaan neem voor hy gered gaan word.

- Die toekoms is nog ver, maar daar is hoop – dit sal nog gebeur.

- ❖ Gelukkig het hy sy drome wat hom verwyder vanuit hierdie situasie waarin hy hom bevind.
- ❖ Van hier = die situasie waarin hy hom bevind as buitestaander/ indringer.

In die gedig praat die spreker van “jou”.

- Hy praat dus nie direk met die persoon nie maar hy praat **oor** hom.
- Hierdeur beklemtoon hy dat die nuwe leerder nie deel van die groep is nie.

VRAE:

1 Waaruit kan jy aflei dat dit die eerste keer is dat hierdie leerder die skool bywoon? (1)

2 Het die ander leerders hierdie nuwe kind laat welkom voel toe hy by hulle klas ingestap het? Motiveer jou antwoord. (1)

3 Na wie het die “ons” verwys? (1)

4 Wie is die “jou” in die gedig? (1)

5 Haal VIER opeenvolgende woorde aan wat daarop dui dat die nuwe kind nie beweeg het nie. (1)

6 Kan jy met die nuwe kind se gedrag in versreël 1 identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

7 Watter tegniek is gebruik om te beklemtoon dat die nuwe kind ’n indringer was? (1)

8 Wat is die effek van die aksentteken op “óns” in versreël 3? (1)

9 Die nuwe kind het probeer om by die nuwe skool in te pas.

Stem jy saam met die stelling? Verduidelik jou antwoord na aanleiding van strofe 1. Gee TWEE redes. (2)

10 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Versreël 1 is ’n voorbeeld van (personifikasie/’n metafoor). (1)

11.1 Deur wie word die nuwe leerder aan die klas voorgestel? (1)

11.2 In watter klas, dink jy, was die “ons” toe hulle aan die leerder voorgestel is? (1)

12 Wat is die naam van die nuwe leerder? (1)

13.1 Aan wie laat die nuwe kind se **naam** jou dadelik dink? (1)

13.2 Wat is so belangrik aan hierdie persoon in VRAAG 13.1? (1)

14.1 Aan wie laat die nuwe kind se **van** jou dink? (1)

14.2 Wie was die persoon in VRAAG 14.1? (1)

15.1 Wat is jou verwagting van ’n kind wat aan jou voorgestel word as ’n “koningskind”? Verduidelik jou antwoord. (2)

15.2 Wat is ironies omtrent die gedrag van die “koningskind”? (2)

16.1 Haal TWEE APARTE woorde uit strofe 2 aan om die nuwe kind se persoonlikheid te beskryf. (2)

16.2 Gee EEN woord om die gedrag van die “ons” teenoor die “jou” in versreël 1 te beskryf. (1)

17 Die nuwe leerder is sosiaal.

Haal TWEE voorbeelde uit strofe 2 aan om te bewys dat die stelling VERKEERD is. (2)

18 Watter tegniek word gebruik om die nuwe kind se skaamheid te beklemtoon? (1)

19 Haal ’n WOORD uit strofe 2 aan wat dieselfde betekenis as “bedees” het. (1)

20 Haal DRIE opeenvolgende woorde uit strofe 3 aan wat daarop dui dat Hector nie ’n uitsondering is wanneer hy van ’n Tupperware-bakkie gebruik maak nie. (1)

21 Wat eet Hector tydens pouses? (1)

22 Wat word gesuggereer deur die gebruik van die meervoud van “pouses”? (1)

23 Haal TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 3 aan om te wys dat die nuwe kind nie deur die groep aanvaar is nie. (1)

24 Hoe word daar in strofe 3 beklemtoon dat die nuwe kind nie deur die groep aanvaar word nie? (1)

25.1 Wat is die algemene funksie van die woord “Maar” in versreël 11? (1)

25.2 Hoekom word die woord “Maar” in versreël 11 gebruik? (1)

26.1 Versreël 12 staan die nuwe kind en droom.

Waaroor, dink jy, het die nuwe kind gedroom na jy strofe 1 en 2 bestudeer het? (1)

26.2 Bestudeer strofe 4. Waaroor, dink jy, het die seun nou gedroom? (1)

27 Watter vak het die nuwe leerder geniet? (1)

28 Wat het Hector geteken? (1)

29 Waarvan is die seilbootjie ’n simbool? (1)

30 Verduidelik die gebruik van die woord “pen” in die gedig. (2)

31 Verduidelik versreël 14 in jou eie woorde. (1)

32 Waarna verwys “ribbekas” in versreël 14? (1)

33 Waarop dui die ellips? (1)

34 Dink jy Hector was gelukkig in sy nuwe skool? (1)

35 Wat is die funksie van die gebruik van voornaamwoorde in die gedig? (1)

36 Die spreker praat van “jou”.

36.1 Praat die spreker direk met die persoon? Motiveer jou antwoord. (1)

36.2 Hoekom, dink jy, doen die spreker dit? (1)

37 Watter raad sal jy aan nuwe kinders in ’n skool wil gee? (1)

38 Dink jy dat vir Hector ’n probleem was om pouses alleen sy toebroodjies te eet? Motiveer jou antwoord. (1)

39 Dink jy die spreker en sy/haar maats het reg opgetree teenoor die nuwe leerder? Motiveer jou antwoord. (1)

40 Hoe, dink jy, kan die wreedheid teenoor nuwe kinders stopgesit word? (1)

41 Daar is nie ’n vaste rymskema in die gedig nie.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (1)

42 Is daar ’n verband tussen die titel en die inhoud van die gedig? Verduidelik jou antwoord. (2)

43 In watter DRIE ruimtes speel hierdie gedig af? (3)

44 Wat, dink jy, is die rede hoekom kinders na ’n nuwe skool moet verhuis? Gee TWEE redes. (2)

MEMORANDUM

1 Die leerder word beskryf as “die nuwe kind”. (1)

2 Nee. Hulle staar hom aan (hulle praat nie met hom nie) /hulle pen hom met hulle oë vas. (1)

3 die spreker en sy klasmaats (1)

4 Die nuwe kind/leerder/Hector Sobukwe. (1)

5 “in jou spore vas” (1)

6 Nee. Ek sou teruggestaar het/hulle geïgnoreer het. /
Ja. Ek sou ook net daar gestaan het en nie beweeg het nie/ek sou ook nie geweet het hoe om te reageer nie. (1)

7 Die gebruik van die besitlike voornaamwoord “ons”. (1)

8 Dit beklemtoon dat die nuwe leerder nie deel van die groep is nie. (1)

9 Ja. Hy dra die regte skooldrag.
Sy hare is volgens die reëls geskeer. (2)

10 ’n metafoor (1)

11.1 Die meneer (1)

11.2 Registerklas/voogklas (1)

12 Hector Sobukwe (1)

13.1 Hector Pieterson (1)

13.2 Sy naam is sinoniem met die 1976 Soweto-opstande teen apartheid. (1)

14.1 Robert Sobukwe (1)

14.2 Die stigterslid en leier van die PAC. (1)

15.1 ’n Mens verwag dat iemand wat ’n koningskind genoem word, arrogant of verwaand sal wees/baie van homself sal dink maar die seun is skaam en teruggetrokke. (2)

15.2 ’n Mens verwag dat iemand wat ’n koningskind genoem word, arrogant of verwaand sal wees/baie van homself sal dink maar die seun is skaam/bedees/teruggetrokke. (2)

16.1 “skaam” ; “bedees” (2)

16.2 wreed (1)

17 Hy knik net vir die ander leerders.
Hy gaan sit stil in sy bank. (2)

18 Inversie/omgekeerde woordorde/die woord “bedees” is aan die begin van die versreël geplaas. (1)

19 “skaam” (1)

20 “soos dit hoort” (1)

21 sy broodjies ` (1)

22 Die seun het meer as een keer alleen tydens pouse geëet. (1)

23 “eenkant, alleen” (1)

24 Die woord “alleen” staan tussen twee kommas. (1)

25.1 Dui ’n wending aan. (1)

25.2 Om te beklemtoon dat ten spyte daarvan dat hy sy broodjies net soos die ander kinders uit sy tupperware-houer eet, hy nog steeds nie deur die ander leerders aanvaar word nie – hy is alleen. (1)

26.1 Aanvaarding deur sy skoolmaats. (1)

26.2 Om ’n bekende kunstenaar te wees. (1)

27 Kuns (1)

28 ’n Seilbootjie. (1)

29 Vryheid (1)

30 In versreël 1 word dit as werkwoord negatief gebruik om te wys dat kinders staar hom aan, terwyl dit in versreël 13 as ’n selfstandige naamwoord ’n positiewe element bevat. Hier is dit nou die mas van sy bootjie wat hom gaan wegvat uit sy omstandighede. (2)

31 Met sy pen/kwas/kuns kan hy presies sê wat in sy hart aangaan. (1)

32 Hart (1)

33 Sy toekomsdrome/dit gaan nog lank vat voor hy van hierdie omstandighede sal kan ontsnap . (1)

34 Nee. Hy het geen maats nie. (1)

35 Maak dit meer persoonlik/betrek die leser by die gedig. (1)

36.1 Nee. Hy praat oor hom/hy praat in sy gedagtes met hom. (1)

36.2 Hy wil beklemtoon dat die nuwe leerder nie deel van die groep is nie. (1)

37 Om meer moeite te doen om met die ander leerders te praat/te meng. (1)

38 Nee. Hy het sy drome gedroom. (1)

39 Nee. Hulle moes meer moeite gedoen het om die nuwe leerder tuis te laat voel. (1)

40 Boelies moet vasgevat word. (eie antwoord) (1)

41 Nee. Paarrym kom regdeur die gedig voor. (1)

42 Ja. Die titel sê dit gaan oor ’n nuwe kind in die skool en die inhoud van die gedig gaan oor die aanpassing van die nuwe kind in die skool. (2)

43 Klaskamer , speelgrond en kunsklas. (3)

44 Ouers verhuis weens werksverpligtinge na ’n ander dorp.
Kind word geskors en moet nou ’n ander skool soek.
Ouers sterf en die kind moet na ’n ander dorp/plek verhuis, ensovoorts. (2)

Tien haikoes vir die Vredefortkoepel – Hans du Plessis

1 **Meteoriet**

Deur die donker klief
’n klipvuis en klap lewe
uit die aarde uit.

2 Wind

’n Asem jaag oor
yslike nagte en vee
ons winternis weg.

3 Water

Jy maak so silwer
sonder droë woorde sin
wat my skoon verstom.

4 Grond

Vang reën en son in
die bakhand van jou lyf waar
lewe kliphart klop.

5 Boom

Veerlig dwarrel herfs
van kil takke los en broei
nog ’n lente uit.

6 Mens

Toe staan stof uit stof
en oorheers die aarde op
grond van sy bestaan.

7 Wêrelderfenis

En ons koepel skeur
al langs perforasies van
mens-dom middeldeur.

8 Besoedeling

Nou moet dier en duif
hees van die rook en roet vir
byl en treksaag boet.

9 Dankgebed

Heer, ons paaie lê
uitgeteer oor brûe met
water onderdeur.

10 Tien

Vuis van swael en vuur
gaan duskant ons Groot Ekskuus
weer kom asem haal.

Tien haikoes vir die Vredefortkoepel – Hans du Plessis

1 Meteorite

Through darkness flies a
fist of stone and knocks life out
of the earth.

2 Wind

A breath races over
icy nights and sweeps
away our winter.

3 Water

Without a dry word
you make such silver sense
leaving me speechless.

4 Soil

Catch rain and sun in
the hollow of your body
where life’s rhythm beats.

5 Tree

Lightly autumn flutters from
bleak branches to hatch again
yet another spring.

6 Man

Dust from dust appears
overruling the earth
on grounds of being.

7 World heritage

And our dome tears
all along perforations of
man’s humanity.

8 Pollution

Now poor deer and dove
coughing smoke and soot must
pay for axe and chainsaw.

9 Thank you prayer

God, our roads lay
paved out over bridges with
water underneath.

10 Ten

Fist of sulphur and fire
will take a breath this side of
our Day of Pardon.

Agtergrond

Hans du Plessis is bekend vir sy Griekwapsalms. Hy het as onderwyser en dosent gewerk. Hy is nou afgetree en bly in Vredefort op ’n plaas.

Wat is ’n haikoe?

- Dit is ’n rymlose gedig.
- Dit is van Japannese oorsprong.
- Dit bestaan uit DRIE versreëls.
- Elke haikoe het 17 lettergrepe, bv.
  - Versreël 1: 5 lettergrepe:
  - Versreël 2: 7 lettergrepe:
  - Versreël3: 5 lettergrepe:

deur/die/don/ker/klief
’n/klip/vuis/en/klap/le/we
uit/die/aar/de/uit.

- Dit vang ’n spesiale oomblik vas.
- Dit gee die digter se gevoel op daardie oomblik weer.
  - ’n Haikoe wil die leser toelaat om anders as die normale mens na die wêreld te kyk.

Hierdie gedig beskryf die Vredefortkoepel deur 10 haikoes.

- Elke haikoe verteenwoordig ’n episode in die skep en vernietiging van die erfenisgebied.
  - Saam vorm al die haikoes die storielyn van die Vredefortkoepel.

Wat is die Vredefortkoepel?

’n Koepel (dome) is ’n struktuur van rotslae wat van ’n sentrale punt na bo loop.

- Laat val ’n druppel water in ’n plas water. (Kyk wat gebeur).
  - In stadige aksie sal jy opmerk dat daar eers ’n duik in die vloeistof, gevolg deur ’n kroonvormige spatsel (krater) rondom die plek waar die druppel die water getref het, vorm.
  - Dan val die kroon terug en skiet die vloeistof reg in die middel soos ’n suil (obelisk/pillar) in die lug in op. (Google mieliestronk – mooi voorbeeld hiervan)

Die Vredefortkoepel is in Vredefort in die Vrystaat geleë en is een van die grootste impakkraters op Aarde.

2000 miljoen jaar gelede het daar vanuit die ruimte ’n meteoriet (’n groot rots)/’n voorwerp so groot soos Tafelberg gekom en met brute krag in die aarde geploeg wat ons hele planeet geskud het. Die botsing het ’n krater veroorsaak wat ongeveer 400 kilometer in deursnee is en ’n radius het van 190km.

Geoloë het toe die ontdekking gemaak dat die area se klein heuwels en valleie, wat in die vorm van ’n koepel is, toe ontstaan het.

Die gebied is in 2005 deur UNESCO tot ’n Wêrelderfenisgebied verklaar want dit is een van die belangrikste bewyse van die planeet se geologiese geskiedenis. Tans word die water in die koepel deur rioolafval besoedel. Ontwikkelaars wou ’n hotel in die koepel oprig, maar hulle aansoek is afgekeur. Daar is egter nog vele ander sosiale aktiwiteite waardeur mense hierdie kosbare plek skade kan aandoen. Die

gebied bevat indringerplante wat die tuiste van honderd plantspesies is. Daar is ook 70 skoenlapperspesies en 300 soorte voëls. Dit moet bewaar word.

- Gewoonlik brand meteoriete uit voordat hulle die aarde tref, maar soms is hulle so groot dat hulle nie betyds uitbrand nie. Só ’n meteoriet vernietig alle lewe waar dit die aarde tref, maar deur die eeue heen ontstaan daar weer nuwe lewe.

Wat is ’n Wêrelderfenisgebied?

Die begrip “erfenis” is iets waarmee ons almal kan identifiseer. Ek glo baie van julle het al met ooms en tannies gepraat oor julle familiegeskiedenis. Ons stambome en sekere staaltjies is vir ons belangrik en moet dus opgeteken word vir die nageslag.

Regoor die wêreld is daar al reeds byna 800 Wêrelderfenisgebiede in meer as 130 lande.

Die doel is om plekke van besondere belang, kultureel of in die natuur, vir die mensdom te bewaar.

Robbeneiland en die Wieg van die Mensdom (fossielterrein) is maar net twee erfenisgebiede in Suid-Afrika.

Die getal 10 (TIEN)

Daar is religieuse konnotasies aan die gebruik van “tien” in die titel.

- Daar is TIEN Gebooie (Ten Commandments)
- Baie ander belangrike godsdienstige gebeure het op die tiende plaasgevind, bv. Die lam vir slagting van Abraham en Ismail was op die tiende dag van die maand.
- Daar was tien geslagte van die mensdom op die aarde voor die groot vloed gekom het.
- Daar is die tiende van inkomstes wat Christene betaal om hulle geloof in God te wys.
- Die dag van Versoening (Atonement) is ook die tiende dag.

TEMA

Die natuur en die mens se impak op die natuur.

- Ons moet na ons wêrelderfenis kyk en dit beskerm sodat dit vir toekomstige generasies behoue kan bly.

STEMMING

Beheersde (controlled) stemming.

TIPOGRAFIE

Uiterlike bou = verwys na “Wat is ’n haikoe?”

Innerlike bou = Die spreker vertel hoe die Vredefortkoepel ontstaan het. Dit word met die skeppingsverhaal in die Bybel vergelyk = intertekstualiteit.
* Die 6de haikoe (Mens) stem ooreen met die skepping van die mens op die sesde dag. Haikoe 7-9 vertel watter invloed die mens op die skepping het. Haikoe 10 is ŉ voorspelling van wat moontlik sal gebeur nadat die mens nie meer op aarde is nie.

TITEL

Die titel sê vir ons presies waaroor die gedig gaan = Daar gaan 10 Haikoes wees en dit gaan oor die Vredefortkoepel.

Elke haikoe het ook sy eie titel wat vir ons meedeel watter aspek behandel gaan word.

Haikoe 1: Meteoriet

Haikoe 1 vertel van die skepping van die Vredefortkoepel.

- Die haioe kom ooreen met die Skeppingsverhaal: voor die skepping was dit "donker"
- 📖 Die Bybel word as interteks gebruik.

Deur die donker klief ŉ klipvuis en klap lewe uit die aarde uit.	}	*metafoor en personifikasie*

klief = slice (kap/sny)

ŉ Meteoriet vlieg vinnig deur die hemelruim en tref die aarde. In die slag word alle lewe wat daar was, uitgewis.

Meteoriet = ŉ Rots wat deur die hemelruim beweeg en aan die brand slaan as dit die atmosfeer van die aarde bereik.

- Dit het die aarde onverwags getref (in die donker).

Alliterasie = "d" en "kl"-klank = Bind die haikoe tot ŉ eenheid.

- Die "kl"-klank beklemtoon die ontploffing/die slag/die val van die meteoriet op die aarde.
- Klipvuis (rots) = Die rots het die aarde so hard soos die vuis van ŉ klip getref/dit het die aarde soos ŉ reusevuishou getref = Metafoor (rots word met ŉ gebalde vuis vergelyk) en Personifikasie = "klap lewe uit die aarde uit"
- Daarna verdwyn omtrent alle lewe vanaf die aarde.

"klap lewe uit die aarde uit" = woordspeling

- Letterlik (Denotatief) verwys dit na die vernietiging van die aarde.
- Figuurlik (Konnotatief) verwys dit na die begin van nuwe lewe as gevolg van die vernietiging.

Haikoe 2: Wind

Hierdie haikoe verwys na die skepping van dag en nag.

- Dit kan na die tweede dag van die skepping verwys: lig en duisternis.

’n Asem jaag oor	*metafoor en personifikasie*
yslike nagte en vee	
ons winternis weg.	*alliterasie*

Die wind waai vinnig deur die nag en dan smelt die ys van die ystyd en neem die koue winter weg.

- ❖ Na die botsing was daar ’n yskoue wind wat oor die donker aarde gewaai het.

Die wind word vergelyk met ’n asem wat jaag (metafoor en personifikasie).

- ❖ Dink aan hoe jou asem jaag wanneer jy vinnig hardloop.
- Die wind jaag: dit waai vinnig/sterk = is soos ’n stormwind.

Woordspeling: yslike = Konnotatief = baie groot/belangrikheid van die dag toe die meteoriet die aarde getref het / Denotatief = baie koud.

- Dit kan as ’n beskrywende woord gelees word wat sinoniem is met, bv. vreeslike (slegte ervaring)
- Die aarde is “yslik” = dit kan na die Ystydperk verwys wat na die botsing aangebreek het.
  - ❖ Yslike nagte = metafoor
    - Dit verwys na die stof wat die son weggekeer het sodat dit nie net permanent donker was nie, maar ook yskoud.
    - Winter is koud en laat mense troosteloos/moedeloos.hartseer voel en ’n mens verlang na son, warmte en lig.

“vee ons winternis weg” = Lig en duisternis jaag die winter (koue/alleenheid) weg.

Haikoe 3: Water

Hierdie haikoe vertel van die water.

Jy maak so silwer sonder droë woorde sin wat my skoon verstom.	*alliterasie (die klanke laat mens dink aan water wat vloei)*

Die water word as “jy” aangespreek.

Die ys verander in water (vaste stof na vloeistof) en dit maak die land skoon waarna die spreker stomgeslaan is oor die mag van die water want dit omskep ’n onvrugbare landskap in ’n vrugbare oase.

Die kleur van die water in die koepel is silwer = helder/skoon.

- Dit vertel vir ons/die mens wat 2000 miljoen jaar gelede gebeur het.
- Die water vertel ons die dinge sonder om woorde te gebruik, terwyl die spreker woorde moet gebruik om homself uit te druk.
    - ❖ Water het meer betekenis as woorde.
- Die spreker is sprakeloos oor die kennis wat die water deur die miljoene jare deel.

Woordspeling: die water verstom die spreker "skoon"

- Die spreker is sprakeloos/verras **maar**
- Water kan ook skoonmaak.

Water = 'n teken dat daar lewe is.

Haikoe 4: Grond

Hierdie haikoe beskryf die holte in die grond = Vredefortkoepel word direk aangespreek - "jou".

Vang reën en son in	
die bakhand van jou lyf waar	*metafoor*
lewe kliphart klop.	*alliterasie*

bakhand = die holte/gat in die grond wat deur die meteoriet veroorsaak is.

- Die reën wat in die koepel (holte/gat) val met die son wat daarop skyn, gee lewe aan die koepel want die hart van die aarde klop.
    - ❖ Die koepel absorbeer die water en sonlig wat help om lewe in die koepel terug te bring.
        - Om bakhand te staan is amper asof jy bedel/iets ontvang.

die bakhand van jou lyf = metafoor

- Hier word die holte in die grond 'n lyf wat nie net soos 'n bakhand lyk nie, maar die bakhand is.
- Personifikasie = daar word na die holte in die grond verwys as 'n lyf wat soos 'n bakhand lyk.

Woordspeling = kliphart

- Gewoonlik spel ons dit as kliphar**d**, maar hier is dit kliphar**t**.
    - ❖ Met die "t" kry dit die betekenis van 'n hart.
        - Hart gee lewe ; dus letterlik die hart van die plek (koepel) maar terselftertyd is dit ook baie hard (die grond).
        - Die harde rotse/klippe wat die hart van die koepel is, bevat goud wat uit die klipharde grond/rotse gemyn word en so die ekonomie aan die lewe hou.
        - Ons kry hier die eerste teken van lewe na die vernietigende gebeure van haikoe 1.

Haikoe 5: Boom

Boom is ’n teken van lewe.

- Daar is nie net meer wind, water en grond nie, maar die lewe kom/groei nou uit die aarde.
- Die bome is ’n bewys van die seisoene wat weer deur die miljoene jare elke jaar gekom het.

Veerlig dwarrel herfs van kil takke los en broei nog ’n lente uit.	*metafoor*

Die herfsblare dwarrel/val so lig soos ’n veer (metafoor) van die bome se takke af.

- Daar is ’n speelsheid in hierdie haikoe.

kil = is ’n menslike eienskap wat koud/afsydig/sonder warmte/onvriendelik beteken.

- Dit pas goed by die beskrywing van die takke wat hulle blare afgooi/weggooi en ook dat winter op pad is wat dan ook koue beteken.
- kil takke = personifikasie
  - Letterlik is die takke kaal en kry koud.
  - Figuurlik = onvriendelik/kil/afsydig.

broei (hatch) = nuwe lewe.

- Voëls in die bome.
- Lente wat kom na die winter/hernuwing.

Haikoe 6: Mens

In die Bybelse skeppingsverhaal het die Here die mens op die sesde dag geskape.

Toe staan stof uit stof en oorheers die aarde op grond van sy bestaan.	*alliterasie*

Toe = dui aan daar is ’n wending/verandering in die gedig.

Hierdie haikoe beskryf die mens wat geskep is en wat hom/haar die reg toe-eien om oor die aarde te regeer.

- Die mens kom vat oor en is in beheer/Die mens is geskape om na alles om te sien.
- Die koms van die mens wat “stof uit stof” is, soos dit in die Bybel vertel word.

Ons het hier met **ironie** te doen.

- Die mens is uit stof gemaak maar heers oor die grond waarvan hy/sy gemaak is /
  - ❖ So eintlik is die mens die grond en dus dieselfde as grond, maar die mens speel baas.

“stof uit stof” is ook die woorde wat by ’n begrafnis gebruik word.

- Ons het hier dus alreeds ’n verwysing na die voorspelling wat in die laaste haikoe gemaak word.

Haikoe 7: Wêrelderfenis

Die Vredefortkoepel is belangrik – ’n wêrelderfenisterrein.

En ons koepel skeur al langs perforasies van mens-dommiddeldeur. *alliterasie*

ons koepel = dit behoort aan alle mense.

- Hier word daar verwys na die Vredefortkoepel wat ’n wêrelderfenisterrein is, maar die mens is besig om dit te vernietig.

Die koepel het al langs die lyne (perforasies) gekraak/geskeur – letterlik.

- Met die tweespalt het daar ook onderskeid tussen die mensdom gekom.
- Hulle is ook middeldeur gesplit – dalk op grond van ras/kultuur/geslag.

Woordspeling: mens-dom

- Mensdom as een woord = humanity, maar
- Hier word dit met ’n koppelteken geskryf wat daarop dui dat mense dom kan optree.
    - ❖ Ons vernietig ons erfenis.

Haikoe 8: Besoedeling

Besoedeling is die gevolg van die mens se domheid/selfsug.

Nou moet dier en duif hees van die rook en roet vir byl en treksaag boet. } *alliterasie*

Die mens het na miljoene jare in die koepel kom bly en goud begin myn.

- Die aktiwiteite van die mens laat die diere en die voëls ly.
- Met treksaag en byl het die mens die omgewing kom vernietig.

hees = die voëls en diere se kele is seer van al die rook en roet wat hulle moet inasem.

- Die diere ly nou as gevolg van die mens se aktiwiteite.

Haikoe 9: Dankgebed

Haikoe 9 is ’n gebed.

- Die spreker bedank God vir sy Hand oor die mens se lewe.

Heer, ons paaie lê uitgeteer oor brûe met water onderdeur.

Apostroof = God word aangespreek/hier word spesifiek met God gepraat.

uitgeteer = Letterlik (denotatief) verwys dit na paaie wat geteer is.

- Figuurlik (konnotatief) verwys dit na iets wat maer geword het as gevolg van verwaarlosing/siekte.
  - ❖ Mense is geestelik honger en moeg.
  - ❖ "paaie lê uitgeteer" = God het die mens se lewe vir hom maklik gemaak/glad gemaak/gelyk gemaak.

brûe = letterlik = die mens het brûe gebou om makliker oor die weg te kom/oor die gevaarlike riviere te kom.

- Figuurlik = God sorg vir oplossings wanneer daar gevaar dreig.

Die spreker bedank God vir die lewenspaaie, goed of sleg, wat vir die mens wag.

- Die spreker wil vir die leser sê dat wanneer 'n mens terugkyk op die pad wat die mens geloop het, dit nie altyd iets is om op trots te wees nie.
  - ❖ Ons het goeie dinge gedoen, maar ook slegte dinge.
  - ❖ Ontwikkeling het teen 'n prys gekom – ons het die omgewing wat aan ons geskenk is, misbruik om ontwikkeling moontlik te maak.
    - Die gevolg is dat die aarde arm aan inheemse woude, diere en unieke plantegroei is.
    - Ons aarde is uitgeteer.
    - Die mens het vooruitgang gebring ten koste van die omgewing.

Die mens se invloed op die omgewing word beskryf in die teerpaaie en brûe (onnatuurlike dinge) wat deur die mens gebou is.

- Dit kontrasteer met die natuur – die water loop steeds onderdeur.

Dit is water onder die brug = uitdrukking.

- Dis verby – jy kan dit nie verander nie.

Die haikoe impliseer dat die mens se lewenspad soms maklik en gelyk is en soms moet hy deur moeilike tye gaan en oplossings vind.

Haikoe 10: Tien

Die laaste haikoe maak 'n voorspelling oor die mens se toekoms op grond van die mens se optrede.

Vuis van swael en vuur gaan duskant ons Groot Ekskuus weer kom asem haal.	*alliterasie*

swael (sulphur) = liggeel stof wat met 'n blou vlam en 'n sterk reuk brand.

- Dit word gebruik vir vuurhoutjies maar ook vir springstof om bomme te maak.

Vuis = konnotatief = die rots

Die spreker wonder oor wanneer die vuis, die rots, weer op die aarde gaan kom asem haal – weer die aarde gaan tref.

Die “Vuis van swael en vuur” kan as Goddelike ingryping beskou word.

- Ons kan hierin ’n verwysing lees na die Bybelse vernietiging van Sodom en Gomorra.
    - ❖ Hierdie stede is deur vuur en swael vernietig.
    - ❖ Die spreker impliseer dat dit weer kan gebeur, want die mens het gesondig teen die aarde.
    - ❖ Aardverwarming??

duskant = anderkant/nadat

duskant ons Groot Ekskuus – die mens vra om vergifnis maar dit gaan nie help om vergifnis te vra nie.

- Die enigste verskoning wat ons kan gee, is om dood te gaan.
    - ❖ Dan sal ons ophou om die aarde te vernietig.
    - ❖ God se manier om in te gryp.
    - ❖ God sal dan self regeer.

Die gedig volg dus ’n sirkelgang want met die tiende haikoe word die sirkel voltooi.

- Ons is terug by die begin, waar die meteoriet die aarde getref het en alle lewe op daardie plek vernietig het.
- Dit is egter ook die begin van nuwe lewe.
    - ❖ Die spreker sê dat wanneer die mens dood is, sal daar weer nuwe lewe begin.

Woordspeling = asem haal/asemhaal.

- Wanneer dit twee woorde is, word die “haal” ’n werkwoord.
    - ❖ Die vuis van swael en vuur gaan weer die aarde tref om sy “asem” (skoon lug) te kom haal.
    - ❖ Daar word gesuggereer dat iemand of iets ’n tweede asem kry.
    - ❖ Die spreker voorspel dus dat nog ’n ramp die aarde gaan tref om alles te herstel wat die mens die aarde aangedoen het.

Vir interessantheid

Geleerdes beweer dat só ’n botsing nie sommer in die voorsienbare toekoms sal gebeur nie.

Daar is tog ook iets positiefs uit die chaos wat die botsing veroorsaak het.

- Dit het byvoorbeeld ’n deel van Suid-Afrika se ontsaglike minneraalrykdom van diep onder die aarde se maag na boontoe laat opskiet.
    - ❖ Daar is geleerdes wat sê dat as dit nie vir daardie “berg” uit die ruimte was nie, sou daar vandag waarskynlik geen goud aan die Witwatersrand gemyn kon word nie.

BOODSKAP

Ons moet die natuur bewaar/beskerm.

VRAE:

1 Noem 3 kenmerke van ’n haikoe? (3)

2 Wat is die tema van die gedig? (1)

3 Wat is die verband tussen die titel en die inhoud van die gedig? (2)

4 Voltooi: Die gedig is ’n intertekstuele verwysing na die ... (1)

5 Som elke haikoe in ’n kort sin op. (10)

6 Gee ’n voorbeeld van alliterasie uit elkeen van die volgende haikoes.

6.1 Haikoe 1 (1)

6.2 Haikoe 2 (1)

6.3 Haikoe 7 (1)

7 Wat is die funksie van die alliterasie in die gedig? (1)

8 Waarom word die meteoriet as ’n vuis beskryf? (1)

9 Verduidelik die woordspeling in Haikoe 1: “klap lewe uit die aarde uit”. (2)

10 Die klip wat die aarde tref, word met die vuis van ’n mens vergelyk.

Benoem die beeldspraak. (2)

11 Wat is ’n meteoriet? (1)

12 Wat gebeur met lewe wanneer die meteoriet die aarde tref? (1)

13 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Haikoe 2: “asem wat jaag” is ’n voorbeeld van (personifikasie/’n metafoor). (1)

14 Watter afleiding kan van die wind gemaak word uit haikoe2? Noem TWEE dinge. (2)

15.1 Haikoe 2: Wat word letterlik met die woorde “vee ons winternis weg” gesuggereer? (1)

15.2 Wat is die konnotatiewe betekenis van “vee ons winternis weg”? (1)

16 Noem TWEE dinge wat met “yslike nagte” geïmpliseer word? (2)

17 Haikoe 3: “sonder droë woorde sin/wat my skoon verstom”

Hoekom is die spreker so verstom? (2)

18.1 Watter kleur is die water in die koepel? (1)

18.2 Wat besoedel die water op die oomblik? (1)

19 Verduidelik die woordspeling in “skoon verstom”. (2)

20 Watter klank word gebruik om die ruisende water in haikoe 3 na te boots? (1)

21 Watter WOORD verwys na die holte in die grond? (1)

22 Waaruit kan jy aflei dat die koepel die middelpunt van lewe is? Haal EEN WOORD uit Haikoe 4 aan as antwoord. (1)

23.1 Benoem die beeldspraak in die “bakhand van jou lyf”. (2)

23.2 Verduidelik in jou eie woorde hoekom dié reël ’n voorbeeld van personifikasie is. (1)

24 Watter afleiding word gewoonlik gemaak as iemand “bakhand staan”? (1)

25 Haal die WOORD aan wat ’n speelsheid aan haikoe 5 verleen. (1)

26 Gee die WOORD uit haikoe 5 wat op lewe in die bome dui. (1)

27.1 Watter seisoen word deur die woord “kil” voorgestel? (1)

27.2 Gee ’n rede vir jou antwoord in VRAAG 27.1. (1)

28 Verduidelik hoekom die gebruik van die woorde “kil takke” so effektief is in haikoe 5. (1)

29 Haal ’n WOORD uit haikoe 5 aan wat dieselfde betekenis as “val” het. (1)

30 Haal die WOORD aan waarmee die blare wat val, vergelyk word? (1)

31 Watter WOORD in haikoe 6 dui ’n wending aan? (1)

32 Waarna verwys die woorde “stof uit stof”? (1)

33 Verduidelik die ironie wat in haikoe 6 voorkom. (2)

34 Haikoe 6: “oorheers die aarde/op grond van sy bestaan”

Hoe sal jy die mens se karakter beskryf na aanleiding van hierdie reëls? Gee slegs EEN WOORD. (1)

35 Haal die WOORD uit haikoe 6 aan wat sê dat die mens die aarde regeer. (1)

36 In watter haikoe kry ons ’n vooruitwysing na die voorspelling wat in haikoe 10 gemaak word? (1)

37 Waaruit kan ons aflei dat die Vredefortkoepel belangrik is? (1)

38 Haal die WOORD aan wat daarop dui dat die koepel aan alle mense behoort. (1)

39 Hoekom is daar besluit om die Vredefortkoepel as wêrelderfenis te bewaar? (1)

40 Wat is die funksie van die koppelteken in “mens-dom” in haikoe 7? (1)

41 Wat sal jy eendag vir jou kinders as erfenis wil bewaar? (1)

42 Hoekom, dink jy, is dit belangrik om sekere gebiede/plekke vir die nageslagte te bewaar? (1)

43 Wat doen die mens dat hy as “dom” beskryf word? (1)

44 Hoe vernietig die mens die natuur? (1)

45 Watter implemente is deur die mens in haikoe 8 gebruik om die natuur te vernietig? (2)

46 Wat kry in haikoe 8 swaar as gevolg van die besoedeling? (2)

47 Wat is die gevolg van die vuil lug wat deur die diere ingeasem word? (1)

48 Haal TWEE APARTE WOORDE uit haikoe 8 aan wat op besoedeling dui. (2)

49 Gee ’n WOORD uit haikoe 8 wat dieselfde betekenis het as “die prys betaal”. (1)

50 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer, bv. 50E.

In haikoe 9 word God direk aangespreek. Dit is ’n voorbeeld van ...

A inversie.
B apostroof.
C oksimoron.
D polisindeton. (1)

51 Waarvoor het die mens die Here in haikoe 9 bedank? (1)

52.1 Watter “sonde” het die mens volgens die gedig gepleeg? (1)

52.2 Watter karaktertrek van die mens kom na vore as gevolg van die “sonde” in VRAAG 52.1? (1)

53.1 Wat is die letterlike betekenis van “uitgeteer” in haikoe 9? (1)

53.2 Wat is die konnotatiewe betekenis van “uitgeteer”? (1)

54 Stem jy saam dat ontwikkeling teen ’n prys gekom het? Motiveer jou antwoord. (1)

55 Daar is ’n kontras tussen die mens en die natuur in die gedig.

Stem jy saam met die stelling? Verduidelik jou antwoord na aanleiding van haikoe 9. (1)

56 Watter voorspelling word in haikoe 10 gemaak? (1)

57 Buiten besoedeling watter ander teken is daar dat die aarde se bestaan bedreig word? (1)

58 Wat gaan die aarde vernietig volgens haikoe 10? (1)

59 Wie of wat, dink jy, is die “Groot Ekskuus” in haikoe 10? (1)

60 Wat is die enigste ding, volgens Haikoe 10, wat die vernietiging van die aarde kan stop? (1)

61 Verduidelik hoekom haikoe 10 as die voltooiing van die sirkel gesien kan word? (2)

62 Noem TWEE positiewe dinge, volgens die gedig, wat ’n mens in die Vredefortkoepel vind. (2)

63 Noem TWEE negatiewe dinge, volgens die gedig, wat ’n mens in die Vredefortkoepel vind. (2)

64 Verduidelik die betekenis van ‘asem haal” as twee woorde. (1)

65.1 Wat voorspel die laaste haikoe gaan eendag gebeur? (1)

65.2 Die aarde gaan weer vernietig word.

Stem jy saam met die stelling? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

MEMORANDUM

1 Rymlose gedig,
Bestaan uit 3 versreëls en
17 lettergerepe. (3)

2 Die mens se impak op die natuur. (1)

3 Die titel is “10 haikoes vir die Vredefortkoepel” en die inhoud van die gedig beskryf die Vredefortkoepel deur 10 haikoes. (2)

4 skeppingsverhaal in die Bybel. (1)

5 Haikoe 1: Die Vredefortkoepel is gevorm toe ’n meteoriet die aarde getref het. (1)

Haikoe 2: Verwys na die skepping van dag en nag. (1)

Haikoe 3: Vertel van die water – teken van hoop. (1)

Haikoe 4: Die holte in die grond word beskryf. (1)

Haikoe 5: Vertel van die bome wat as ’n teken van lewe beskou word/plantegroei begin weer lewe. (1)

Haikoe 6: Die koms van die mens. (1)

Haikoe 7: Die Vredefortkoepel is ’n wêrelderfenisterrein. (1)

Haikoe 8: Besoedeling deur die mens. (1)

Haikoe 9: ’n Dankgebed/God stap ’n pad met ons almal. (1)

Haikoe 10: ’n Voorspelling oor die mens se toekoms word gemaak. (1)

6.1 “klief/’n klipvuis en klap lewe” (1)

6.2 “ons winternis weg” (1)

6.3 “mens-dom middeldeur” (1)

7 Bind die gedig tot ’n eenheid. (1)

8 Die rots het die aarde so hard soos die vuis van ’n klip getref. (1)

9 Letterlik – Dit verwys na die vernietiging van die aarde
Figuurlik – Dit verwys na die begin van nuwe lewe as gevolg van die vernietiging. (2)

10 Metafoor en personifikasie (2)

11 ’n Rots wat deur die hemelruim beweeg en aan die brand slaan as dit die atmosfeer van die aarde bereik. (1)

12 Alle lewe word vernietig. (1)

13 Personifikasie (1)

14 Wind was baie sterk/stormwind en yskoud. (2)

15.1 Lig en duisternis jaag die winter weg. (1)

15.2 Dit jaag/verdryf die alleenheid/eensaamheid weg. (1)

16 Dit was nie net **baie koud** nie, maar ook **donker**. (2)

17 Die spreker moet woorde gebruik om homself uit te druk, terwyl water ons dinge vertel sonder om woorde te gebruik/ die spreker is sprakeloos oor die kennis wat die water deur miljoene jare deel sonder om woorde te gebruik. (2)

18.1 silwer (1)

18.2 rioolafval (1)

19 Die spreker is verras/sprakeloos en
Water maak ook skoon. (2)

20 “s”-klank/alliterasie van “s”-klank (1)

21 “bakhand” (1)

22 “kliphart” (1)

23.1 Metafoor en personifikasie (2)

23.2 Daar word na die holte van die grond verwys as ’n lyf (menslike eienskap) wat soos ’n bakhand lyk/menslike eienskap word aan die holte van die grond gegee. (1)

24 Die persoon bedel. (1)

25 “dwarrel” (1)

26 “broei” (1)

27.1 winter (1)

27.2 “kil” beteken om afsydig/koud te wees. (1)

28 Die woord “kil” (koud) pas goed by die beskrywing van die takke wat hulle blare afgooi wat aandui dat winter en koue op pad is. (1)

29	“dwarrel”	(1)
30	“veerlig”	(1)
31	“toe”	(1)
32	Verwys na die skepping van die mens/die mens sal weer tot stof terugkeer = doodgaan/sterf.	(1)
33	Die mens is uit stof gemaak/die mens is dieselfde as grond maar heers oor die grond waarvan hy gemaak is.	(2)
34	baasspelerig/oorheersend/arrogant	(1)
35	“oorheers”	(1)
36	Haikoe 6/Mens	(1)
37	Dit is as wêrelderfenisterrein aangewys.	(1)
38	“ons”	(1)
39	Die mens vernietig die plek/ons erfenis.	(1)
40	om daarop te dui dat die mens dom optree.	(1)
41	Eie antwoord	(1)
42	Om dit te onthou – dit is waarvandaan ’n mens kom/wat ’n mens uniek maak	(1)
43	Vernietig die natuur.	(1)
44	deur besoedeling	(1)
45	treksaag en byl	(2)
46	duif en dier	(2)
47	Hulle kele is seer/hees	(1)
48	“rook” ; “roet”	(2)
49	“boet”	(1)
50	B (apostroof)	(1)
51	Vir die goed en sleg in die lewe.	(1)
52.1	Die aarde besoedel/die natuur vernietig	(1)

52.2 Ons is vernielsugtig. (1)

53.1 paaie wat geteer is. (1)

53.2 Die mens is geestelik honger/moeg. (1)

54 Ja. Die natuur word vernietig om mense se behoeftes (gejaag na geld) te bevredig. (1)

55 Ja. Die mens bring onnatuurlike dinge (brûe en teerpaaie) na die natuur. Dit kontrasteer met die natuur – die water wat nog steeds onder deur die brug loop. (2)

56 Die aarde gaan weer vernietig word. (1)

57 Aardverwarming (1)

58 swael en vuur (2)

59 Goddelike ingryping (1)

60 As mense sterf. (1)

61 Ons is terug by die begin waar die meteoriet die aarde vernietig het, maar dit is ook die begin van nuwe lewe want wanneer mens dood is, sal daar weer nuwe lewe begin. (2)

62 dier en duif (2)

63 rook en roet (2)

64 Asem (skoon lug) gaan gehaal word want “haal” word as ’n werkwoord gebruik/iets of iemand gaan ’n tweede asem kry. (1)

65.1 Die aarde gaan weer vernietig word. (1)

65.2 Ja. Aardverwarming is ’n realiteit. Mense wil nie luister nie. (1)